



## ONDERHOUDE AS STIMULASIE TOT GESPREKVOERING BINNE DIE NG KERK-FAMILIE

Hierdie hoofstuk is 'n addendum tot die studie oor die missionêre waarde van die Belhar Belydenis. Die gesprekke wat hier gevoer is, is aanvanklik bedoel om slegs agtergrondinligting te verskaf aan die skrywer, maar dit het uiteindelik so 'n waardevolle kaleidoskoop van gedagtes geword, dat daar besluit is om dit in geheel weer te gee in hierdie addendum.

### 7.1. Die gebruik van die Belhar Belydenis in 'n gesprek oor die missie van die NG Kerk-familie in die Suider-Afrikaanse samelewing

Die missie van die kerk is altyd binne 'n konteks in die wêreld. Daarom kan die waarde, en veral ook die *missionêre* waarde van die Belhar Belydenis, nie objektief, sonder konteks verwoord word nie. Die missionêre waarde van die Belhar Belydenis kom na vore te midde van die ervarings en sentimente van mense wat hul geloof *volgens* hierdie Belydenis bely, asook diegene wat bely dat die Belhar Belydenis *téén* hul geloof in getuig. Hierdie mense se geloofsbelydenisse spruit voort uit spesifieke kontekste, en daarom is die woorde wat hulle bely nie neutrale, ewig geldende dogma-stellings nie. Hierdie belydenisse het bepaalde simboliese en psigologiese waarde. Dit is lewende geloofstaal, wat uit die hart van gelowige mense kom, en nie staties in boeke in steriele biblioteke ontstaan het nie.

Dit het al hoe meer duidelik geword in hierdie navorsing dat die subjektiewe belewenisse van mense oor die Belhar Belydenis gehoor moet word. In die VGKSA is hierdie subjektiewe belewenisse 'n positiewe waardering van die Belhar Belydenis, want die Belydenis is 'n aanvaarde, erkende belydenis van hierdie kerk. Hul evaluering van Belhar is *per se* positief. In die NG Kerk is daar 'n mengsel van positiewe en negatiewe belewenisse van die Belhar Belydenis.

In 'n brief vanaf die Moderamen van die Algemene sinode, waar terugvoer gegee word oor die konsultasieproses wat aan die einde van 2007 in NG Kerk gemeentes gevoer is, word die volgende vermeld:

Ons het gehoor dat baie gemeentes en lidmate dink die huidige drie belydenisskrifte is genoegsaam, én dat hulle nie geneë is om die Belydenis van Belhar as vierde belydenisskrif te aanvaar nie. Daar is ook by lidmate en gemeentes begrip vir die besondere teologiese waarde en sentiment wat die Belydenis van Belhar vir die VGKSA, en vir sommige predikante en lidmate van die NG Kerk, het. Ons oordeel daarom dat enige toekomstige hantering van die Belydenis van Belhar beide standpunte, dié vir en dié teen Belhar, moet respekteer.

(Gerber 2008:1)

Die mense in die NG Kerk het geleentheid gehad om met mekaar, intern, te praat oor die Belhar Belydenis (soos in hierdie konsultasieproses). Die leierskap van die NG Kerk-familie het geleentheid gehad om op verskeie vlakke met mekaar in gesprek te tree (byvoorbeeld by die KGA en die gesprekke by Achterberg en Esselenpark). Die vraag is of daar al genoegsame interkerklike gesprekke plaasgevind het *in* die familie van NG Kerke, en veral tussen mense in die NG Kerk en die VGKSA. Die tipe gesprek waaraan hier gedink word, is 'n gesprek waar die gewone lidmaat, die mense in die gemeentes, die geleentheid het om hul "stories" aan mekaar te vertel. "Stories" van ervarings, belewenisse, hartseer, pyn, vreugde, tranes, opwinding, hoop, geloof en liefde. Lewensverhale van geloof. Belewenisse wat hul gebring het tot 'n punt waar daar 'n belydenis ontstaan het op eie bodem, en tot 'n punt waar hierdie belydenis deur ander negatief beleef is. Op watter ander manier kan daar oor die Belhar Belydenis gepraat word waar beide die standpunte vir en dié teen die Belhar Belydenis op 'n vreedsame, liefdevolle, kerklike manier bespreek kan word as binne die veilige ruimte van die Kerk?

Mens sou kon vra: Wat het 'n interkerklike gesprek tussen lede van die NG Kerk-familie, of tussen die NG Kerk en die VGKSA op grondvlak te make met sending? Beweeg hierdie studie nie buite die missiologie in die rigting van ekumene nie? Die antwoord op hierdie vrae hang ten nouste saam met 'n persoon se definisie van missiologie, sending en die rigting waarheen daar binne hierdie vakgebiede beweeg moet word. Wanneer die missiologieë van Newbigin, Goheen en Bosch bestudeer word, kom 'n ander benadering in die Missiologie na vore.

Goheen (2000) se proefskrif handel oor Newbigin se teologie: "*As the Father Has Sent Me, I Am Sending You*": *J. E. Lesslie Newbigin's Missionary Ecclesiology*. Hy beskryf hierdie teologie as 'n missionêre ekklesiologie. Hier kan mens reeds sien dat Newbigin ekklesiologie en missiologie met mekaar integreer. Die sending van die Kerk is ten nouste verweef met die wese van die Kerk.

Anders gestel, die missie van die Kerk word uitgevoer deur die Kerk se woorde, daede en bestaanswyse. Die missie van die Kerk word uitgevoer in al die aspekte van 'n gemeente se bestaan: die manier hoe die mense in 'n gemeente met mekaar omgaan; hoe hulle met mense buite die gemeente omgaan; wat hulle te sê het oor dinge wat in die wêreld gebeur; hoe hulle optree teenoor alle mense se nood; die manier waarop die kerke saamgestel is; die manier waarop gemeentes en gemeentelêde hedendaagse vraagstukke soos eenheid, versoening en geregtigheid sigbaar maak in hul verhoudings met medegelowiges en alle mense in die samelewing.

In Noord-Amerika het 'n netwerk van kerke ontwikkel wat daarop gerig is om 'n missionêre ontmoeting met die Noord-Amerikaanse kultuur te kweek. Dit staan bekend as die *Gospel in our Culture Network (GOCN)* (Goheen 2002:479-490; sien ook Guder et al 1998). Hierdie beweging is in die lewe geroep deur *kulturele* sowel as *kerklike* veranderinge wat die afgelope tyd plaasgevind het. Die Noord-Amerikaanse *kultuur* verskuif al hoe meer van 'n moderne na 'n post-moderne samelewing. Die *kerk* bevind haarself al hoe meer in 'n minder belangrike posisie in die samelewing. Daarom word die vraag gevra: "What does it mean for a church increasingly on the margins of North American culture to encounter its postmodern culture in a missionary way?" (Goheen 2002:479). Hierdie vraag kan nie net so van toepassing gemaak word op die kerk in die Suid-Afrikaanse samelewing nie, aangesien andersoortige kerklike en kulturele faktore 'n deurslaggewende rol speel in hierdie deel van die wêreld. Die Suid-Afrikaanse kerk kan wel by hierdie netwerk kers opsteek in terme van hul werkswyse. Volgens Goheen (2002:479) is die werk van die GOCN drieledig: kulturele analise, teologiese refleksie en ekklesiologiese (kerklike) gesprekvoering. Toegepas op die Suid-Afrikaanse kerk, beteken dit dat die kerk wat missionêr wil wees, drieledig te werk kan gaan:

- | *Kulturele analise*: Wat is die onderliggende godsdienstige waardesisteme en die kenmerkende eienskappe van die diverse kulturele Suider-Afrikaanse samelewing?
- | *Teologiese refleksie*: Wat is die inhoud van die boodskap (Evangelie) waarvan die kerk geroep word om te getuig in hierdie samelewing?
- | *Ekklesiologiese gesprekvoering*: Watter tipe kerk is nodig om 'n getroue en relevante getuienis van hierdie boodskap (Evangelie) in die Suider-Afrikaanse samelewing te lewer?

Die Belhar Belydenis is baie waardevol as 'n instrument vir gebruik tydens *teologiese refleksie* in bogenoemde werkswyse. Een van die hoofredes hiervoor is dat die Belydenis binne 'n bepaalde tydperk en konteks van die Suid-Afrikaanse samelewing na vore gekom het en daarom bepaalde onderliggende godsdienstige waardesisteme verwoord. Dit maak Belhar ideaal vir teologiese refleksie oor die inhoud van die Evangelie waarvoor getuienis nodig is binne die samelewing. Die Belhar Belydenis is in wese 'n uiteensetting van die Evangelie waarvan die NGSK oortuig was dat hulle geroep word om in die Suider-Afrikaanse samelewing te getuig in 1982. Dit verteenwoordig

dus ten minste één werklike weergawe van die boodskap van die Kerk vir die diverse kulturele Suider-Afrikaanse samelewing.

Ook ten opsigte van ekklesiologiese gesprekvoering is die Belhar Belydenis van groot waarde. Belhar verwoord 'n ekklesiologie waarbinne eenheid, versoening en geregtigheid 'n bepaalde rol speel. Wanneer daar dus gevra word: "Watter tipe kerk is nodig om 'n getroue en relevante getuie van die Evangelie in die Suider-Afrikaanse samelewing te lewer?", bied die Belhar Belydenis reeds 'n antwoord. Dit bied 'n wegspringplek vir verdere bespreking oor die missie van die Kerk, en veral die NG Kerke in Suider-Afrika. Daarom kan Belhar beskou word as 'n instrument in die gesprekvoering oor die missie van die NG Kerk-familie vir hierdie deel van die wêreld.

## **7.2. Kwalitatiewe onderhoude oor die Belhar Belydenis as voorbeeld-gesprekke oor die missie van die NG Kerk-familie in die Suider-Afrikaanse samelewing**

In aansluiting by hierdie benadering (wat hoort by die Liggaam van Christus), is besluit om kwalitatiewe onderhoude te voer met mense wat positiewe kontak met die Belhar Belydenis het of gehad het. Hierdie navorsing is primêr gerig op die NG Kerk, en daarom is die oorgrote meerderheid onderhoude gevoer met mense uit die VGKSA. Ter wille daarvan om ook vir NG Kerk-lidmate voorbeelde te gee van ander mense in die NG Kerk wat Belhar positief waardeer, is vier onderhoude gevoer met mense binne die NG Kerk.

Die aantal onderhoude en die respondente is bepaal deur die tyd wat gedurende 2007 toegeken is vir die voer van onderhoude, asook deur die beskikbaarheid van die respondente gedurende daardie tyd. Die navorser het twee besoeke aan Kaapstad gebring, en alle respondente in die Wes-Kaap is gedurende daardie geleentheid besoek. Die ander respondente bevind hul in Gauteng, waar die navorser permanent werk. Twee onderhoude is met persone gevoer wat verkies om anoniem te bly – hierdie onderhoude word aan die einde geplaas onder Anoniem 1 en Anoniem 2. Uit die aard van die anonimiteit word slegs aangedui in watter kerkverband hierdie persone staan.

Hierdie onderhoude poog nie om volledig te wees nie. Dit wil die gesprek tussen die kerke van die NG familie stimuleer en uitbou. Die doel daarvan is om 'n aantal temas rondom die waarde van die NG Kerk na vore te bring, op 'n manier wat die kerk missionêr bevoordeel. Daarom begin die onderhoude met die vraag na die missionêre waarde van die Belhar Belydenis. Die verloop van elke onderhoud verskil van die ander. Die navorser het nie probeer om dieselfde vrae by elke onderhoud te vra nie – hoewel die breë strekking van die onderhoude oor dieselfde onderwerp gehandel het, naamlik die missionêre waarde van die Belhar Belydenis vir die NG Kerk. Elke respondent het self bepaal hoe die onderhoud verloop, en die vrae wat gestel is deur die navorser,

was daarop gemik om die “storie” van die respondent te verhelder en so duidelik as moontlik te laat oorkom.

Op die gebied van kwalitatiewe navorsing in die sosiale wetenskappe is daar ‘n verskuiwing in benadering vanaf ‘n “soeke na die waarheid”-werkswyse na ‘n benadering waar die sosiale werklikheid waarmee ons te make het, gekonstrueer word. In die boek, *Finding your way in qualitative research*, word hierdie verskuiwing beskryf:

It is thus in *conversation* and in *discourse communities* where the value of research is determined. Previously, prediction of facts (generalisation) dominated the social sciences. Then interpretation of meaning followed and became the fashionable thing to do. In the wake of prediction and interpretation, there was tension between *facts* and *meanings* and *observations* and *interpretations*. According to Kvale (2002:307), however, there has now been a change in direction in the search for what makes good research and the ‘... tension has moved to the relation between meanings and acts, between interpretation and action. When dichotomy between facts and values is abandoned, aesthetics and ethics come into the foreground. When knowledge is no longer the mere reflection of an objective reality, but the construction of a social reality, the beauty and the use value of the constructed knowledge comes into the foreground.’

(Henning, Van Rensburg en Smit 2004:148)

Die vraag in hierdie studie gaan dus nie oor die bepaling van positief-geformuleerde stellings oor die missionêre waarde van die Belhar Belydenis en die beoordeling daarvan nie. Die kwalitatiewe navorsing het ten doel om die *estetiese* (“beauty”) en die *gebruikswaarde* (“use value”) van die NG Kerk-familie se poging om ‘n moderne belydenis in haar midde te verwerk en te waardeer, na vore te bring. Om te luister, sonder veroordeling, en om te hoor, al maak dit seer, is ‘n benadering wat by die Kerk tuishoort. As gelowiges besig is met gesprek oor dit wat vir hulle belangrik is, naamlik belydenis, kan hulle nie die ander dinge wat vir hulle belangrik is, soos respek, liefde en vergifnis vergeet nie. Die gebruikswaarde van hierdie onderhoude is dat dit in NG Kerk gemeentes gelees kan word in prosesse waar gesprek met ander lede van die NG Kerk-familie aangeknoop word. Net so kan dit in gemeentes van ander lede van die NG Kerk-familie gebruik word.

Die kwalitatiewe navorsing in hierdie studie kan vanuit hierdie denke verstaan word. Die werklikheid wat tussen mense bestaan in die NG Kerk-familie, veral ten opsigte van die Belhar Belydenis, word na vore gebring in die stories van mense. In die verhale wat mense se ervarings rondom die opstel van die Belydenis beskryf, in die stories van hoe mense die Evangelie nuut ontdek het deur die Belhar Belydenis, en in die werklike lewenservarings wat die Belhar Belydenis

vir mense kosbaar maak, kom die missionêre waarde van die Belydenis na vore. In hierdie stories word 'n dialoog gestimuleer tussen gelowiges wat mekaar nouliks ken. Deur die gesprek rondom Belhar kan die mense in die NG Kerk-familie mekaar al hoe beter verstaan – tot in so 'n mate dat daar van die Belhar Belydenis as 'n instrument gepraat kan word. Dit is 'n instrument waardeur die Evangelie al hoe meer vastrapplek kan kry in 'n Suid-Afrikaanse samelewing wat gekenmerk word deur diverse kulture. Dit is 'n instrument tot inheemswording vir die NG Kerk-familie in Suid-Afrika, Suider-Afrika, Afrika en selfs verder oor die aardbol.

Dit was nie moontlik om regoor Suid-Afrika 'n verteenwoordigende seleksie van respondente te maak nie. Die onderhoude is nie verteenwoordigend van die volle spektrum van ouderdom, ras, geslag of taal in die NG Kerk-familie nie. Dit is ook nie die bedoeling nie. Die bedoeling is dat hierdie onderhoude 'n verskeidenheid van sienswyses sal reflekteer, asook die dinamiese, kontekstuele aard van die missionêre waarde van die Belhar Belydenis. Die doel daarvan is om 'n kruis-kerklike (en dikwels ook, maar nie altyd nie, 'n kruis-kulturele) gesprek te inisieer en/of te stimuleer rondom die Belhar Belydenis. In die eerste plek kan so 'n gesprek in die familie van NG Kerke gevoer word. In die tweede plek kan so 'n gesprek uitbrei na die ander kerke van gereformeerde tradisie in Suider Afrika. Derdens kan so 'n gesprek verder uitkring na ander kerke in Suid-Afrika, en wêreldwyd.

Onderhoude is gevoer met (a) persone wat lidmate van die VGKSA is, in hulle beroep daaglik met die implikasies van die Belhar Belydenis werk, en daarom die waarde van die Belydenis binne hulle omstandighede kan verwoord (Anoniem 1, Daniël Maluleke, Johan Botha, Nico Koopman, Pieter Grove, ANONIEM 3, Reggie Nel), óf (b) met persone wat lidmate van die NG Kerk is en in gemeentes of posisies staan waar dit bekend is dat die Belhar Belydenis positief waardeur word (Andries Louw, Anoniem 2, Hannes Theron en André Bartlett), óf (c) met persone wat by die opstel van die Belhar Belydenis betrokke was (Jaap Durand, Phil Robinson, Daan Cloete, Anoniem 1).

Hierdie onderhoude mag nie gebruik word om enige respondent te diskrediteer of benadeel nie. Onderhoude is volkome vrywillig en met toestemming van die respondente gevoer. Onderhoude is digitaal opgeneem en daarna getranskribeer. Die transkribering is geredigeer om dit maklik leesbaar te maak, en enkele klein wysigings is aangebring om die betekenis te verhelder. Die geredigeerde dokumente is aan die respondente gestuur vir veranderings voordat dit opgeneem is in die proefskrif.

Hieronder volg die onderhoude volgens datum van onderhoud. Waar meer as een onderhoud op dieselfde dag gevoer is, is dit ook kronologies geplaas. Aan die einde van elke onderhoud word die hoofpunte van die onderhoud ten opsigte van die missionêre waarde kortliks uitgelig. Hierdie punte word in die volgende hoofstuk bespreek.



### 7.3. ONDERHOUD MET ANDRIES LOUW 22 JANUARIE 2007

Ds. Andries N E Louw is sedert 2004 in diens van die Sinodale Getuienisforum vir die Noordelike sinode en die sinode van Oos-Transvaal. Hy werk vanuit die Sinodale Sentrum in Mamelodi, waar hy noue kontak met die leierskap van die VGKSA het. Hy is lidmaat van die NG Kerk en het baie ervaring as predikant in gemeentes (bv. NGSK Vryburg, NG Kerke Sondagsrivier-Suid, Marble Hall, Pretoria-Fearie Glen, Valleisig). Sy werksopdrag is onder meer om kontak te bewerkstellig tussen gemeentes van die NG Kerk en die VGKSA. Vanweë hierdie bemiddelende werk is ds. Louw beskou as 'n baie goeie kandidaat vir 'n onderhoud oor die missionêre waarde van die Belhar Belydenis.

#### ONDERHOUD

JAN: Kom ons gesels oor die Belhar Belydenis.

ANDRIES LOUW: Die Eerste ding om te onthou van Belhar is dat dit 'n standpuntname teen apartheid en apartheidsteologie was. Dit is 'n bepaalde kontekstuele teologie, wat mens in aanmerking moet neem as jy die dokument wil verstaan. 'n Mens moet net daardie konteks goed verreken, want as jy dit nie doen nie, mis jy 'n groot deel van die punt. Ek sê dit ter verdediging van Belhar. Dis maklik om Belhar in retrospeksie te beskou vanuit 'n Demokratiese SA, waar apartheid nie meer 'n wetlike sisteem is wat alles bepaal nie. Die punt is, dat toe Belhar destyds ontstaan het, was dit nie die geval nie.

In 'n sekere sin is dit 'n protes-belydenis, en die krisis waaruit dit voorgekom het, was die feit dat die destydse NGSK en later ook die NGKA (nou die VGKSA) hierdie dokument omhels het, omdat dit vir hulle op 'n manier tot uitdrukking gebring het, die konflik waarin hulle te staan kom, naamlik dat hulle deel is van 'n familie van NG Kerke wat eintlik die apartheidsteologie en die apartheidsbeleid onderskryf het.

Ek kan spesifiek dink aan prof. Thias Kgatla, wat onder andere die stelling gemaak het, (sien sy toespraak by laaste Noordelike sinode oor betekenis van Belhar). Hy noem dit spesifiek dat, toe die apartheid nog in swang was, hulle kinders vir hulle gevra: "Hoe is dit dat ons aan 'n familie van Kerke behoort wat eintlik apartheid ondersteun? Hoe kan dit dan wees? Bots dit nie met die Christelike geloof nie?" Dit is die soort vrae wat hul kinders gevra het. Hy wys daarop dat Belhar hulle in werklikheid gehelp het om te sê: Juis vanuit 'n gereformeerde en 'n Bybels-begronde teologie, is daar ernstige besware in te bring, nie net teen apartheid as instelling nie, maar ook teen apartheidsteologie. Dit is waaraan hulle vasgehou het, waar hulle aan die een kant

gereformeerd en Bybels kon bly, maar aan die ander kant duidelike standpunt teen die apartheidsteologie kon inneem.

JAN: Dit het dus nie net oor 'n proses van protes gegaan nie, maar daar is 'n teologiese begroning binne die omstandighede geformuleer.

ANDRIES LOUW: Ja, dit gaan nie in die eerste plek oor 'n protes teen 'n onmenslike beleid nie - dit ook , maar dit probeer deurdring na die grondslae – die filosofies en teologiese grondslae – van apartheid en 'n apartheidsteologie, en probeer dit beoordeel vanuit 'n Bybelse begroning.

Oor die fyner detail daarvan sou mens meer inligting moet kry. Ek weet dat Attie van Niekerk vanuit die standpunt uitgaan van 'n klem op versoening by Belhar. Dit lewer 'n probleem op wanneer daar te maklik beweeg word van versoening binne die Christelike Kerk na versoening in die gemeenskap. Hy opper die punt: "Kan mens dit so maklik doen? Kan Christus se versoening (wat verseker geld vir die kerk) so probleemloos oorgedra word op die samelewing waar almal nie noodwendig Christene is nie?" Dit is 'n geldige vraag.

Maar daar is ook teenvraag: Indien die meerderheid van die land se bevolking hulself Christene noem, en die vorige regering openlik gesê het hulle wil 'n Christelike regering (met Christelike waardes) wees, dan bly dit steeds 'n probleem dat daardie regering apartheid bedink het en dit toegepas het, en dat die NG Kerk vir 'n lang tyd met sy teologiese uitsprake apartheid begrond het.

Terug by prof. Thias Kgatla. Hy het dit baie mooi gestel dat Belhar 'n geleentheid gebied het vir kerkleiers binne die VGKSA (destyds NGSK) om juis vanuit 'n Bybelse begroning weerstand te bied teen apartheid - nie net op 'n politieke basis nie, maar ook op 'n teologiese basis. Met Belhar kon kerkleiers daarop wys dat die onversoenbaarheid van mense ten grondslag van apartheid gelê het (dus, die wese daarvan bepaal), terwyl die Evangelie juis verkondig dat Christus versoening bring, dat hy Jood en Griek een gemaak het (Ef. 2:11-20). Ek sê dit soms in gemeentes: daar is bloedweinig, indien enige, predikante wat nog nie uit die vorige perikoop – Ef. 2:1-10 - gepreek het nie (wat handel oor verlossing uit genade), maar hoeveel het al uit hierdie perikoop (Ef. 2:11-20) gepreek? Hierdie perikoop spruit eintlik direk voort uit die vorige, naamlik dat Christus dié twee, Jood en nie-Jood, een gemaak het.

Ek het nou verwys na prof. Thias Kgatla en wat dit vir hulle beteken het, as bruin en swart kerkleiers, om vanuit 'n Bybelse begroning weerstand te kon bied teen apartheidsteologie.

As ons nou 'n stappie verder gaan: dit het ook waarde gehad vir Sendelinge of mense wat sendingleraars was (blanke leraars wat vanuit die NG Kerk in die VGKSA/NGSK gewerk het), dat hulle hul met Belhar kon vereenselwig of daarmee saamstem, en dat hulle op dié manier ook kon



sê dat hulle hul vereenselwig met die oortuiging dat apartheid eintlik mense geskei het, terwyl Christus juis gekom het om mense saam te bring in 'n nuwe eenheid. Die probleem is dat baie sendingleraars gevoel het dat hulle lojaal moet bly aan die NG Kerk, veral omdat die NG Kerk hul salarisse betaal het (en daarom wou hulle hul nie met die Belhar Belydenis vereenselwig nie). So, die ou beginsel: wie se brood men eet,... So het 'n geleentheid vir baie verbygegaan.

'n Ander faktor: vir baie mense in die VGKSA, het Belhar so 'n ongelooflike betekenis gehad in dié opsig dat dit hul menswaardigheid bevestig het, teenoor die on-menswaardigheid wat apartheid vir hulle veroorsaak het – mens moet dit ook raaksien. Dit was vir hulle tog 'n manier om te sê: “Ons is tog belangrik in God se oë.” Dit wat hulle aangevoel het as vernedering – hul het tog inderdaad rede gehad om so te voel. Dit gee vir swart en bruin Christene die geleentheid om op hierdie manier hul eie menswaardigheid te bevestig.

Dit word egter onmiddelik 'n probleem wanneer 'n persoon uit die NG Kerk so 'n stelling maak. Dit kan die indruk wek dat jy eintlik sê: “Goed, ek kan verstaan dat dit vir die ‘gekleurdes’ belangrik is om aan Belhar vas te hou, maar vir my spreek dit nie eintlik aan nie. Omdat hulle 'n behoefte het aan die bevestiging van hul menswaardigheid help dit hulle daarmee.” Maar dit vermy dan die kwessie van die waarheidsgehalte van Belhar, en dit vermy die kwessie dat die NG Kerk deur Belhar voor 'n keuse geplaas word om radikaal afstand te doen van 'n apartheidsteologie – of om op 'n manier nog daaraan vas te hou – en dit is 'n keuse waarvan die NG Kerk nie hou nie.

JAN: En het die NG Kerk al daardie keuse gemaak?

ANDRIES LOUW: Ek dink nie die NG Kerk as geheel het al daardie keuse gemaak nie. Amptelik het die NG Kerk dit gedoen, deur die besluite wat sê dat die Algemene sinode die basiese beginsels van Belhar aanvaar, naamlik versoening, geregtigheid en God se mededoë met die armes. Die Algemene sinode het gesê: “Ons onderskryf dit in wese – ons verskil nie regtig oor die sake wat daar aangerak word nie,” maar die indruk word dan steeds gelaat dat mens oor die formulering sou kon verskil. Dan bly dit steeds 'n vraag: As ons dan eintlik daarmee identifiseer, hoekom kan ons Belhar nie maar onderskryf nie?

JAN: Dit is nogal 'n belangrike vraag. Daar word gesê: “Ons het nie 'n probleem met die inhoud nie, maar wel met die formulering.” Hoe kom mens by die inhoud uit anders as deur die formulering daarvan? Of gaan dit oor konsepte waarmee ons nie 'n probleem het nie?

ANDRIES LOUW: Ek dink die feit dat ons uit 'n apartheidsverlede kom... Die besluite van die Algemene sinode het uitgespel dat die meeste van die besware teen Belhar gaan oor die simboliese waarde daarvan, daar is so drie terme wat gebruik word. As jy dit regtig mooi gaan ontleed, dan bly dit nog steeds 'n raaisel – behalwe as jy op die ou end maar eintlik moet erken –

en dit is die moeilike ding om te erken – dat dit vir ons baie moeilik is om ons apartheidsverlede eerlik in die oë te kyk en te sê: “Dit kan nie verantwoord word nie, en ons moet volledig daarvan afstand doen.” Ek dink dit is die dilemma waarvoor Belhar die NG Kerk stel.

Natuurlik, in die nuwe konteks waarin ons leef, is daar verskeie aspekte in verband met die politieke bedeling – soos regstellende aksie, die hoë misdaad en die hele kwessie van naamsveranderings van dorpe – wat vir blankes spesifiek laat voel dat hulle gemarginaliseer word en dat die Afrikaanse of Afrikaner-kultuur nou onderploeg word deur ‘n swart meerderheid. Nou maak dit dat ons weereens teruggedruk word in ‘n “mode” waar ons moet laer trek en bymekaarstaan, want as ons nie saamstaan nie gaan ons belange in die grond vertrap word. Ons moet toegee dat dit ook nie noodwendig ‘n onrealistiese vrees is nie. Hierdie dinge maak dit vir mense emosioneel moeilik om terug te gaan en ‘n harde oordeel oor hul eie apartheidsverlede uit te spreek.

In terme van kronologiese gang is hierdie dinge natuurlik onlogies, want apartheid het bestaan lank voordat daar marginalisering van witmense was. As jy nou vanuit ‘n situasie kyk wat deur witmense ervaar word as marginalisering, en jy vra nou vir hulle om terug te gaan na Belhar, wat ‘n protes teen apartheid was, dan is dit asof hierdie goed die lyne kruis – mense slaag nie emosioneel daarin nie. Mense sê byvoorbeeld: “Dit is nie op die oomblik meer ter sake nie – ons is al deur apartheid, ons ondersteun dit lankal nie meer nie. Ons het met die proses saamgegaan om daarvan ontslae te raak, maar dit wat nou gebeur is ook nie wat ons in gedagte gehad het nie.” Vanuit daardie hoek is dit ook verstaanbaar dat mense ‘n weerstand teen Belhar het. Mense sê: “Nóú moet ek teen apartheid protesteer, nóú moet ek Belhar onderskryf en onderteken, terwyl die situasie nóú eintlik is dat daar ‘n nuwe vorm van omgekeerde diskriminasie teen witmense is.”

Die teen-argument kan wees: daar is tog nou juis in die Belhar Belydenis genoeg materiaal wat ons as witmense kan gebruik om te sê: “Ons mag nie gemarginaliseer word nie en die eenheid wat daar moet wees, moet rekening hou met die verskeidenheid.” Die konnotasie van Belhar maak dit moeilik dat witmense Belhar op daardie manier kan gebruik. Hoewel dit waar sou wees, of waar is, dat witmense vandag Belhar kan gebruik om te protesteer teen verdrukking of marginalisering, dan bly dit steeds emosioneel moeilik, want Belhar is aanvanklik gebruik deur bruin- en swart mense teen witmense.

Die Begeleidende brief stel dit baie mooi dat hierdie belydenis nie verstaan moet word as ‘n belydenis teen “iemand” nie, maar eerder ‘n belydenis ‘voor God’, en dit word ook nie “vanuit die troon van God af” uitgespreek in ‘n veroordelende houding nie, maar eerder “voor die troon van God in alle nederigheid”, in alle ootmoed, om te sê dat die opstellers daarvan bewus is van hul eie gebrokenheid. So, ek dink daar is ‘n ongelooflike mooi gesindheid agter Belhar as jy die woorde gaan lees, maar die profetiese skerpheid daarvan het nietemin witmense so diep getref, dat hulle

nie daardie dinge raaksien nie. Hulle beleef Belhar as 'n uitspraak teen die NG Kerk, dit was 'n klap teen die NG Kerk omdat hy apartheid beoefen het.

Dit is moeilike goed in enige konflik-situasie. Hoe hanteer jy dit? Ten spyte van die mooi woorde wat daar staan, is dit so vertolk dat dit teen die NG Kerk uitgespreek is. Daardie persepsie kry jy nie verander nie. Dit is natuurlik ook 'n vraag, die kerke wat Belhar onderskryf het, waarvan getuig hulle optrede? Ek sê dit nie om daarmee te insinueer dat hulle optrede nie reg is nie, maar dit is ook weer waar dat Belhar gepaard gegaan het met 'n tyd van redelike sterk verset, 'n gees van opstand – ek huiwer om te sê – 'n gees van rewolusie. Daar was tog 'n gees van: die land moet onregeerbaar wees, ensovoorts. Belhar het in daardie tyd ontstaan en 'n rol gespeel. Met ander woorde, jou politieke motiewe en jou politieke aksies en jou geestelik-morele teologiese standpunt-inname (hoewel jy die twee moet onderskei kan jy dit ook nie heeltemal van mekaar skei nie) – al daardie konnotasies – maak dit vir witmense moeilik. Selfs vandag nog is daar witmense wat sal sê dat dit bevrydingsteologie is wat ons in Belhar kry.

Ek dink nie die beskuldiging is korrek geoordeel op dit wat daarin staan nie. Ek dink nie die hele evangelie word vanuit die konsep van bevryding gesien nie. As jy sou sê dat Belhar die enigste belydenis van die kerk sou wees, dan sou mens dalk kon sê dat daar 'n stuk eensydigheid is, maar die punt is dat Belhar tog veronderstel dat die kerk ook die ander belydenisstukke het. Belhar pretendeer ook nie om homself in die plek van die ander belydenisstukke te stel nie. So hy is eintlik toegespits op 'n baie spesifieke situasie: die hele kwessie van sosiale of maatskaplike geregtigheid, en dan eenheid van die kerk, versoening ook in die samelewing, en uiteindelik die kwessie van God se houding teenoor die armes, die minderbevoorregtes. Elke keer wanneer ek Belhar lees, maak dit my ongemaklik, want, ek meen, ons is voorspoedige mense. Maar ek dink dat mense wat in die swart of bruin gemeenskappe woon en ekonomies voorspoedig lewe, ook hierdie ongemak ervaar – as mens dink hoe baie armes daar nog in die land is, hoe baie agterlikheid, teenoor die relatiewe voorspoed wat ander beleef. Hierdie dinge is so relatief. Die vraag is net, hoe reageer mens op hierdie goed? Ek dink dit moet ons net meer vasberade maak om wel 'n verskil te maak. As jy dit nou vanuit 'n Marxistiese of sosialistiese bril lees, dan sien jy nou weer iets anders daarin.

Dit sou waarskynlik moontlik wees om in Belhar 'n paar sosialistiese goed raak te sien. Ek dink dit is bewustelik daar geplaas nie, maar jy sou Belhar so kon aanwend, of so kon gebruik om te sê dat daar materiaal in te vind is, wat aangewend kan word in 'n politieke stryd om weg te kom van die sogenaamde “nieu-liberalisme” se ekonomiese ongeregtighede, en die ANC (wat blyk ook die kapitalisme omhels het, en nie meer omgee vir armes nie). Daar is 'n beweging wat sê dat die enigste manier om hierdie geweldige kloue te oorbrug, sou wees om terug te keer na Sosialisme. Dit sou moontlik wees om Belhar daarvoor te misbruik. Al hierdie moontlikhede van hoe mens goed kan misbruik, is aan die ander kant weer deel van sommige mense se weerstand teen

Belhar. Hulle sê dat dit te maklik is om Belhar weer aan te wend om sake soos die herverdeling van rykdom, nasionalisering, Sosialisme en grondhervorming (wat heeltemal anders kan wees as wat mense vandag hoop) verkeerd te bevorder. Hulle meen dat dit te ongekwalifiseerd voorkeur aan die arme gee, asof enige aksie wat vir die armes gedoen word verkiesliker is as die huidige (private inisiatief en eiendomsbesit) stelsel wat ons het. Ek dink die Belhar Belydenis het 'n bepaalde konteks en situasie-gebondenheid wat mens in aanmerking moet neem, maar dit is nie noodwendig die laaste woord wat oor daardie sake gegee kan word nie. Polities gesien, word die ANC inderdaad vandag uitgedaag of hulle werklik genoeg vir die armes doen. Dit beteken dat Belhar op 'n sekere manier vandag ook relevant is. Die leierskap in Suid-Afrika (ANC) vandag beleef voorspoed en is ekonomies bemagtig, maar die vraag word steeds gevra wat hulle vir die armes beteken.

Onmiddelik is daar dan die vraag: wat is die antwoord? Is Sosialisme die antwoord? Is meer maatskaplike programme vir werkskepping die antwoord? Dit lyk asof die toepassing van die vryemark-beginsel en die teorie dat groter voorspoed vir die land outomaties groter voorspoed vir die armes sal bring, maar die stelling word baie sterk gemaak dat dit klaarblyklik nie gebeur nie, en dat baie mense vandag swakker af is as wat hulle tien jaar gelede was.

Goed, die situasie het verander. Daar is baie onwettige immigrante in die land – baie werksgeleenthede wat deur hulle opgeneem word – so daar is 'n klomp ander faktore wat ook 'n rol speel.

JAN: Wel, dan beteken Suid-Afrika darem iets vir Afrika, al is dit nie soseer vir spesifiek die armes in Suid-Afrika nie?

ANDRIES LOUW: Die vraag is nou verder: is daar ook ander oorsake van armoede benewens ongeregtigheid, of ekonomiese stelsels van ongeregtigheid? Dit is ook 'n geldige vraag. Mens sou ook die vraag aan Belhar kon vra: sê Belhar dat alle armoede en alle ekonomiese ongeregtighede die skuld van ryk mense is? Is ekonomiese ongeregtigheid die enigste oorsaak van armoede? Dit hang nou saam met die vrae oor globalisering – dat die wêreld probeer om verantwoordelikheid vir mekaar te neem (tog soek alle lande ook maar selfsugtig hul eie belange). Byvoorbeeld die verwagting wat Afrika het dat die wêreld hom uit armoede moet uittrek en die reaksie van die wêreld wat nie meer lus is om geld in 'n donker gat in te pomp, terwyl dit nie lyk asof dit enige verskil maak nie.

Wat is die werklike oorsake van armoede? Is dit net ekonomies van aard, of is daar ook ander oorsake wat verband hou met die wêreldbeskouing? Spesifiek die Afrika-godsdienste se wêreldbeskouing. Dit is egter ongemaaklike vrae, polities gelaaide vrae. As jy dit vra kan jy ook

maklik in 'n situasie kom dat mense vir jou sê dat jy die eintlike punt van ongeregtheid probeer ontduik.

JAN: Dit is iets wat ek ook in Botswana en Namibië beleef het, naamlik dat dit wat ons in Suid-Afrika beskou as armoede, eintlik die lewenswyse van daardie mense is. In hul eie oë is hulle nie arm nie. Hul leef in werklikheid op 'n ander manier as die Westerse, kapitalistiese wêreld.

ANDRIES LOUW: Goed, maar mense maak ook die onderskeid van “ekstreme armoede” – mense wat werklik nie weet waar hul kos vandaan gaan kom nie, mense wat nie volhoubare landbou kan beoefen nie, omdat hulle in gemarginaliseerde gebiede is, sonder enige hulpmiddele – hulle kan nie meer trek soos nomade in die ou dae nie. Waar is daar plek vir hulle? Daar is nêrens 'n lewenstog vir hulle nie. Dit bly 'n geldige vraag. Ek dink nie ons kan maklik hierdie knellende vrae oor armoede regtig ontvlug nie. Dit kom staan lewensgroot voor ons en spreek ons gewete aan.

Ek is net nie seker of die alternatief van 'n vorm van Sosialisme die antwoord is nie. Trouens, Sosialisme het wêreldwyd so dramaties en so kolossaal in die vorm van kommunisme in duie gestort, dat geen normale mens by sy regte verstand dit nog kan ondersteun nie. Buitendien was kommunisme nog altyd 'n god-lose, 'n ateïstiese teologie – ons moet dit ook nie vergeet nie. Dit het veel groter onderdrukking en menslike lyding onder mense veroorsaak as enige ander ekonomiese of politieke bestel ooit tevore nog – saam met Nazisme.

JAN: Die probleem is dus dat daar nog nie 'n goeie alternatief gebied word vir die kapitalistiese stelsel nie.

ANDRIES LOUW: Dit is waar. Afrika sit met geweldig baie potensiaal, maar waarom word hierdie potensiaal in terme van riviere en ander bronne nie ontgin nie? Wat is die oorsake wat ontwikkeling terughou? Ons sou dus kon kyk na 'n hele teologie van ontwikkeling.

Dan is daar 'n ander faktor rondom Belhar wat mens behoort aan te spreek en dit is dat Belhar Christene (en die NG Kerk-familie) behoort te kan help om weg te kom van 'n piëtistiese soort spiritualiteit, wat net bekommerd is oor die redding van die siel, en wat die samelewing dan betref, het die geloof geen rol om te speel nie. Belhar sê baie duidelik dat die Christelike geloof ook in die samelewing 'n rol het om te speel. Die kerk se roeping is breër as om net verlossing van die individu, persoonlike heil te verkondig. Maar nou sit mens weereens met 'n balans wat gehandhaaf moet word. Die indruk het in die verlede dikwels by mense in die NG Kerk ontstaan dat daar sommige in die bruin en swart NG Kerke is, wat hul hele bediening so sterk deur Belhar laat kleur, dat die persoonlike verlossing eintlik nie meer belangrik is nie, en dat persoonlike geloof, geloofsekerheid en bekering nie meer 'n rol hoef te speel nie. Dit is 'n geldige beswaar en vrees. Dus, wat my persoonlik betref, neem ek 'n middel-posisie in: ek dink Belhar kan ons regtig help

om weg te kom van 'n oor-geestelike spiritualisering van geloof, wat reken dat daar klaar gepraat is oor die geloof as jy die Here Jesus aangeneem het en as jy verder net 'n heilige lewe lei - verder het die kerk nie 'n rol te speel nie. Ek dink dit is gewoon 'n reduksie van die Evangelie, en dat die Evangelie van sy krag ontnem word om in die samelewing 'n invloed te hê. Maar ek dink daar is ook die teenoorgestelde gevaar: dat 'n mens so op die sosiale implikasies van die Evangelie kan fokus, dat jy nie erns maak met die individuele oproep tot heiligmaking en tot 'n geloofsbeslissing nie. Met ander woorde, vir sommige mense word dit dan 'n politieke evangelie. Ek dink dit word in die NG Kerk-familie die beste geïllustreer deur die spiritualiteit van die Reformed Church in Africa, en dan die situasie van die swart en bruin gemeentes binne die VGKSA. Vir die swart en bruin gemeentes is die belangrikste kwessies ekonomiese geregtigheid en aanvaarding (versoening) – dat hulle as volwaardige mense aanvaar moet word deur die witmense en deur wit Christene en deur die wit kerk. Hulle sê: “Wat is die probleem? Hoekom kan ons nie een wees nie?” Aan die ander kant is die mense in die RCA se beleving van hul persoonlike bekering, en die geweldige implikasies wat dit vir hulle gehad het – meestal vanuit die Hindoeïsme – en hulle is ook ekonomies nie so erg benadeel nie. Hulle is tradisioneel in 'n beter posisie as die swart- en bruinmense. So, vir hulle is die groot bedreiging dat Belhar die voertuig kan word vir 'n soort-van politieke evangelie, terwyl hulle sê dat hul grootste behoefte is om uit die afgodsdienste van die Hindoeïsme uit te kom, en ook uit die geesteswêreld wat daarmee gepaard gaan. Hulle wil uiteindelik as Christene geestelik vry wees. So, hulle het 'n baie meer “gees”-telike benadering. Êrens is die uitdaging vir die NG Kerk-familie om 'n balans tussen hierdie goed te vind. Ek weet nie hoe ons dit gaan regkry nie!!

JAN: As ons praat van die aanvaarding van die Belhar Belydenis in die NG Kerk, dan sien mense dat Belhar op dieselfde vlak gaan wees as die Drie Formuliere van Eenheid. Sou dit moontlik wees dat dit nie noodwendig die geval is nie? Sou mens byvoorbeeld van twee groepe belydenisse kan praat, naamlik belydenisse uit die reformasie en meer kontekstuele of eietydse belydenisse?

ANDRIES LOUW: Die beswaar teen so-iets sal onmiddelik na vore kom, naamlik deur te sê dat alle belydenisse kontekstueel is. Die belydenisse uit die reformasie het ook binne 'n bepaalde konteks tot stand gekom, naamlik die konteks van die Roomse teologie en Roomse dwalinge in terme van verlossing, en die waarhede van regverdigmaking deur geloof alleen. Om dan 'n onderskeid te maak sal vir die mense in die VGKSA dalk die indruk wek dat jy nou 'n kategorie vir 'n tweedeklas belydenis skep. Dan sê jy die Drie Formuliere van Eenheid is nou eersteklas, dit is ewige waarhede, dit is nie kontekstueel bepaal nie. Ander belydenisse is dan meer kontekstueel bepaal. Die mense in die VGKSA sal natuurlik 'n probleem daarmee hê. Hulle sal vir jou sê dat, afgesien wat die konteks is, is Belhar vir ons 'n geestelike waarheid wat uitstaan bo alle tye – dit staan nie net vir die tyd van apartheid waarin dit tot stand gekom het nie. So, jy gaan definitief besware kry teen so 'n moontlike klassifikasie van verskillende tipes belydenisse.



JAN: Om dan sensitief te wees vir hierdie verstaan van 'n kategorisering, sal mens dan eerder praat van “belydenisse uit die tyd van die reformasie” en “eietydse belydenisse”?

ANDRIES LOUW: Ja, of “meer moderne belydenisse”, soos die Barmen Verklaring.

JAN: As ons op daardie pad begin loop, dan is daar eintlik 'n aantal ander geskifte en belydenisse wat ook op so 'n manier binne 'n bepaalde groep van belydenisse gesien kan word, byvoorbeeld die Akkra Verklaring en die Laudium Verklaring.

ANDRIES LOUW: Ek dink daar kan 'n saak daarvoor uitgemaak word, maar ek weet nie so mooi of dit algemene aanvaarding sal vind nie – trouens, ek is redelik seker daarvan dat so 'n indeling uit sekere kringe ernstige teenstand sal kry.

JAN: Wat nie vergeet moet word nie, is die volgende geslag. Ek self het nie die emosionele lading gedurende die totstandkoming van die Belhar Belydenis beleef nie. Ek lees daarvan en ek weet daarvan, maar ek beleef dit nie so nie.

ANDRIES LOUW: Ek het die emosionele ervaring wat die destydse NG Sendingkerk gehad het van apartheid, absoluut van naby beleef toe ek my eerste sinode bygewoon het in 1974. Daar was heftige debatte waar die hele kwessie van apartheid en ekonomiese ongeregtheid gedurig opgeduik het. Vir iemand wat uit 'n redelike gede-politiseerde geestelike Christendom kom, was dit vir my 'n redelike sterk ontnugtering aan die een kant, maar aan die ander kant ook 'n verruiming van my uitkyk. Ek moes besef dat ons tipe van nie-politieke Christendom, geestelike, amper 'n soort piëtisme, het baie gemaklik saamgeleef met die “onchristelike” stelsel van apartheid. Die inkonsekwensie daarvan het nooit eens by ons opgekom nie. Eers as jy in so 'n vergadering sit, en jy luister rustig na die toesprake en die emosies, begin jy mettertyd eers verstaan wat apartheid aan mense gedoen het – hoe diep dit hulle seergemaak het, hoe erg dit hulle vervreem het, hoe 'n ongelooflike anomalie dit vir hulle was dat die witmense die evangelie vir hulle gebring het, maar terselfdertyd vir hulle gesê het: “Gaan staan asseblief net ver van ons af. Ons wil eintlik niks met julle te doen hê nie. Solank julle die Evangelie glo is dit reg, maar die eenheid waarvan die Bybel praat, en die broederskap waarvan die Bybel praat, dit wil ons nie met julle hê nie.” Jy moet dit op 'n manier saam met gekleurde Christene ervaar om regtig te verstaan hoe diep daardie wonde is. Dit is moeilik om dit vir NG Kerk-mense te verduidelik. Dit is moeilik om dit vir die jong geslag te verduidelik. Soos ek netnou gesê het, wanneer witmense nou weer voel dat hulle gemarginaliseer word, stel hulle in elk geval nie belang in die ou goed nie. Hulle vra: “Maar wat van nou?” Hierdie dinge is baie kompleks.

Mens moet nou in gedagte hou dat daar met die nuutste herenigings-inisiatiewe nou 'n beweging is wat sê dat Belhar in 'n sekere sin as 'n struikelblok ervaar is. Die besluite van die Algemene sinode van die NG Kerk in 2004 het gepleit vir 'n posisie in die middel êrens, waar nie noodwendig Belhar onderskryf moes word voor eenheid moontlik is nie. Die sinode het gevra of daar nie 'n manier is om eenheid te bereik sonder dat hierdie onderskrywing as 'n absolute vereiste gesel word nie. Met die Esselenpark vergadering en daarna ook met die Agterberg vergadering is daar op 'n manier nader beweeg aan 'n konsensus waar Belhar wel deel van 'n nuwe kerk se belydenis sal vorm, maar dat dit nie as 'n absolute vereiste gestel word nie.

Nou lyk dit vir my daar is na twee kante toe 'n probleem. Aan die een kant word gesê dat Belhar nie meer 'n absolute vereiste is nie, maar aan die ander kant sê jy tog dit gaan een van die gemeenskaplike belydenis van die nuwe kerk wees. So, in die verenigde nuwe kerk wat dan deur eenwording gevorm word, gaan jy nie daarvan wegkom dat Belhar deel van die belydenis is nie. Hoewel ons dus nie nou sê dat Belhar nie 'n absolute vereistes is nie, kan dit in die toekoms wel so hanteer word. Veral wanneer mense vanuit hul vrese en hul agtergrond praat, moet jy begrip daarvoor hê dat mense sê dat dit eintlik 'n anomalie is. Aan die een kant sê jy Belhar is nie nodig nie en dit is nie 'n vereiste nie, aan die ander kant sê jy dit gaan tog op die ou end deel wees van die nuwe kerk se belydenis. Is jy nie besig met 'n innerlike teëspraak, met 'n kontradiksie nie? Jy gebruik nou eintlik taal as 'n manier om by 'n struikelblok verby te kom.

Dieselfde tipe, of 'n parallelle beswaar kom nou ook van die ander kant af, blykbaar, vanuit sommige geledere van die VGKSA – dit is nog nie in die openbaar gestel nie, maar ek tel dit hier en daar op – waar gesê word: “Watter kerkvergadering van die VGKSA het toestemming gegee dat die streng vereiste van die onderskrywing van Belhar vir kerkvereniging laat val kan word?” Met ander woorde, vanuit die VGKSA word gevra: “Ons sê dat Belhar steeds belangrik bly, maar dit is nie meer 'n vereiste nie – wat sê ons dan eintlik?” Daar word selfs die vraag gevra oor die mandaat wat die Sinodale Kommissie van die Algemene sinode gehad het om daardie meer sagte benadering te volg. Ek dink daar lê vir ons moeilike gesprekke voor.

'n Ander kompliserende faktor wat nou niks met Belhar te doen het nie, is die hele kwessie van die kerkregtelike status van kerkvereniging en, indien 'n bepaalde groep lidmate sê: “Ons gaan nie met vereniging saam nie,” wat is hul posisie dan? Daar was nou by Koppies in die Vrystaat 'n uitspraak in 'n hofsak waar die NG Kerk in Afrika aanspraak gemaak het op die geboue. Hierdie saak is nou ten gunste van die NG Kerk in Afrika beslis. Die beslissing van die regter was in ooreenstemming met ander vroeëre beslissings van howe, ook in die geval destyds van die vereniging van die NG Kerk en die Hervormde Kerk rondom 1880, toe party lidmate van die Hervormde Kerk gesê het dat hulle nie met die kerkvereniging saamgaan nie, en aanspraak gemaak het op die geboue. Presies dieselfde het nou in Koppies gebeur. Die NGKA het gesê: “Daar het 'n klompie van ons lidmate agtergebly en ons verteenwoordig die voortsetting van die

NGKA, en as dit die geval is, beteken dit die geboue behoort aan ons. Dit kan nie oorgaan na die nuwe kerk toe nie.

JAN: Daarvan het ons 'n paar voorbeelde in die Vrystaat.

ANDRIES LOUW: Dit het nou 'n hele skaduwee gewerp oor die hele proses. Dit beteken dat as jy nie 'n 100% stem vir kerkvereniging het nie, kan jy moeilik sien hoe dit kan deurgaang. Dit lê nou nie op die terrein van Belhar nie, maar dit is praktiese Kerkreg.

JAN: As jy jouself kon voorstel dat die NG Kerk die Belhar Belydenis aanvaar as hul belydenis, wat sou dit aan die wêreld kommunikeer?

ANDRIES LOUW: Dit sou belangrike simboliese waarde hê, en dit sal baie help in die herenigingsgesprek. Maar daar is twee opmerkings wat ek onmiddelik sal wil maak aan die negatiewe kant. Eerstens sal dit onvermydelik impliseer dat 'n klomp NG Kerk lidmate sal sê: "Ons onderskryf dit nie. Dit is teen ons wil en ons het sulke sterk gevoelens teen Belhar, dat ons in hierdie geval die kerk sal verlaat en na 'n ander kerk toe sal gaan." Die NG Kerk is bewus daarvan, trouens, 2004 sinode het juis daarom na 'n middelposisie probeer beweeg waar Belhar nie as 'n vereiste gestel word nie. In die vertrekpunt is duidelik gesê dat die kerk nie 'n klomp lidmate wil verloor nie en dat, sover as moontlik, die hele kerk moet saamgaan. As die NG Kerk Belhar gaan aanvaar, gaan klomp lidmate die kerk verlaat – ons weet dit, baie het dit gesê in die gesprekke wat gevoer is, veral op die platteland.

Maar hierdie kerkregtelike situasie maak nou die teendeel waar mense sê: "Gaan julle nou maar aan met Belhar, word deel van 'n nuwe kerk, maar ons bly agter in die ou NG Kerk, soos hy is."

Die ander kant van die saak is: as die NG Kerk Belhar sou aanvaar, gaan daar onmiddelik 'n klomp mense wees wat die vraag gaan vra: Wat is die implikasies nou? Beteken dit dat die NG Kerk se mense regtig nou berou het oor apartheid? Beteken dit dat hulle regtig hulle gesindheid en hul houding teenoor mense van die VGKSA gaan verander? Gaan hulle kontak soek? Gaan hulle nou doelgerig werk aan eenheid, of gaan hulle weer verskonings hê? Jy gaan onmiddelik die vraag kry: Is dit nou net 'n verklaring om die wêreld tevrede te stel, of is dit opreg? Met ander woorde, die opregtheid in terme van bedoelings, en die implikasies in terme van daad, gaan onmiddelik bevraagteken word.

In die posisie waar ek werk, het ek persoonlik 'n baie ernstige vraag, naamlik dat talle en talle NG Gemeentes geen kontak met 'n VGKSA gemeente het nie. Waar ek probeer om gemeentes te oorreed om in vennootskapsverhoudings met VGKSA gemeentes te tree, vind ek 'n oor die algemeen 'n redelike gebrek aan entoesiasme daarvoor. Daar word nou gepraat oor eenheid en

hereniging, maar op grondvlak is daar bitter min NG Kerk gemeentes wat vennootskaplike verhoudings met VGKSA gemeentes daarstel.

JAN: Op die platteland?

ANDRIES LOUW: In die stad is daar nog minder. Op die platteland is daar op 'n manier 'n bietjie kontak. Hulle geografiese omstandighede dwing hulle om mekaar raak te sien en mekaar op 'n manier te ontmoet en te vra hoe hul mekaar se hande kan vat. Maar in die stad is dit baie makliker as jy in een van die voorstedelike woonbuurte woon, om te sê: "Ons het niks uit te waai met Mamelodi nie, en met GaRankuwa, of met Sekukuniland of Rivone daar in Oos-Transvaal het ons nog minder te doen – so dit gaan by ons verby, dit is nie ons arbeidsterrein nie, ons is hier in die stad en ons werk hier." So, dit word baie maklik, juis omdat ons in aparte strukture is, om weg te kruip en te sê: "Ek het my gemeente en dit hou my voltyds besig." Ek het ook begrip daarvoor dat predikante dit sê. Maar beteken dit dan dat ons geen verantwoordelikheid het om verhoudings te bou met swart en bruin Christene nie? Selfs al sou kerk-eenheid nog 'n ruk vat of al sou daar nog struikelblokke wees.

Daarom het ons by die Getuienisforum gesê dat daar 'n behoefte bestaan aan strukture waar gemeentes in 'n vorm van vennootskap met mekaar saamwerk. Daardie goed gebeur nie vanself nie – jy moet baie hard daaraan werk. Jy moet doelgerig uit jou pad uit gaan om dit tot stand te bring en dit in stand te hou. Jy moet uit jou "comfort zone" uitbeweeg met so 'n verhouding. Nou kom die hele kwessie van ekonomiese realiteite weer na vore. Die VGKSA Noordelike sinode bestaan uit 130 gemeentes – dit sluit nou die sinodes van Noord- en Oos-Transvaal van die NG Kerk in. As jy 'n horisontale lyn trek Suid van Pretoria van Oos na Wes, is alles Noord van daardie lyn die sinode van VGKSA Noordelike sinode. Een derde van hierdie 130 gemeentes (ongeveer 40) het geen predikante nie. Die res wat oorbly, het ongeveer net die helfte van die gemeentes voltydse predikante – waarvan seker nie een op skaal vergoed word nie. Die ander helfte van die gemeentes het tentmaker-predikante – hulle staan in ander beroepe om 'n bepaalde lewensstandaard te handhaaf – hulle moet om te oorleef. Dan besef mens die bedieningsnood en die finansiële nood van 'n kerk soos die VGKSA – hoe gaan hy oorleef? Nou kan jy seker sê dat baie van hierdie gemeentes in die verlede te veel afhanklik was van subsidies van die NG Kerk, en die afgelope 2-3 dekades het talle NG Gemeentes hul subsidies van VGKSA gemeentes onttrek. Daar is geen wetlike verpligting op 'n gemeente om dit te gee nie – dit is 'n ander kerk! Die sending van die verlede het veronderstel dat daar so 'n verhouding is: ons is die moederkerk en hulle is ons dogterkerk en ons moet hulle help.

Dit is belangrik om te sê dat baie van die weerstand van die NG Kerk gaan nie soseer om Belhar nie, maar gaan oor die *status confessionis* wat ook uitgespreek is deur die destydse NGSK, waar hulle gesê het: "Hierdie is 'n belydenissaak. Dit is 'n saak waar die Evangelie op die spel is." Daar

is gesê dat die regverdiging van apartheid is kettery. Die feit dat die NG Kerk van kettery beskuldig is, het daartoe gelei dat baie mense in die NG Kerk gesê het: “As ons dan nou kettters is, hoekom moet ons nog bande hê met daardie kerk? Hoekom moet ons nog vir hulle geld gee? So ‘n kerk wat dan nou so getrou aan die Evangelie is, wil mos nie bande hê met ‘n kerk wat kettters is nie, so kom ons stop die geld.” Die hartseer daarvan is dat al hierdie dinge verwydering gebring het, en groter finansiële swaarkry vir die VGKSA. Goed, dit het dalk hier-en-daar die voordeel gehad dat die VGKSA (baie gemeentes en dominees) besef het dat hulle harder moet werk om doelwit van finansiële selfstandigheid te bereik. Hierdie dinge wys vir ons dat finansiële afhanklikheid ‘n ellendige ding is. Op ‘n dag word jou finansiële ondersteuning net skielik afgesny. Dit het vir dominees wat dit beleef het, en hul gesinne, groot ekonomiese swaarkry meegebring. Vanuit die NG Kerk gesien, is daar die vraag gevra: Hoe nou verder? Hoe kan ons aanhou subsidies gee vir ‘n kerk wat sê: “Julle is kettters, ons wil niks met julle te doen hê nie.” Nou het jy weer die probleem dat baie van hierdie goed op die vlak van ‘n teologiese gesprek lê. Baie van die gewone gemeentes en gewone lidmate van die VGKSA verstaan nie altyd hierdie goed nie. Hulle besef nie dat hierdie sinodale uitsprake nou weer hierdie konsekwensies gaan hê nie.

Nou kom jy by die vraag van kerk-eenheid. Watter reëlins gaan getref word rondom finansiële sake? Daar bestaan die persepsie by baie in die verskillende kerke dat eenheid net beteken dat ons nou by Ringsvergaderings en Sinodale vergaderings saam gaan wees en dat dit nie finansiële implikasies vir NG Gemeentes gaan hê nie. Ek dink dit is naïef, want die finansiële nood van die VGKSA is so groot, dat, as jy binne een struktuur werk, en jy sien hierdie geweldige nood en die bedieningsbehoefte, en daar is nie geld om die predikante te betaal nie, gaan daar mettertyd ‘n aandrang wees op ‘n stelsel van subsidiëring wat weer in plek geplaas sal moet word. So sal minder goeie gemeentes gehelp moet word om weer ‘n predikant te kan bekostig. Daar is op die oomblik ook ‘n tekort aan predikante, hoewel daar ook mense is wat wag vir beroepe, maar gemeentes sien nie kans om te beroep in die VGKSA nie, want hulle is gebonde aan die arbeidswetgewing en as hulle ‘n beroepsbrief aan iemand gee, moet hulle presteer in terme van die betaal van ‘n salaris. Dan is daar dikwels nie die verhouding met ‘n bepaalde NG Kerk gemeente nie, wat hulle in staat stel om met die hulp van daardie NG Gemeentes ‘n dienskontrak te gee.

Hoe gaan kerkvereniging daardie situasie raak? Gaan dit onveranderd bly? Dan sou mens kon vra: wat is dan die voordeel van kerkvereniging? As alles bly net soos wat dit is, waarom wil mens dan kerkvereniging hê? Dit bring ons by twee konklusies. Of die mense is nie eerlik wat sê dat alles gaan bly soos dit is nie, of dan is kerkvereniging ‘n ydel oefening as niks gaan verander nie.

Erens pas hierdie goed ook nie lekker in mekaar in nie. Ek verstaan dat daar vir gemeentes gesê word dat hulle onveranderd gaan bly voortbestaan as gemeentes. Daar gaan nie van sinode-kant af ‘n gemeente gedwing word om sy hele bediening te verander nie. Daarvoor het ek groot begrip

dat daardie pastorale gerusstelling aan gemeentes gegee word. Maar ek dink nog steeds dat dit 'n te simplistiese stelling. Ek dink daar gaan bepaald druk op gemeentes kom vir groter finansiële bydraes om VGKSA gemeentes te help.

JAN: Ja, mens kan nie die bedieningsgeleenthede laat verby gaan vanweë finansies nie.

ANDRIES LOUW: Ons het ook in die kerk die gees van entrepreneurskap en die vryemark-stelsel – hierdie goed werk op mark-beginsels. Die vraag is: moet dit 'n rou vryemark-stelsel wees? Daar is goeie Bybelse argumente waar Paulus byvoorbeeld in 2 Kor. 9 praat oor kollekte vir gelowiges in Judea. Hy pleit nie vir 'n totale gelykheid nie. Dié wat min het, moet nie te min hê nie, en dié wat baie het, nie te veel nie. So, daar moet 'n vorm van balans wees.

JAN: Ek dink ons gaan in elk geval iewers in die toekoms 'n punt bereik waar die NG Kerk VGK-gemeentes moet begin bystaan, al vind die eenwording nie plaas nie. Mens moet net nie dink dat dit gaan wegbly as die kerk een word nie.

Ek wonder oor 'n ander saak. In 'n sekere sin het een kerk 'n ander kerk “aangekla” met die situasie van die *status confessionis*. Nou wonder ek of dit al ooit in die geskiedenis gebeur het dat jy so 'n situasie gehad het, waar die een kerk gesê het: “Julle is reg, ons is verkeerd,” en daar versoening plaasgevind het. Byvoorbeeld tydens die reformasie het iets soortgelyks gebeur waar die hervormers die Katolieke kerk “aangekla” het.

ANDRIES LOUW: Dit is die situasie wat ons in aanmerking moet neem, en mense soos dr. Coenie Burger het hier 'n groter en wyer visie, waar hy dit openlik sê dat daar tussen protestantse kerke (of kerke van gereformeerde belydenis, soos die Presbiteriaanse- en Kongregasionaliste Kerk, en die Gereformeerde en Hervormde Kerke met die NG Kerk) – ook in Suid-Afrika – 'n groter eenheid moet kom. Hy beywer hom daarvoor, maar die eerste hekkie wat ons moet oorkom, is die eenheid op die vlak van die NG Kerk-familie – dit is nou waar die rasse- en kulturele aspekte ter sprake kom. Dit is natuurlik ook so dat die rasse- en kulturele verskille by almal baie diep sit – ook die VGKSA kan nie daarvan wegkom nie.

JAN: Het die Belhar Belydenis se waarde afgeneem die afgelope paar jaar?

ANDRIES LOUW: Hoewel Belhar voortgespruit het vanuit die apartheidskonteks, is dit tog in 'n meer universele taal geskryf. Die kontekstuele bepaaldheid van Belhar moet nie uit die oog verloor word nie, maar mens kan dit oordryf deur te sê dat dit net vir 'n bepaalde tydperk waarde gehad het. Dit is tog so dat kerke wêreldwyd op die oomblik kyk na die Belydenis, byvoorbeeld die Protestantse Kerk in België en die Reformed Church in America, met die oog op die vraag of hulle sou kans sien om dit as 'n addisionele belydenisskrif te aanvaar. Daar is ander kerke wat dus ook



hierdie vraag vra: “Is Belhar so kontekstueel dat dit net eie is aan die spesifieke Suid-Afrikaanse konteks (te midde van die ou apartheidsituasie destyds) of het dit ook universele relevansie?” By hierdie kerke kom spesifieke situasies voor waar hulle oor Belhar sê: “Dit is vir ons ‘n riglyn, ons belydenis.” Ons as kerk funksioneer so dat ons nooit ‘n eksklusiewe kerk vir ‘n bepaalde bevolkingsgroep kan wees nie, want die versoening wat Christus bewerk het, bring ons juis na mekaar toe – en die saak van geregtigheid, asook die saak van armoede. ‘n Mens moet erkenning gee dat Belhar inderdaad so geskryf is dat dit universeel toegepas kan word – en daar is kerke wat in die res van die wêreld daarna kyk. Dit sou ons baie kon help as ander kerke Belhar sou kon aanvaar.

Om jou vraag te antwoord of mens moet sê of Belhar nog relevant is of nie. Ek dink dit is die gevoel van baie mense in die NG Kerk, omdat hulle dit spesifiek sien as ‘n dokument wat net apartheid aangespreek het. Maar as Belhar wyer as apartheid gesien word, as dit ‘n meer universele waarde kry, kan dit nog vir lank baie relevant wees.

### **Opmerkings uit die onderhoud met Andries Louw**

- | Die konteks waarbinne die Belhar Belydenis tot stand gekom het, is baie belangrik vir die verstaan van die Belydenis. Dit het tot stand gekom binne die raamwerk van ‘n apartheid-bestel wat deur sommige teologies geregverdig is, maar baie mense groot ellende aangedoen het, gelowiges én ongelowiges. Dit was ‘n byna onvermydelike reaksie vanuit die gereformeerde tradisie binne hierdie omstandighede.
- | Die Belhar Belydenis het vir sendelinge uit die NG Kerk, wat in die NGSK gewerk het, gehelp om die teenstrydigheid wat die apartheidbeleid met die eenheid tussen gelowiges gebring het, te verwoord.
- | Die Belhar Belydenis het groot waarde gehad om die menswaardigheid van die mense in die NGSK te bevestig vanuit die Skrif.
- | Die Belhar Belydenis plaas die NG Kerk voor die keuse of dilemma om finaal met ‘n apartheidsverlede te breek. Witmense ervaar vandag marginalisering, en sou Belhar kon gebruik om te protesteer daarteen, maar dit is emosioneel moeilik, want hul ervaring is dat Belhar aanvanklik deur bruin- en swart mense teen witmense gebruik is – al word dit duidelik in die begeleidende brief anders gestel.
- | Die aanklag dat Belhar bevrydingsteologie is, is nie geregverdig nie. Die sosio-ekonomiese omstandighede in ons land, veral ten opsigte van armoede, maak dat Belhar steeds baie relevant is. Dit bly ‘n vraag: Wat word vir die armes gedoen?
- | Belhar kan Christene (en die NG Kerk-familie) help om weg te kom van ‘n piëtistiese soort spiritualiteit, wat net bekommerd is oor die redding van die siel. Belhar sê baie duidelik dat die Christelike geloof ook in die samelewing ‘n rol het om te speel.

- | Daar is 'n moontlikheid om belydenisse uit die reformasie te skei van meer moderne belydenisse, soos die Belhar Belydenis en die Laudium Verklaring, maar daar sal waarskynlik baie weerstand teen so 'n gedagte wees.
- | Die emosionele lading rondom die Belhar Belydenis speel 'n belangrike rol. Aan die een kant word gesê dat Belhar nie meer 'n absolute vereiste is nie, maar aan die ander kant gaan dit een van die gemeenskaplike belydenisse van die nuwe (bepande herenigde) kerk wees. Ons kan nie daarvan wegkom dat Belhar deel van die belydenis gaan wees nie.
- | Die kerkregtelike implikasies van die herenigingsproses bemoelijk sake voortdurend.
- | 'n Groter dilemma is dat daar baie min of geen kontak tussen NG Kerk gemeentes en gemeentes van die VGKSA is nie.
- | Die *status confessionis* en die kettery-aanklag teen die NG Kerk, in kombinasie met die mate waarin sommige VGKSA gemeentes finansiëel afhanklik van die NG Kerk is, het die verhoudings baie vertroebel tussen gemeentes.
- | Die hantering van finansies bly 'n probleem in 'n herenigde kerk.
- | Hoewel Belhar voortgespruit het vanuit die apartheidskonteks, is dit tog in 'n meer universele taal geskryf. Daarvoor moet erkenning gegee word – en daar is kerke in die res van die wêreld wat tans na Belhar kyk.

#### **7.4. ONDERHOUD MET ANONIEM 1 31 JANUARIE 2007**

Hierdie persoon het verkies om anoniem te bly, maar maak tog 'n groot bydrae tot hierdie navorsing, en daarom is die onderhoud behou. Anoniem 1 is in die Verenigende Gereformeerde Kerk.

JAN: Wat sou u sê is die waarde van die Belhar Belydenis vir uself, vir die VGKSA? Hoe beleef u dit?

ANONIEM 1: Die groot waarde is die feit dat ons deur die genade van die Here, deur sy Gees, tog iets reggekry het binne konteks, om iets te bely en te formuleer oor ons geloof in die Here Jesus Christus, oor ons verstaan van kerkwees, en die verstaan van die groot Bybelse woorde soos eenheid, versoening en geregtigheid en die een wat baiemaal heeltemal in die skadu gestel word, is gehoorsaamheid.

Die groot waarde lê vir my nogmaals binne 'n gegewe konteks - en as ek nou heel konkreet mag wees, en weet, as ek die ding mag kompliseer, dan is dit eintlik een van die goed waaroor mense van die NG Kerk struikel, want hulle sê steeds dat hulle nie soseer 'n probleem met die inhoud van

die Belydenis het nie, maar met die manier waarop die Belydenis tot stand gekom het. Wat dan gebeur - half 'n sielkundige ding van VGK se kant af - ons probeer 'n bietjie verskonend verduidelik dat die ding nooit bedoel was om 'n politieke diktaat te wees nie. Ons maak nie suiwer politieke uitsprake nie. Ons probeer nie vanuit die politiek iets sê oor apartheid binne die kerk en binne die samelewing nie. Dit is 'n teologiese standpunt wat daar gestel word. Om te sê dit is 'n teologiese standpunt, verdraai die ding amper ook al weer, want dit is 'n belydenis. Dit is wat die dokument veronderstel is om te wees. Die groot waarde lê dus vir my daarin dat ons binne 'n baie konkrete konteks ons geloof geformuleer het.

Dit was vir ons baie moeilike dae, waar die vervreemding tussen die NG Kerk en die ander lede van die NG Kerk-familie vererger het, die gaping het net groter geword. Dit is die tyd waarin die amptelike aanvaarding van Belhar as Belydenis-grondslag van die kerk (1986) plaasgevind het. Tussen die skrywe van die belydenis in sy konsep-vorm en die amptelike aanvaarding van die belydenis as deel van die belydenis-grondslag van die kerk, was daar die “noodtoestand”. Die “noodtoestand” is 'n baie sterk aanduiding van die situasie in Suid-Afrika in die tagtigerjare. Dit is 'n baie moeilike situasie, waar die staat op 'n gewelddadige manier ingegryp het om die weerstand teen apartheid te onderdruk. Maar as 'n mens spesifiek op die drie groot woorde van die Belydenis van Belhar afgaan: eenheid, versoening, geregtigheid, dan sou jy van daaruit die konteks van die tagtigerjare kon ontleed en sê, in plaas van eenheid was daar groot verwydering tussen mense in die kerk en die samelewing. Daar was vyandskap. Ons het aan verskillende kante van die grens gestaan en mekaar beveg. Vreemdelingskap het vererger.

As jy kyk na die kwessie van versoening, was die gevolg van apartheid daarin geleë dat ons amper half as 'n soort skyn-evangelie gefunksioneer het, in die sin dat apartheid gereken het dat as ons die mense uitmekaar uit hou, as ons hulle in groepsgebiede organiseer, as ons hulle in tuislande hou, sal daar rus en vrede wees in die land. Terwyl die evangelie van Jesus Christus van 'n ander kant af opgaan. Die evangelie sê juis in Christus en in die spesifieke offer wat Hy gebring het, is dit moontlik dat mense van alle kleure en geure wel in versoening met mekaar kan lewe.

As ons kyk na die geregtigheidskwessie, dan is dit so dat apartheid op sy aggressiefste deurgevoer is in die tagtigerjare, en baie mense het seergekry. Dit is 'n ou bekende storie. Binne daardie konteks het die voormalige NG Sendingkerk gevoel dat ons nie meer flou stellinkies kan maak, of flou standpunte stel oor apartheid nie. U sal agterkom dat ek elke keer weer sê, in die kerk en ook in die samelewing. En daarom is die Belydenis van Belhar vir ons baie belangrik en 'n waardevolle belydenis omdat dit een belydenis is wat uit 'n heel spesifieke konteks opkom as 'n teologiese respons op wat in die samelewing en in die kerk aan die gang was.

Verder lê die waarde ook daarin dat die Belydenis nie slegs beperk kan word tot Suid-Afrika nie, maar dat dit die eerste Belydenis van sy soort uit die kontinent van Afrika is. Ten diepste lê die waarde van die Belydenis daarin dat baie van ons gehelp het om nie van die Evangelie afvallig te word nie - om nie van die Here af weg te loop nie. Dit is 'n baie diep punt wat die NG Kerk nie aldag raaksien nie. Soos u sal weet was dit 'n redelike ernstige krisis in daardie tyd, van mense uit die "Townships", wat eenvoudig so totaal sinies geword het, oor die kerk, maar ook oor die geloof, omdat hulle nie kon verstaan dat dieselfde kerk wat vir hulle die Evangelie gebring het, nou die kerk geword het wat apartheid moreel en teologies regverdig nie.

Ek sê weer: Die grootste waarde was (vir my is die diepste missionêre dimensie van die Belydenis van Belhar daarin geleë, en ek gebruik die term nou redelik algemeen) dat dit swart Christene gehelp het om nie die Evangelie af te sweer nie. Om nie vir Jesus Christus af te sweer nie. Soos u sal weet is dit die tyd dat baie mense in die "Townships" hulle toevlug tot Islam geneem het. Dit sal interessant wees om 'n studie te maak hoeveel mense het nou regtig padgegee en by Islam 'n heenkome gaan soek.

JAN: Daar is die persepsie dat die mense wat hierdie apartheidsbeleid en die swaarkry wat daarmee saamgaan, gekoppel het aan die Christelike geloof. Baie mense wat nie 'n in-diepte kennis gehad het nie, het gereken dit is die NG Kerk wat dit aan hulle doen - en die mense wat die Belydenis opgestel het, was self deel van die NG kerk familie.

ANONIEM 1: Dit het dinge net meer pynlik gemaak, omdat dit vanuit dieselfde familie gekom het. Dit het ongelooflike geloofs- en teologiese verwarring veroorsaak. Daardie tyd was die terminologie "moeder" en "dogter" nog in volle gang. Die totale verbystering was: hoe kan die "moeder" soveel leed aan haar "dogter" doen? Teen daardie agtergrond moet 'n mens die Belydenis van Belhar probeer verstaan, dat dit nie bedoel was as 'n stok om die NG Kerk mee te slaan nie, maar dat dit eerder bedoel was om binne die breër NG Kerk familie iets sinnigs te sê oor apartheid vanuit die Evangelie en dus nie bloot in terme van 'n suiwer politieke benadering nie. Daarom dink ek ook dat enigiemand wat probeer, van binnekant die VGK of NGK of watter kant ookal, om die Belydenis van Belhar tot 'n politieke dokument te verklaar, begryp heeltemal nie die werklike essensie van die Belydenis nie.

JAN: As ek nou in my eie woorde sou sê: Die hele ding wat gehelp het dat 'n klomp mense nie afvallig word van die kerk nie, en dat 'n klomp mense dalk dit sou oorweeg om hierdie geloof aan te neem – mense wat nie daarin is nie - dít is eintlik 'n missionêre dimensie van die Belydenis self.

ANONIEM 1: Wat ek toegee, is dat dit nou, retrospektief, verskriklik moeilik sal wees om dit na te gaan, in terme van veldnavorsing. Maar binne daardie konteks was dit werklik so, dat die ding

missionêr gefunksioneer het, in dié sin dat dit voorkom het dat 'n baie groot gros mense die Here die rug toekeer, en die kerk die rug toekeer.

JAN: Ek het hiervan gehoor in Namibië. Lede van die voormalige EGKA [Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika] het hierdie teenstrydigheid beleef met die mense van die omgewing. Daar is vir die EGKA-lede gevra hoe hulle deel van daardie kerk kon wees as dit die kerk van die vyand is? Hulle kerk daar het tog ontstaan as gevolg van die Kapelaansdienste wat daar was. Die mense het vir hulle gesê: “Hoe kan julle NG wees as die NG die mense is waarteen ons baklei het?”

ANONIEM 1: Ja, dit was 'n baie groot krisis. In daardie sin was die Belydenis van Belhar op 'n verskriklike ironiese manier dalk, die redding van die NG Kerk familie. Die feit dat mense die NG Kerk familie nie summier en finaal afgeskryf het nie. Ons is die Here innig dankbaar daarvoor. Dit is verskriklik interessant, want tot vandag toe nog, as jy byvoorbeeld die VGK in Eersterus soek, en jy moet vir iemand die roete vra, sal jy tevergeefs soek, tensy jy op 'n lidmaat van die VGK afkom. Enige iemand anders sal jou stom verbaas aankyk, maar as jy die NG Kerk soek sal hulle jou dadelik kan sê. So, daar is daardie identifikasie en daarom sê ek dat in 'n bepaalde sin was die Belydenis van Belhar - hoe ironies dit ookal klink - half die redding van die NG Kerk familie.

JAN: In 'n sekere sin voel ek dat dit nou nog nie afgehandel is nie. Hier is nog 'n proses aan die gang. Ek dink daar is baie mense in die NG Kerk wat nog nie die waarde daarvan besef in hierdie terme nie. Dit is hoekom ek nog daarvoor navraag doen.

ANONIEM 1: As 'n mens net 'n bietjie verder kan praat oor die spesifieke missionêre dimensie van die Belydenis van Belhar. Dit is hoekom ek soms half die gevoel het, dat die Belydenis nou dalk meer relevant is as in 1982/1986 toe dit tot stand gekom het. As jy net kyk na die eenheidskwessie, met 'n spesifieke verwysing na Jesus, wat bekend geword het as die hoëpriesterlike gebed in Johannes 17, waar die punt om die eenheid van sy volgelinge gaan, dan kom daar 'n baie duidelike missionêre perspektief na vore: “...sodat die wêreld kan glo dat u My gestuur het.”

Die ding waarvoor ek maar hoop en bid is dat die NG kerk sal besef, sedert verlede jaar veral, dat daar weer sterk entoesiasme oor die eenwording is en dat daar allerhande pogings aangewend word om dit te bespoedig, om dit af te handel. Ek hoop dat die NG Kerk op 'n baie breë vlak sal insien watter getuieniswaarde die eenwording tog nog sal hê. Daar is doemprofete wat sê nou ná 1994 sal dit eintlik tog nie meer soveel waarde hê nie. Ek wil hulle graag weerspreek deur te sê dat die eenwording binne die NG Kerk familie die een enkele ding is wat in die huidige Suid-Afrika steeds 'n magtige getuienis die wêreld kan instuur. In daardie sin het die Belydenis 'n baie sterk missionêre dimensie. Dit behoort ook 'n baie sterk missionêre werking te hê. In daardie sin is die

eenheid van kardinale belang vir die sending, want ons weet uit die geskiedenis dat die verkondiging van die Evangelie baie keer skipbreuk gely het vanweë die verdeeldheid van Christene. Vanuit daardie perspektief bly die eenwording belangrik as 'n getuienis vir die Evangelie en 'n getuienis dat Jesus die Here is.

Daar was 'n tyd toe ek self bietjie sinies geraak het oor die strukturele eenwording. 'n Tyd toe ek gedink het dat ons ons liever moet beywer vir kontekstuele eenheid. Ná 1994 het ek gedink: "As daar tog maar net iets van 'n kontekstuele eenheid binne die NG Kerk familie tot stand kan kom." Ek het gedink aan die geweldige bronne binne die NG Kerk. Ek verwys nou nie na finansiële bronne nie, maar doodgewoon na vaardighede en kundighede. In die ander drie kerke is daar ook weer ander soort bronne en as mens dit saam kon bring en gemeenskaplik werk aan 'n aantal sake wat redelik knellend is in die land soos siekte (Vigs), armoede en die geweld wat ons almal dronkslaan...

Daar is 'n vlak van geweldsmisdaad wat niemand behoorlik kan verstaan nie. Ons, vanuit die gereformeerde tradisie, is dalk die slegste geplaas om 'n antwoord daarop te bied. Ek dink die Pinksterkerke en Charismatiese Kerke het meer blootstelling gehad aan hoe jy oorlog voer teen die magte en owerhede. Daar is iets hier wat jy nie bloot tegnies kan verduidelik nie. En daaroor kan jy dit ook nie bloot tegnokraties oplos nie. Dit is nie bloot werkskepping of elektrifisering van gebiede nie. Al wat ek probeer sê is dat ons binne die NG Kerk familie moet hande vat en saamwerk aan die kwessies in die land. Hoe meer ek oor die ding nadink, des te meer dink ek dat 'n strukturele eenwording binne die NG Kerk familie, in 'n bepaalde sin, 'n nog magtiger getuienis sal wees in ons land.

JAN: Hoe lyk die VGKSA se missionêre aksies buite Suid-Afrika en die res van Afrika? Ek weet dat die NG Kerk self 'n klompie aksies het. In terme daarvan wonder ek of dit nie al klaar 'n baie groter impak sal hê nie. Ons is mense van Afrika, ons behoort eintlik baie meer in Afrika betrokke te wees, maar omdat ons nog hierdie huishoudelike geveg aan die gang het, doen ons dit nie.

ANONIEM 1: 'n Baie belangrike sleutel hier is dat as ons deur die Here se genade 'n sterker Afrika bewustheid kan ontwikkel, sal dit ons dalk help om hierdie reduksionistiese verstaan van identiteit te oorkom, want op die oomblik is deel van die probleem in die land dat ons nog steeds vasgevang is in daardie baie eng definisie van identiteit, en dat ons Afrika-bewussyn ons dalk kan help. As jy praat van uitreik-aksies, dan het die VGKSA 'n baie lae verstaan van daardie vorm van sending en dit is 'n baie belangrike, baie legitieme sending-dimensie. Wat ek in die VGKSA opmerk, is dat daar dalk 'n sterker verstaan is van sending as iets wat jy nie noodwendig elders gaan doen of verrig nie, maar iets wat sommer hier in jou agterplaas gedoen behoort te word. As mens nou dink aan evangelisasie as 'n sending-dimensie, dan moet ons toegee, binne die wit gemeenskap en ook Eersterus is daar 'n geweldige behoefte aan goeie grondige evangelisasie. As ons na ons eie



kinders kyk, kan ons geskok wees oor hoe swak hulle die Bybel ken. Dit is dalk 'n teken dat die sending eers hier in jou eie agterplaas moet begin, sonder om die ander dimensies noodwendig te verwaarloos. Ek stem eenhonderd persent saam dat ons ons moet bemoei met die sorg en probleme van die Afrika kontinent. Dit is 'n verskriklike belangrike sendingperspektief, maar ook omdat ons onself verarm in terme van wat ons kan leer van die reis van die kontinent van Afrika. Ek staan tog partymaal verstom oor hoedat mense kan oorleef. Die vlak van armoede in Kameroen, byvoorbeeld, is ongelooflik uitsigloos, en dit het my regtig verstom hoedat die mense nog kan dans, speel, bly wees en aangaan met hul lewens. So, daar is ook 'n bepaalde klomp goed wat ons van die res van Afrika kan leer, maar ons het ook beslis iets om vir hulle aan te bied, waarmee die Here ons geseën het.

JAN: Dit is altyd 'n wedersydse ding. Jy leer eintlik self wanneer jy kontak maak met ander mense. My eie ondervinding het dit ook vir my geleer daar in Namibië en Angola.

ANONIEM 1: Daar is tog iets - dat 'n mens moet vra: "Maar wat is hier aan die gang? Tot watter mate is dit die Here self wat hier betrokke is by die situasie?" 'n Baie belangrike dimensie is die hele kwessie van die versoening self. In die huidige situasie in die land, hierdie spesifieke historiese moment, is versoening so ontsettend belangrik. Daar is nou nog maar groot misverstande. Mense leef eintlik nog so baie verwyderd van mekaar. Ek dink dat sending as versoening nogal 'n baie belangrike kwessie is vir die hier en die nou.

JAN: Buite die kerk kry die mense dit nog nie reg nie. As die mense dit kan regkry binne die geloofsgemeenskap, of iets daarvan, is dit al klaar die moeite werd.

ANONIEM 1: Dit is baie interessant. Jy gee my nou 'n belangrike wenk. Oorlede Professor Bosch, beïnvloed deur die Mennoniete van die VSA veral, het in die sewentiger-tagtiger jare, baie sterk die konsep van die kerk as alternatiewe gemeenskap hier in Suid-Afrika ingelui. Daardie tyd het ons soort-van die wenkbroue bietjie gelig, omdat ons bang was dat jy weer op 'n snaakse manier 'n tweedeling sal skep tussen die kerk en samelewing. Ek self het groot probleme gehad daarmee, want my uitgangspunt is dat die kerk deel is van een en dieselfde sosiale werklikheid. Die kerk verteenwoordig nie 'n ander sosiale werklikheid nie, maar hy het baie sterk die kerk as alternatiewe gemeenskap verkondig.

Skielik spook die ding by my, want as jy dink aan kwessies soos versoening, dan is dit my oortuiging dat die kerk eintlik voorbeeldig moet wys hoe lyk die versoening. Dit is 'n geweldige sterk missionêre perspektief en gerigtheid. Deur die kerk as teken of eksemplaar, kan dit dalk gebeur dat die mense groot respek kry vir die Evangelie en vir Jesus Christus en kan hulle dalk nader getrek word.

Ook die kwessie van geregtigheid. Ons het nog nie eers begin om in Suid-Afrika 'n duidelike keuse vir die armes, die veronregtes en onderdruktes uit te oefen nie. Ek voel soms dit is vir my 'n baie belangrike punt. U sal beter weet om dit te formuleer en inwerk in u proefskrif. Ek kom agter dat meeste van die mense uit die NG kerk, wat 'n probleem het met Belhar, struikel 'n bietjie oor artikel vier wat sê dat God op 'n besondere wyse die God van die veronregtes, ensovoorts, is. Wat ek jammer vind daar, is dat hulle in die proses, 'n baie belangrike "issue" miskyk. Daar is witmense wat regtig herderloos is in die nuwe Suid-Afrika, hulle is amper slegter af as mense in Mandela Village. Dié mense [Mandela Village se mense] kan vanweë hulle politieke agtergrond saamstaan en protes aanteken. Die mense waarna ek verwys kan dit nie doen nie, en hulle wil dit nie doen nie, omdat hulle sal voel dat hulle 'n bietjie belaglik sal voorkom. Die situasie vir hulle is amper in 'n sekere mate uitsigloos.

Artikel vier [van die Belhar Belydenis] open 'n perspektief wat ons behoort te help om bo alle etniese perspektiewe uit, 'n nuwe verstaan van noodlydendes te ontwikkel. Vir my lê daar ook dan 'n baie belangrike sending-perspektief in, naamlik: wat beteken dit in die SA van 2007, waar die ekonomie eintlik baie goed doen? Dit is objektief - jy sien dit aan die soort motors en huise wat sommige mense het. En dit is nie net meer witmense nie, dit is allerhande ander mense. Wat beteken dit in daardie konteks, waar dit globaal toegeneem het, waar die kompetisie erger as ooit tevore aan die orde van die dag is? Maar nie net mense nie, ook waar die ekosisteem redelik ernstig aangetas word deur ons ekonomiese gedrag. Die vraag vir my sal wees: "Wat is die betekenis van die stryd om geregtigheid binne daardie konteks?" Dit is 'n verskriklike belangrike missionêre dimensie.

Ek het vroeër al gesê, wat ek jammer vind in verband met die lees van die Belydenis van Belhar, is dat Artikel vyf (wat die oerou belydenis bevat van Jesus is die Here en dan spesifiek fokus op gehoorsaamheid) baiekeer in die slag bly, terwyl hierdie artikel self ook weer twee uiters belangrike missionêre dimensies daarstel. Die een is die soort van liturgiese viering van die Belydenis. Die Belydenis is ten diepste bedoel vir die liturgiese gemeenskap, dit is 'n ding wat gevier moet word. Dit gaan heel spesifiek oor doksologie, die verheerliking van die Drie-enige God. Vir my hoort dit dan baie duidelik tuis binne die liturgiese gemeenskap, en die liturgiese gemeenskap is die beginpunt van die sending. Die sending begin op geen ander plek nie as binne die liturgie - binne die erediens - waar God se eie mense saamkom om Hom te loof en te prys en dan lafenis te kry, sterk te word en weer uit te gaan. Onbedoeld lê daar 'n baie sterk liturgiese missionêre dimensie in die stukkie doksologie wat in die Belydenis ingevoer is.

Die ander missionêre dimensie het spesifiek te doen met die saak van gehoorsaamheid. Gehoorsaamheid het te make met dissipelskap. Daar is jy amper fundamentalisties terug by Jesus se opdrag in Matteus 28, wat sê: "Gaan dan heen en maak dissipels van alle mense." Dit is 'n groot leemte binne die VGKSA self dat ons 'n baie lae verstaan van dissipelskap het. Daar is nie

'n “genuine”, diep toewyding aan Jesus Christus nie. As ons dus op grond van die Belydenis van Belhar - met die momente van eenheid, versoening en geregtigheid - dissipels kan kweek wat regtig diep toegewy is aan die Here Jesus Christus, sal die kerk totaal 'n ander ding wees in ons land. Daarom verleen die hele “issue” van gehoorsaamheid 'n verskriklike sterk missionêre dimensie.

JAN: Wat was u eie betrokkenheid by die opstel van die Belydenis van Belhar?

ANONIEM 1: Ek was by die sinode waar die Belydenis in 'n konsepvorm aanvaar is. Hoewel ek nie 'n lid was van die spesifieke kommissie nie, het 'n mens maar van die vloer af insette gelewer. Die vaders van die Belydenis was eintlik professor Gustav Bam, Jaap Durand en nog ander.

JAN: Professor Bam, hy het mos ook 'n groot deel daarvan by die sinode voorgedra?

ANONIEM 1: Ek dink amper, die Begelydende Brief, kom, 'n baie groot deel daarvan, van sy hand af. Hy word allerweë as die vader van die Belydenis beskou. Vir my is dit ook een van die ironieë as jy kyk na professor Bam, Dirkie Smit, Jaap Durand en natuurlik Allan Boesak. Hulle was die kommissie.

Ek het gedink dat die NG Kerk iewers bietjie daarvoor sal reflekteer en sê: “Dit is tog seuns uit ons eie geledere. Ons het hulle eintlik gestuur om in die swart kerk te gaan werk. Ons moet trots wees daarop dat hulle geboorte gegee het aan die Belydenis van Belhar.”

Ek weet baie mense struikel bietjie oor die betrokkenheid van Allan Boesak met die opstel van die Belhar Belydenis. Daar is sekere momente waar jy sy hand baie skerp sien in die Belydenis, maar dit was mos nou die hele kommissie wat dit daar gestel het.

JAN: As ek nou luister na al hierdie goed, besef ek al hoe meer hoe sterk die “propaganda” was rondom die Belydenis. As jy net doktor Boesak se naam genoem het, dan was daar al klaar 'n negatiewe reaksie - wou niemand meer luister nie. Dit was 'n persepsie wat gekweek is.

ANONIEM 1: Dit is ook soos die Here werk. God troef ons elke keer. Op die oomblik is dit so dat dr. Boesak half die toegeeflikste teenoor die NG Kerk is. Hy het 'n baie groot sleutelrol gespeel verlede jaar in die beraad in Esselenpark. Daar het hy baie uitdruklik gesê hy dink dit is tyd dat hy self ook die NG Kerk om vergifnis moet vra vir 'n aantal dinge wat hy kwytergemaak het teenoor hulle - soos ons Suid-Afrikaners is - dit is nie net 'n ding van die NG Kerk nie - daar is maar altyd 'n mate van skeptisisme. “Jong, hoe ernstig is hy nou eintlik?” sal mens dink. Een van die teorieë wat ek gehoor het, is dat hy nou maar weer 'n bietjie ambisieus is omdat hy graag die moderator wil word

van so 'n Verenigde Kerk en daarom speel hy sy kaarte nou so. Maar ek dink nie dit is werklik so nie.

Ek dink daar het 'n hele paar goed gebeur wat hy in sy eie lewe as 'n krisis ervaar het, dat daar 'n verandering en loutering by homself plaasgevind het. Krisisse het soms die uitwerking dat dit jou jou gemoedstoestand baie dieper laat verstaan. Dat dit half een deel is vanuit jou eie menswees dat jy probeer begryp hoekom mense op dáárdie tydstip só opgetree het, of dié ding gedoen het, of gedink het dít is die oplossing, terwyl hulle dalk moes geweet het dit is nie die oplossing nie. Ek dink die dinge wat dr. Boesak die afgelope paar jaar self aan sy lyf moes ervaar, het hom dalk gelouter om op 'n ander manier na die hele ding van menswees te kyk.

### **Opmerkings uit die onderhoud met Anoniem 1:**

- | Die missionêre waarde van Belhar is eerstens dat dit 'n bepaalde politieke konteks aangespreek het in belydenistaal. Die drie groot woorde van die Belydenis van Belhar: eenheid, versoening, geregtigheid was gerig op die konteks van die tagtigerjare. In plaas van eenheid was daar verwydering tussen mense in die kerk en die samelewing, mense het aan verskillende kante van die grens gestaan en mekaar beveg, vreemdelingskap en vyandskap het vererger. In plaas van versoening (deur die offer van Christus is dit moontlik dat mense in versoening met mekaar kan lewe) was daar die skyn-evangelie van apartheid wat gereken het dat as mense uitmekaar gehou word, daar rus en vrede in die land sal wees. In plaas van geregtigheid het baie mense seergekry en alles wat daarmee saam gebeur het. Belhar was 'n teologiese respons op wat in die samelewing en in die kerk aan die gang was.
- | Ten diepste lê die waarde van die Belydenis daarin dat dit baie mense gehelp het om nie van die Evangelie afvallig te word nie. Die Belydenis van Belhar was (ironies dalk) die redding van die NG Kerk familie, want dit het veroorsaak dat mense die NG Kerk familie nie summier en finaal afgeskryf het nie.
- | Verder lê die waarde ook daarin dat die Belydenis nie slegs beperk kan word tot Suid-Afrika nie, maar vir baie kerke wêreldwyd van waarde is. Dit is die eerste Belydenis van sy soort uit die kontinent van Afrika is.
- | Eenwording binne die NG Kerk familie is die een enkele ding wat in die huidige Suid-Afrika steeds 'n magtige getuienis die wêreld kan instuur. In daardie sin het die Belydenis 'n baie sterk missionêre dimensie. Die NG Kerk-familie moet hande vat om die probleme in die land te help oplos.
- | Die kerk as alternatiewe gemeenskap is 'n geweldige sterk missionêre perspektief en gerigtheid. Die kerk moet voorbeeldig wys hoe versoening lyk. Deur die kerk as teken of eksemplaar, kan dit dalk gebeur dat mense groot respek kry vir die Evangelie en vir Jesus Christus en hulle kan nader getrek word.

- | Artikel vier van die Belhar Belydenis kan ons help om 'n nuwe verstaan van noodlydendes te ontwikkel. Wat beteken die stryd om geregtigheid te midde van 'n goeie ekonomie, die vrae rondom die ekologie en die globale konteks waarin ons vandag leef?
- | Artikel vyf van die Belhar Belydenis het te make met doksologie en gehoorsaamheid. Die missionêre waarde lê eerstens daarin dat die liturgie (waar doksologie gevier word) en erediens die beginpunt van die sending is. Vanuit hierdie geloofsgemeenskap word mense gestuur om in die wêreld 'n verskil te maak. Tweedens, het gehoorsaamheid te make met dissipelskap. As ons op grond van die Belydenis van Belhar - met die momente van eenheid, versoening en geregtigheid - dissipels kan kweek wat diep toegewy is aan die Here Jesus Christus, sal die kerk totaal 'n ander ding wees in ons land.

### **7.5. ONDERHOUD MET DR. DANIËL MALULEKE 6 FEBRUARIE 2007**

Hierdie onderhoud is gevoer met dr. S D Maluleke op 6 Februarie 2007. Doktor Maluleke is predikant in Sinodale diens vir die VGKSA se Noordelike sinode. Hy werk vanuit die Sinodale Sentrum in Mamelodi. Hy is Sotho-sprekend en was voorheen in die NGKA, voordat die VGKSA gestig is. Hy kommunikeer dikwels met predikante, lidmate en gemeentes van beide die NG Kerk en die VGKSA. Daarom is hy beskou as 'n goeie kandidaat vir 'n onderhoud.

#### **ONDERHOUD**

JAN: Wat sou u sê is die waarde van die Belhar Belydenis vir u self, vir u kerk en moontlik ook vir die NG Kerk?

DANIËL MALULEKE: Daar is een ding wat baie belangrik is van die Belhar Belydenis: dit bevat net vyf artikels. Die eerste artikel gaan daarvoor dat ons glo in die Drie-Enige God. Al die aanvaarde belydenisse het hierdie konsep. Die tweede konsep wat na vore kom, is die kerk van Christus, en dan veral die versoening wat Christus gebring het, naamlik die versoening tussen God en tussen mense onderling. Aangesien dit nou met die kerk te make het, is dit belangrik dat die kerk eenheid beklemtoon. Hierdie eenheid moet sigbaar wees. Ons weet dat mense oor die eenheid in Efesiërs praat, en dan maklik sê: "Ons is een in Gees, dit is al. Ons hoef nie te sukkel met 'n sigbare, strukturele eenheid nie." Dit is egter nie alles wat die Evangelie sê nie. Die Evangelie sê dat daardie geestelike eenheid wel daar is, maar dit moet ook sigbaar wees. Verally as ons vanuit 'n missionêre hoek daarna kyk. Die doel van die kerk is om ander te wen vir Christus, te trek na Christus toe. Om dit te doen, moet die kerk na buite gaan. "Na buite" verwys na mense buite die kring van die NG Kerk-familie, of mense wat buite die geloof staan. Jy moet mense buite hierdie geloof oortuig. Gestel nou ek en jy gaan na dieselfde gemeenskap. Ons kom uit dieselfde NG kerklike agtergrond, maar ons is verdeeld, dan maak ons die Evangelie swak.

Daarom is dit belangrik dat die sigbaarheid van hierdie eenwording moet plaasvind. Hierdie sigbaarheid help om die Evangelie uit te dra na mense daar buite. Mense kan sien dat ek en jy in dieselfde God glo en dit is belangrik.

Nou, die Belhar Belydenis is baie duidelik oor hierdie sigbaarheid: “the visibility of the unity of the church.” Hierdie sigbaarheid is net geestelik nie, dit moet ook sigbaar wees vir die gewone mens. Op daardie manier het Belhar ‘n missionêre boodskap vir mense daar buite. Dit is vir my baie belangrik.

JAN: Dit is ook vir my ‘n baie belangrike aspek wat u hier uitlig.

DANIËL MALULEKE: Met dieselfde boodskap van die eenheid van die kerk, stel Belhar dit ook baie duidelik dat mense moet leer om mekaar te respekteer, mekaar lief te hê en mekaar te help waar dit nodig is. As jy die Belydenis self lees, kry jy die boodskap wat opgesom word met die term: “missionêre diakonaat”, “caring together”. As jy my liefhet, dan het ons te make met dit wat Paulus noem in Galasiërs: “dra mekaar se laste.” So, die eenheid van die kerk moet dus nie net sigbaar wees nie, maar dit moet ook duidelik tasbaar wees vir mense. Die belydenis sê dat as ek jou liefhet en ek jou respekteer, sal ek vir jou ruimte maak. Dit is nie ‘n saak waar jy in ‘n bepaalde situasie ingedwing moet word nie. Die Belydenis sê baie duidelik dat die eenwording van die kerk nie iets is wat uit dwang plaasvind nie. Met ander woorde, jy los iemand om op sy/haar eie tyd te beweeg in die rigting waarheen ons op pad is. Met ander woorde jy laat hom/haar toe teen op sy/haar eie pas te beweeg. Sommige gee lang treë om daar te kom, ander gee kort treë, maar elkeen moet ‘n kans gegun word om oortuig te word. Die mense wat van buite af kyk na ons en wonder of hulle in ons God kan glo, moet kan sien dat ons vir mekaar belangrik is en vir mekaar omgee.

So, die boodskap van Belhar is dat jy nie ‘n skeiding kan bring tussen uitreik en versorging nie. Met ander woorde jy wil die evangelie verkondig aan mense, maar hierdie verkondiging bestaan uit woorde en dade. Ons verkondig, ja, maar ons moet dit ook doen. Vir iemand wat daar langs die pad staan, moet dit die besef bring: daar is iets wat ek kan “koop” by hierdie mense, en dit is liefde. Dit is nie liefde in woorde alleen nie, maar ook liefde in dade. Die geloofsbelydenis van Belhar probeer om ons te leer om geregtigheid aan alle mense te doen.

Veral in hierdie tyd waarin ons lewe is daar baie lidmate in die NG Kerk en die NG Kerk-familie wat voel dat hulle nie meer welkom is in hierdie land nie. Sommige voel dit is beter om na Australië of na Engeland te gaan en wat voel dat daar nie meer geregtigheid in ons land plaasvind nie. Hierdie Belydenis help ons, want dit verkondig dat geen regering mense mag onderdruk nie. In hierdie tyd waar ons ‘n ANC-regering het, en waar ons misdad en verskeie ander dinge beleef, sien ons dit. Gestel nou jy sou aansoek doen vir werk, maar jy word geenaliseer omdat jy ‘n man is, en omdat



jy wit is, of wat ookal. Dit is oppresie! Die Belhar Belydenis help ons om teen daardie praktyk in die samelewing te gaan staan. Dit maak nie saak of jy swart of wit of wat ookal is nie, die feit is dat daar 'n onreg aan 'n mens gedoen word.

Die Belydenis sê dat, wanneer ons uitreik na mense, daar nie net 'n boodskap is dat jy eendag in die hemel gaan wees nie. Die Belhar Belydenis het ook 'n boodskap vir alle mense binne die samelewing en omstandighede waarbinne hulle hul bevind. Vir die jong Afrikaner, of vir jongmense, wat sukkel om werk te kry, omdat daar vir hulle gesê word: "Jy is nie swart genoeg nie", of "jy is nie vrou genoeg nie", terwyl hulle die kwalifikasies en kwaliteite het om daardie werk te doen, dan sê Belhar dat dit eintlik apartheid in "reverse" is.

Dit is waar hierdie Belydenis in hierdie tyd vir my belangrik is. Dit sê vir my: Ons moet waak! Dit was baie maklik om te sê: "Apartheid! Apartheid!", maar nou, hier is ek in die swart regering en ek is swart, maar ek sien die onreg. Wat sê ek? Onmiddelik wanneer ek die Belhar Belydenis lees, beseef ek dat dit wat ek nou sien, onreg is voor God. Dit geld veral vir die artikel oor die geregtigheid van God.

As jy nou oor "missionêr" praat, dink sommige mense dat jy nou 'n vliegtuig moet neem en Rusland toe gaan, dan is jou nou 'n sendeling. Dit is nie waaroor dit gaan nie. Missionêr beteken om die boodskap van jou af na 'n ander persoon oor te dra. Hy kan naby wees of ver, maar jy doen dit sodat die ander persoon meer kan sien as bloot vir jou. Soos die Engelse term sê: "Help the other person to see beyond you." Wie het jou gestuur? Hoekom doen jy so? Die Gees help jou om te sê: "Ek moet nou hierdie boodskap so bring dat hulle begin om die pad na die Here te soek." Die Here wil hê dat mense in harmonie moet leef en met volle respek vir mekaar.

Mense lees die Belhar Belydenis met 'n ander bril. Veral in die NG Kerk se agtergrond, lees mense Belhar in die gees van die Ottawa vergadering in 1982 toe die NG Kerk se lidmaatskap opgehef is by die "World Alliance of Reformed Churches". Dit is 'n stigma wat 'n gewone NG Kerk lidmaat hoor wanneer hy/sy Belhar lees. Baie is geneig om te dink: "Daar is niks wat ek hieruit kan leer nie, want dit is teen my gerig", maar dit is nie so nie. Daar is wel die historiese agtergrond van Belhar, maar mens kan vandag Belhar verklaar vanuit ons hedendaagse situasie, en dieselfde stok slaan ook na die VGK, die NGKA of selfs die ANC regering – en steeds vra: "Waar is die geregtigheid?"

JAN: So, Belhar het nie net 'n boodskap binne die konteks van 1982 nie?

DANIËL MALULEKE: Ja, die boodskap is ook meer as dit. As jy vasgevang is in daardie historiese gebeure, gaan jy Belhar weggooi, en dink dat die Belydenis jou nie help nie. Maar as jy nou na ons huidige situasie kyk en jy probeer 'n nuwe betekenis daarin vind, sal die meeste mense

wat onderdrukking beleef, vind dat hulle daaruit kan baat. Dit maak nie saak wie jou onderdruk nie.

Kom ek gee 'n voorbeeld. My dogter het gestudeer as prokureur, maar sy kon vir baie jare nie werk kry nie. Sy het vir baie poste aansoek gedoen, en vir baie onderhoude gegaan. Baie onderhoude het geëindig met die vraag: "In which camp were you in exile? In which country were you – Zambia, Russia? Where were you?" So is sy benadeel omdat sy geantwoord het dat sy hier in Suid-Afrika was al die jare. Hulle het haar geantwoord: "Jy het jou kans gehad. Dit is nou ons kans, ons wat nou van ver af kom. Of daar nou kennis is of nie, hulle wat in die bos was, moet nou die pos kry. Hierdie dinge is onreg! Indien jy nou Belhar teen hierdie agtergrond lees, kry dit 'n nuwe betekenis vir jou. Dit help jou om hierdie omstandighede te verdra en steeds te hoop op die toekoms. Jy kan selfs baie ander mense help wat in daardie situasie is. Daarom is Belhar so belangrik vir my.

JAN: So, u dogter het werklik hierdie dinge beleef?

DANIËL MALULEKE: Ja, baie. Sy het selfs effens bitter geword op 'n stadium. Sy het gevra: "Hoekom het ek nie blank geword nie? Dan kon ek nou na Australië gegaan het. As ek nou na Europa gaan, sal hulle sê ek is swart, ek hoort in Afrika. Maar hier is Afrika, wat my swak behandel. Nou, waar moet ek heengaan? My vriende wat blank is, het nog die alternatief om na Engeland of Holland toe te gaan." Dit is dit tipe dinge wat mens beleef.

JAN: Het sy darem nou werk gekry?

DANIËL MALULEKE: Kyk, sy het 'n lang draai gemaak. Sy het by die Polisie diens aangesluit. Toe het sy na Pretoria gekom vir opleiding vir ses maande en is aangestel as konstabel. Uit hierdie pos as konstabel het sy aansoek gedoen vir ander poste. Daaruit het sy die geleentheid gekry om die staat te help met ou sake wat onopgelos is. Sy het hierdie werk deelyds gedoen, en na ses jaar se "struggle" het sy nou die regte pos gekry. So, jy sien nou die reg en die onreg. Maar die Belhar Belydenis het ons moed gegee: dit praat met ons en met die huidige regering. Dit is nie net bedoel vir apartheid nie, maar dit is bedoel vir enige onreg wat mens beleef.

JAN: U sê vir my 'n belangrike ding rondom die troos wat Belhar gee. Al luister die onderdrukker nie na die Belydenis nie, vir die gelowige is dit 'n bevestiging van sy/haar geloof, en 'n versterking daarvan.

DANIËL MALULEKE: Ja, presies. Nou, rondom die eenwording van die kerk. Sommige mense voel bedreig wanneer daar oor die eenheid van die kerk gepraat word. As daar sprake is dat die familie van NG Kerke een gaan word, vra hulle: "Waar sal ek sit?" Hulle dink dat daar busse vol

mense van Mamelodi aangery sal word na gemeentes in ander woonbuurte van Pretoria. Kom ons neem nou die NG Kerk self. As jy praat van die eenheid van die kerk: Monumentpark-Wes en Monumentpark gemeentes is gemeentes op hul eie, maar daar is nie vyandigheid tussen die twee gemeentes nie. Die eenheid van die kerk vir my is dat dit nog die NG Kerk bly, maar dat elkeen sy eie plek (erf) het waar dienste gehou word ensovoorts. Dit beteken nie dat die ander een jou vyand is nie. Dit is jou broer of suster of wat ookal, ons respekteer mekaar en ons aanvaar mekaar. As daar nood is, sal ons outomaties saam staan en sê: “Daar is nou groot nood en ons moet hande vat.” Gestel nou daar kom ‘n hongersnood. Al die kerke in Pretoria kan dan saamstaan en een fonds stig om hul stem te laat hoor. Hulle stuur een persoon om spesifiek vir hierdie doel te werk, maar elke gemeente doen nie sy eie ding en maak die mense deurmekaar met wie hul werk nie – omdat die kerke nie saamstem nie.

Dit gebeur partykeer in die NG Kerk familie. Ek was eenmaal in Malawi, en ek het gelag, maar ook gehuil. Een gemeente in die Kaap wou sendingwerk gaan doen daar, maar die plaaslike gemeente daar het nie geweet dat daar sendelinge daarheen gestuur is. ‘n Ander gemeente hier in Johannesburg wou ook gaan sendingwerk doen in dieselfde gemeenskap, maar hulle ken mekaar nie, hulle kommunikeer nie.

Nou, die eenheid vir my, soos ek dit lees in Belhar, is nie om ‘n “stew” te maak nie. Ek verstaan die eenheid van Belhar as ‘n “potjiekos”. Potjiekos word nooit geroer nie, maar die geur van alles wat daar gekook word kom byeen in daardie een pot, en dit maak die kos lekker. Dit verskil van ‘n “stew”. In “stew” wil jy nie meer ‘n tamatie sien nie, jy wil nie meer ‘n boontjie sien nie, jy wil nie meer ‘n wortel sien nie. Potjiekos is nie so nie, jy sal nog al hierdie dinge sien, maar dit geur is die sigbaarheid van die eenheid. Die geur moet goed wees vir die mense wat daarbuite staan. As hulle dit ruik, moet hulle sê: “Ons begeer om deel te wees hiervan. The smell is nice.” Ons kan dit doen as ons mekaar liefhet, mekaar verdra en vir elke persoon spasie maak. Ons het verskillende gawes, maar ons moet ruimte maak sodat elkeen sy gawe kan uitleef en bydra – maar nie téénor die ander nie – wel om die ander te verryk. Dit is wat ons nodig het.

JAN: So, ons probleem is dat daar op die oomblik nog ‘n vyandigheid tussen die kerke in die NG Familie is.

DANIËL MALULEKE: Ja, dit is reg. Dit is ons probleem.

JAN: Ek het die vraag of die aanvaarding, kennis of verstaan van die Belhar Belydenis dalk op hierdie stadium belangriker is vir die NG Kerk as die hereniging met die ander lede van die NG Familie. Die tweede ding wat ek by u hoor is dat daar ‘n eenwording kan plaasvind waar jy selfs nog verskillende name van kerke kan behou, maar daar is ‘n sigbare eenheid. Wil u nie vir my iets meer daaroor sê nie?

DANIËL MALULEKE: Kom ek gee 'n voorbeeld van gemeentes wat naby aan mekaar is. Neem nou Monumentpark-Wes en Monumentpark en Waterkloofrif NG Gemeentes wat baie naby aan mekaar is. Die lidmate is vry om te beweeg tussen hierdie gemeentes. Die NG Kerk kwel hom nie vandag veel oor die grense van gemeentes nie. In die verlede was jy verplig om by die gemeente aan te sluit binne wie se grense jy woon. Vandag is dit nie meer so nie. Mense is vry om te beweeg. Eenwording moet daardie geleentheid gee. Ek kies om te wees waar ek wil, nie omdat ek jou haat of omdat ek dink jy is minderwaardig nie, maar ek is vry om te beweeg. Kyk, die NG Kerk is 'n goeie voorbeeld. Daar word van die NG Kerk gepraat as een kerk, maar as jy dink aan wat elke gemeente doen, dan is elke gemeente eintlik 'n selfstandige gemeente. Jy kry ook gemeentes waarvan jy dink dat dit nie aan die NG Kerk behoort nie, dit is 'n kerk op sy eie. Dit is so populêr dat hulle kan doen sonder die sinode. Maar tog is daardie koppeling nodig om te sê: "Ons is familie."

Nou vra jy die vraag of dit nie belangriker is vir die NG Kerk om die Belydenis eers te verstaan voor eenwording plaasvind. In 'n sekere sin is dit reg, maar die NG Kerk het die gevolgtrekking gemaak: "Belhar is vir ons 'n gogga." Jy kan Belhar 'n omslag gee of wat ookal, dit bly 'n gogga. Ek het altyd vir mense 'n voorbeeld gegee en gesê: "Jy kan mense nie 'bluff' nie. Hulle voel die Belhar Belydenis het ons aangekla as kettters, as mense wat nie by die waarheid staan nie." Ek het gesê, kom ons neem nou die armblanke vraagstuk. Die blankes wat van plase af getrek het, het destyds na die Witwatersrand gestroom. Daar het jy die onderdrukking van die blankes gevind onder die sogenaamde "rooinekke" – die Engelse. As Belhar gelees is in hierdie konteks van die Afrikaner, sou dit baie gou aanvaar gewees het, want die onderdrukker is 'n ander persoon. Maar aangesien Belhar die Afrikaner aangekla het as onderdrukker, al is hulle nie nou meer die onderdrukker is nie, wil hulle nie verstaan dat Belhar nou van toepassing is op die een wat nou hul onderdrukker is nie. Belhar se boodskap is: "Ons mag nie ander mense onderdruk nie – met woord of daad of wat ookal. Dit is 'n boodskap vir altyd."

Nou is die groot probleem dat baie mense, veral in die NG Kerk, oor Belhar praat, maar slegs onder mekaar. Hulle praat nooit met iemand wat 'n ander perspektief het om vir hulle die deur oop te maak na nuwe moontlikhede nie. Hulle nooi net mense om oor Belhar te praat, wat met hulle saamstem, mense wat negatief oor Belhar praat. Maar daar is tog 'n plek waar Belhar nog positief ervaar word. Dit moet uitgewys word.

JAN: Sou dit dan sin maak om Belhar eenkant te plaas en voort te gaan met die herenigingsproses daarsonder?

DANIËL MALULEKE: Dit is "cheating"! As jy die besluite en verklaring lees van byvoorbeeld Esselenpark, waar gesê word: "Kom ons los Belhar vir 'n rukkie, en gaan aan met die

eenwordingsproses.” Maar net in die volgende paragraaf word gesê: “In die nuwe kerk sal Belhar wel belangrik wees.” Nou vra jy jousef af: “Wat sê jy?” Hoekom sê jy nie: “Ons dwing niemand om Belhar te aanvaar, maar ons sê ook nie dat Belhar nie nou belangrik is nie. Belhar is vir ons belangrik, maar om die belangrikheid daarvan te aanvaar, is jou saak. Dit verhinder ons nie om te onderhandel met mekaar nie.” As ek ‘n gewone lidmaat was, sou ek ook onseker daarvoor gewees het.

JAN: Ek sien daar is ontwikkeling in die onderhandelingsproses. Aanvanklik was Belhar ononderhandelbaar en later het dit eintlik meer onderhandelbaar geword. Ek dink nou aan die Belgiese Kerk wat verskillende groeperinge van belydenisse het, waar die Belhar Belydenis onder ‘n spesifieke groepering val. Ek wonder of ons nie ook sulke onderskeidings kan maak nie. Byvoorbeeld dat ons die belydenisse uit die reformasie saam groepeer, en belydenisse uit ons eie tyd as eietydse belydenisse erken.

DANIËL MALULEKE: Dit is waar. Dalk is die probleem die gevoelens wat oor Belhar bestaan. As die mense die Belydenis lees, hoor hulle Ottawa. Hulle hoor vir Allan Boesak – en hy was nie deel van die opstel van die Belydenis nie, hy was bloot voorsitter van die sinode.

#### **Opmerkings uit die onderhoud met dr. Daniël Maluleke:**

- | Die Evangelie verkondig dat daar wel ‘n geestelike eenheid in die kerk bestaan, maar dit moet ook sigbaar wees – veral vanuit ‘n missionêre hoek beskou.
- | Die belydenis sê dat as ek jou liefhet en ek jou respekteer, sal ek vir jou ruimte maak. Dit is nie ‘n saak waar jy in ‘n bepaalde situasie ingedwing moet word nie.
- | Die boodskap van Belhar is dat jy nie ‘n skeiding kan bring tussen uitreik en versorging nie. Mense moet die liefde van jou woorde kan sien.
- | Die Belhar Belydenis het ‘n boodskap vir alle mense binne die samelewing en omstandighede waarbinne hulle hul bevind. Wanneer daar in ons tyd steeds op grond van ras werk gegee word aan mense (regstellende aksie), en nie op grond van kwalifikasie nie, wys Belhar dat dit ook verkeerd is. Daar is wel die historiese agtergrond van Belhar, maar mens kan vandag Belhar verklaar vanuit ons hedendaagse situasie, en dieselfde stok slaan ook na die VGK, die NGKA of selfs die ANC regering – en steeds vra: “Waar is die geregtigheid?”
- | Kerkeenheid is moontlik as ons mekaar liefhet, mekaar verdra en vir elke persoon ruimte maak. Ons het verskillende gawes, maar ons moet ruimte maak sodat elkeen sy gawe kan uitleef en bydra – maar nie téénoor die ander nie – wel om die ander te verryk. Dit is wat ons nodig het.
- | Die Belhar Belydenis word deur baie Afrikaners gesien as ‘n aanklag teen hulle. Daarom is aanvaarding moeilik. Die probleem word vererger solank daar slegs binne die NG Kerk gepraat word oor die Belhar Belydenis, en nie na buite gesprek gevoer word nie.

- I Die Belhar Belydenis kan nie afsonderlik van die herenigingsproses hanteer word nie. Dit is deel daarvan. Om iets anders te suggereer, is misleiding.

## 7.6. ONDERHOUD MET ANONIEM 2 19 FEBRUARIE 2007

Hierdie onderhoud is gevoer op 19 Februarie 2007. Die respondent verkies om anoniem te bly, en word daarom slegs geïdentifiseer as ANONIEM 2. Die respondent is lidmaat van die NG Kerk en het op verskillende vlakke met die Belhar Belydenis en die herenigingsproses te make. Daarom is hy as 'n goeie kandidaat vir 'n onderhoud beskou. Hierdie onderhoud is ook nie digitaal opgeneem nie, daar is slegs aantekeninge gemaak. Die weergawe hieronder is dus 'n breë raamwerk van die onderhoud, en nie 'n woordelike weergawe nie.

### ONDERHOUD

JAN: Wat, sou u sê, is die missionêre waarde van die Belhar Belydenis vir die NG Kerk. Sou ons nog enigsins kon sê dat Belhar vandag waarde het, veral in die lig van die veranderinge wat in 1994 plaasgevind het in Suid-Afrika?

ANONIEM 2: Die vraag of die Belydenis van Belhar se waarde verby is ná 1994, sê baie van ons verstaan van Belhar. Dit is foutief om te dink dat Belhar nie meer waarde het vir vandag nie. Die duidelikste rede daarvoor kan gesien word in die wêreldwye belangstelling in die Belydenis, soos vanuit kerke in die Verenigde State van Amerika, naamlik die *Christian Reformed Church*, die *Reformed Church in America* (RCA) en die *Presbyterian Church of the USA*. Die rede waarom hierdie kerke vandag belangstelling toon in Belhar, is dat dit drie temas bespreek wat baie belangrik is vir ons tyd: eenheid, versoening, geregtigheid. Hierdie drie temas kry min aandag in die belydenisse van ons tradisie. Daar word deesdae baie krete in die VSA gehoor oor eenheid, versoening, geregtigheid, en veral ekonomiese geregtigheid.

Dus, die grootste waarde wat Belhar vir die NG Kerk het, is dat dit ons kan help om in lyn te bly met kerke van die Gereformeerde tradisie wêreldwyd. Daarom behoort die NG Kerk erns te maak met hierdie belydenis. Die RCA het byvoorbeeld vir drr. Coenie Burger en Russel Bothman genooi om by hul sinode in Junie (2007) te praat oor die Belhar Belydenis. Dit wys die tipe belangstelling in Belhar, maar ook die rol wat die NG Kerk-familie daarin kan speel.

'n Tweede waarde wat dit vir ons meebring, is die beskerming van die regte van minderhede.

JAN: Watter waarde het dit vir die NG Kerk om die Belydenis te aanvaar as 'n belydenisskrif?



ANONIEM 2: As ons op die een of ander manier Belhar kan opneem in die belydenisgrondslag van die kerk, sal dit 'n ongelooflike versoenende ding wees (tussen gelowiges van verskillende rasse in Suid-Afrika).

Belhar is ná 25 jaar steeds aktueel. Neem byvoorbeeld "versoening". Daar is op die oomblik 'n wapenstilstand in die land tussen die verskillende rassegroepe. Daar is toleransie vir mekaar, maar dit beteken nog nie versoening nie. Die Kerke moet die moed hê om ware versoening aan te spreek in Suid-Afrika. Op die oomblik is 'n groot skuif besig om plaas te vind in die land. Die politieke welwillendheid wat uit die Mandela-tydperk kom, is besig om te verkrummel. Tot nou toe het oud-president Mandela so sterk oorgekom dat die politieke flanke doodgeswyg is. Nou begin hierdie flanke aan beide kante van die politieke spektrum weer te wys. Dink byvoorbeeld aan die gebeure rondom die liedjie "De La Rey". Die regse flank geniet die ontsteltenis oor hierdie liedjie, want vir hulle is dit 'n manier om die griewe van hul werkloosheid te lug (al het die skrywer en sanger waarskynlik niks hiervan beoog nie). Die linkse flank wys ook al hoe meer hul kleure, veral in die ANC-geledere.

Versoening is dus nog lank nie klaar in hierdie land nie. Dit kan ook gesien word in die manier waarop Belhar ontvang is in die NG Kerk. Byvoorbeeld, in my eie ontwikkeling het ek uit Belhar geleer dat God se geregtigheid nie noodwendig strook met hoe ons daarvoor dink nie. Dit geld ook vir God se siening van eenheid.

JAN: Wat moet ons maak met die negatiewe gevoelens oor Belhar in die NG Kerk?

ANONIEM 2: Dit is baie ongelukkig dat die NG Kerk Belhar verstaan het as 'n persoonlike aanval. Dit is hoe baie mense in die NG Kerk daarvoor dink. Al wat baie van die Belhar Belydenis weet, is dat die NGSK die NG Kerk destyds beskuldig het van kettery. Dit bly 'n ongelukkige siening, want die Belhar Belydenis is nie 'n aanval of aanklag nie. Dit is 'n Belydenis.

Kyk na die formulerings oor Belhar in die stukke van die Algemene sinode 2004:

Ons is oortuig dat die verskille oor Belhar meer te doen het met historiese, emosionele en simboliese faktore as met die wesenlike inhoud self. Dit is baie belangrik dat ons oor al hierdie faktore sal praat sodat ons nie "by die verlede stilstaan nie" (Jes 43:18), maar saam kan fokus op ons roeping vandag en in die toekoms.

(Notule Algemene sinode 2004: Notule F.1.1 punt 3, bladsy 3)

Belhar het belangrike simboliese betekenis:

1) Vir die VGKSA: Dit is 'n simbool van die vernedering waardeur hulle moes gaan oor jare heen. Antropologies gesien het dit te make met die seerkry-belewenis in die apartheidstryd. Daarom sal die erkenning van Belhar deur die NG Kerk vir hulle beteken dat die NG Kerk aan hulle respek betoon as kinders van God.

2) Vir die NG Kerk: Dit is 'n simbool van die kettery klag by Ottawa, en daarom is dit 'n vernedering vir die NG Kerk. Daar is vir die NG Kerk gesê dat sy onderskrywing van apartheid kettery is. Nou moet die NG Kerk hom nog verder verneder voor hierdie mense wat hom aangekla het, deur Belhar te aanvaar as 'n belydenis.

As ons kyk na die Gereformeerde Belydenisskrifte, het dit tot stand gekom rondom tye van skeuring en nie gelei tot eenwording nie. Dalk is dit te veel om te verwag dat Belhar na 20 jaar aanvaar word deur die NG Kerk?

JAN: Sou u sê dat almal in 'n herenigde kerk die Belhar Belydenis behoort te onderskryf, sou daar 'n hereniging van die familie van NG Kerke plaasvind?

ANONIEM 2: Kerkhereniging is so 'n uitsonderlike proses, dat dit nie so eenvoudig is nie.

Kom ons kyk na parallelle kerkherenigings:

- | *Protestantse Kerken Nederland*: Hulle het beide die Lutherse en Gereformeerde belydenisse opgeneem, maar lidmate kan self besluit watter vir hulle belangrik is.
- | Australië: Die Methodiste en die Presbiteriane het gewoon die preke van Wesley as belydenisbasis aanvaar.
- | *Presbyterian Church in the USA*: Hulle gooi al die belydenisse saam en skryf 'n opsommende belydenis.
- | *South African Presbyterian Church*: Hulle verwag van lidmate om een van die drie belydenisse te onderskryf.

Die vraag bly: wat is die bindende krag van 'n belydenis?

Daar bestaan 'n verskil tussen die Lutherse en Gereformeerde siening. Volgens die Lutherse benadering loop jy die risiko van afsnyding as jy nie die Augsburg Konfessie onderskryf nie. Die Gereformeerde benadering is oper. Daar sal dus besin moet word oor die aanvaardingsposisie van die Belhar Belydenis in die beoogde herenigde kerk. 'n Belangrike stap wat in hierdie rigting geneem is, is die besluite by Esselenpark.

JAN: Hoe sal mens dan te werk gaan as almal nie onder die verpligting is om Belhar as belydenis te aanvaar in 'n herenigde kerk nie?

ANONIEM 2: 'n Verdere vraag is: wie moet Belhar onderteken? Sou mens dit net van die jonger dominees verwag en nie van die leraars wat reeds georden is nie?

'n Mens moet die emosionele lading van Belhar begryp, toe die NGKA en die NGSK in Ottawa uitgestap het uit die nagmaal omdat hulle nie saam met die NG Kerk nagmaal wou gebruik nie. Dit is baie moeiliker om dit te aanvaar as mens aan die negatiewe kant van die belydenis staan. BUVTON het al in 1994 voorgestel dat daar 'n sesde artikel by Belhar gevoeg word, of 'n *Postscript* geskryf word – 'n gesamentlike respons in die familie van NG kerke. Dit is nog nie so aanvaar nie, maar dit is 'n voorbeeld van wat moontlik is.

'n Verdere vraag wat mense in die NG Kerk vra, is: "Die Wes-Kaapse sinode het die 1957 besluit herroep. Waarom kan die VGKSA nie die *status confessionis* herroep nie?" Hierdie dinge wys watter rol die emosionele lading van Belhar by mense speel.

'n Laaste gedagte. By Akkra is meer in die rigting van 'n *processus confessionis* beweeg. Is dit nie eerder waarmee ons besig is nie? Is die NG Kerk-familie nie eerder in 'n proses van belydenisvorming besig nie, eerder as dat die *status confessionis* dui op 'n afgehandelde gebeurtenis?

### **Opmerkings uit die onderhoud met Anoniem 2:**

- | Die grootste waarde wat Belhar vir die NG Kerk het, is dat dit die kerk kan help om in lyn te bly met kerke van die Gereformeerde tradisie wêreldwyd. Daarom behoort die NG Kerk erns te maak met hierdie Belydenis.
- | 'n Tweede waarde wat dit vir die NG Kerk meebring, is die beskerming van die regte van minderhede.
- | Die Belhar Belydenis is uiters relevant vir vandag. Versoening is nog lank nie klaar in hierdie land nie. Dit kan gesien word in (a) die manier waarop Belhar ontvang is in die NG Kerk, en (b) die politieke flanke wat al hoe meer na vore kom (bv. met die liedjie "De La Rey" en die verdeeldheid in die ANC).
- | Belhar het belangrike simboliese betekenis vir die VGKSA en vir die NG Kerk. Vir die VGKSA het dit te make met hul menswaardigheid. Vir die NG Kerk is dit 'n simbool van vernedering.
- | Daar kan op verskillende maniere te werk gegaan word om die belydenis-basis vir 'n herenigde kerk vas te stel.
- | Ten opsigte van die aanvaarding van 'n belydenis, is dit belangrik om daarop te let dat daar verskillende benaderings is, byvoorbeeld die Lutherse en die gereformeerde sienings.

| Is ons nie in die NG Kerk-familie met 'n *processus confessionis* besig nie?

### 7.7. ONDERHOUD MET JOHAN BOTHA 20 FEBRUARIE 2007

Hierdie onderhoud is gevoer met dr Johan Botha op 20 Februarie 2007. Doktor Botha is predikant in Sinodale Diens vir die Kommissie vir Getuienisaksie in die Wes-Kaap. Hierdie is 'n kommissie wat gesamentlik werk vir die streeksinodes van die NG Kerk en die VGKSA in die Wes-Kaap. 'n Onderhoud is met dr. Botha gevoer, op grond van die volgende oorwegings:

- | Dr. Botha het grootgeword as dooplidmaat van die NGSK, maar het baie kontak met die NG Kerk gehad en het belydenis van geloof afgelê in die NG Kerk. Hy ken dus beide kerke baie goed.
- | Dr. Botha het vir lank as leraar in die NGSK, later die VGKSA, gewerk.
- | Dr. Botha was ook teenwoordig tydens die ontstaan van die Belhar Belydenis, en het rondom hierdie tema gepubliseer.
- | Dr. Botha is tans betrokke by die samesprekings oor Kerkhereniging in die familie van NG Kerke.

#### ONDERHOUD

JAN: Hoe het dit gebeur dat jy 'n lidmaat van die VGKSA is?

JOHAN BOTHA: Ek is die seun van 'n Sendingkerk dominee, wat in Wynberg predikant was. My pa is David Botha. Ek is dus gebore en gedoop in die Sendingkerk in die jare 1950. Ek het grootgeword in die Sendingkerk. My ouers het my (en my broers en susters) van die begin af blootgestel aan die "meer-vlakkigheid" of die "meer-kantigheid" van die NG Kerk-familie. So, my vroegste herinnering is waar ek as kind saam met ds. Pietie Victor, wat by Straatwerk betrokke was, aan die hand gestap het Sondagskool toe by die NG Kerk op die bult, by Wynberg. As ek klaar was met Sondagskool, dan vat hy my af na die NG Sendingkerk, net onder die bult, waar my pa dan preek. So, ek het letterlik grootgeword met my voete alkant van die lyn. Ek het nie net so grootgeword nie, my hele lewe loop so.

Ek is toe later na Malmesbury, en toe ons daar kom, was die kerk weer so bietjie bo-op die bult en onderkant die bult. Ek het uiteindelik deur my ouers se oorweging belydenis van geloof afgelê in die NG Kerk, maar ek het my roeping ontvang om predikant te word, in die Sendingkerk, want ek is Sondag vir Sondag katkisasieklas toe, en erediens toe. My pa het gesê: "Ek gaan jou nou op 'n gestruktureerde manier blootstel aan die NG Kerk, so gaan doen daardie katkisasie, maar ek sal jou katkiseer van die kansel af." Dit het uitstekend gewerk vir ons, vir my. Ek het die gesange aan beide kante leer sing – ek ken hulle uit my kop uit, die ou gesange van die Sions-kant af en van die

Psalms en Gesange-kant af. Ek ken die gebruike, ek dink ek kan dit goed vergelyk, want ek praat nie van hoorsê daaroor nie – ek praat van ervaring. Ek dink nie ons is ver van mekaar af nie, maar dit is my persoonlike perspektief. Die dinge waarmee ons dink ons ver van mekaar af is, is regtig nie wesenlik nie.

JAN: Is dit meer uiterlike gebruike as teologie?

JOHAN BOTHA: Ek sou nie dit sê nie. As jy teologie praat, dan moet jy nou sê: “Was die heersende denke oor God in die Sendingkerk destyds en die NG Kerk naby aan mekaar?” Ek sal antwoord: nee. In die NG Kerk het diegene wat die apartheidsideologie teologies ‘n fondament gegee het, mos nou darem die botoon gevoer. Hulle sou byvoorbeeld aan 1 Korintiërs 12, Efesiërs 4 en Romeine 12, wat gaan oor die Liggaam, ‘n geestelike interpretasie heg, terwyl ek (ons in die VGK, of die Sendingkerk destyds) dit van die begin af anders verstaan het. Dit was nie geestelik uitgelê asof ons met mekaar niks te make het nie. Die versugting in die Sendingkerk was na die gemeenskap met die NG Kerk – nou my eie ervaring – in die beginjare. Dit is nou voordat die vervreemding sodanig geraak het dat daar vanuit die Sendingkerk vir die NG Kerk gesê is: “Ons wil nie eintlik met julle praat nie. Ons wil nie eintlik naby julle wees nie, want ons dink nie ons praat vanuit dieselfde wortels nie. Ons Godstaal verskil van mekaar, en die ellende is dat ons mekaar ook nie meer behoorlik hoor nie, so kom ons los mekaar, ons praat nou maar eerder nie.” Dit was ‘n later fase. My eerste ervaring was dat ek geleer het om die liedere wat aan die een kant gesing is en dié wat aan die ander kant gesing is, in myself te integreer. Dit het my spiritualiteit saam gevorm. As ek nou sê dat kerkwees nie so ver van mekaar is nie, dan bedoel ek dat die goed wat ons gewoonlik gebruik om aan te dui dat ons eintlik nie so eenders is nie, dit is nie wesenlik nie.

Die stryd wat ons gehad het rondom die Godstaal, rondom die manier waarop ons oor God dink, hoe die gemeente behoort te lyk – kom ek noem dit: wat ons ekklesiologie betref – was ‘n al groter wordende stryd. Ek dink, spesifiek op hierdie punt, maak die Belhar Belydenis vir ons ‘n nuwe lyn oop. As jy vir my sou vra: Waar rondom is daar die grootste korreksie aangebring? Wat kan die Belhar Belydenis doen? Hoe is die Belhar Belydenis bruikbaar? – dan sou ek nogal dink ons moet bietjie praat oor die ekklesiologie - hoe dit verskil het tussen die verskillende dele van die NG Kerk-familie – op hierdie punt is die groot korreksie.

My eie ervaring ondergaan mos ook verskillende stadiums in die geskiedenis. Mens groei mos maar. Jy belewe soms dinge sus en soms dinge so. Vandag onthou ek sekere goed, more weer ander. As jy my vandag sou vra: “Verskil ons regtig?”, dan sal ek antwoord: Daar is soveel wat ons eintlik met mekaar deel, wat eenders is, dat ons vrese om bymekaar te kom, nie goed gegrond is nie. Ons maak van verkeerde goed te veel, en van die regte goed te min.”

JAN: Een van die basiese vrae is of die Belhar Belydenis enigsins nog relevant is, veral na die gebeure van 1994. Kan Belhar nog 'n rol speel vandag?

JOHAN BOTHA: Ek dink nie Belhar is minder belangrik nie – ek dink dit word al hoe belangriker, omdat die soort uitdagings wat ons in die samelewing het – teologies beskou – vanuit die Belhar Belydenis antwoorde kry, geantwoord kan word en beantwoord moet word. As jy maar net dink aan die neiging in ons samelewing om te verbroekel en te verbreek en téénoor mekaar te staan, is dit in die hart van die Belhar Belydenis om die saak van versoening op die tafel te sit. Versoening, uiteindelik nie net tussen God en ons nie, maar ook tussen ons met mekaar. Daar is nou nie net historiese 'n werklikheid van onversoendheid in ons samelewing nie. Daar is vandag duidelik 'n onwilligheid om mekaar op te neem, om met mekaar saam te stap, vir mekaar ruimte te gee en vir mekaar 'n vredevolle gemeenskap te waarborg. Ons het op soveel verskillende vlakke neigings dat mense uitmekaar loop, weg van mekaar wil staan, nie regtig met mekaar wil verbind nie. Ek sou dink dat die golf van misdaad in die samelewing ons weg van mekaar af dwing. Dit bring ou stereotipes na vore. Ons kyk na mekaar met historiese brille, weer en weer.

Die kohesie, wat ons in 1994 gedink het bestaan, is besig om te ontrafel, en die neiging is dat ons teenoor mekaar te staan kom en teenoor mekaar polariseer – nie soos van ouds nie, maar heel nuut nou, met 'n onwilligheid om die pad te stap wat deur die versoenings-boodskap van Belhar op die tafel gesit word. Ons is tog mekaar s'n, ons is aan mekaar verbind – en ek bedoel nou selfs so: as ons die kerklike gemeenskap in Suid-Afrika en veral die NG-familieverband nie aanspreek nie, en as ons nie sê “Wys 'n alternatief”, of “Gee vir die gemeenskap 'n voorbeeld van 'n versoende gemeenskap” nie, watter hoop is daar dan? In die gewone sekulêre gemeenskap is daar die neiging om uitmekaar te loop, om te verindividualiseer en in die gevolg daarvan uiteindelik elkeen besig te wees met hom-/haarself, óf as individue óf as groepe – soos Martin Luther sê: “Met ons eie naeltjies besig te wees.” Ons draai nie na mekaar toe en sê: “Ek is jou broeder, ek is jou hoeder. Jy is my suster. Jy het 'n verantwoordelikheid teenoor my. Ons het 'n versorgings-verantwoordelikheid teenoor mekaar en ons is medeverantwoordelik vir mekaar en saam met mekaar vir die toekoms.” Wat roep ons soontoe?

Die hart van die Belhar Belydenis sit die saak van versoening op die tafel, wat ons roep om as versoendes 'n verskil te maak in ons samelewing. Dit is nou spesifiek aan die adres van die kerklike gemeenskap gerig. Ek het net-nou gesê: “Ekklesiologie is die ‘issue’”. Die versoeningsboodskap in die hart van Belhar herstruktureer die ekklesiologie – die ekklesiologie van afsonderlikheid wat deur mense begrond is en gemotiveer is vanuit die teologie. Daarteenoor staan die versoeningsteologie wat die ekklesiologie 'n nuwe inhoud gee deur te sê: ons is daar vir mekaar, ons is aan mekaar verbind, nie omdat ons so besluit het nie, maar omdat Jesus die Here is. As dit so is en ons sukkel daarmee, kan ons na die eerste artikel van Belhar gaan en sien: God maak bymekaar en God gee julle vir mekaar, en God gee julle as broers en susters vir mekaar.



Die versoeningsboodskap van Belhar kwalifiseer die “bymekaar-wees”. Ons is nie bymekaar omdat ons dit so gekies het nie, ons is nie bymekaar omdat ons van mekaar hou nie, ons is bymekaar omdat ons by mekaar gesit is.

Belhar is ‘n belydenis, en ‘n belydenis praat met jou objektief – van buite af. ‘n Belydenis herinner jou aan wat die waarheid is. Dit keer jou om te ver te gaan in jou eie subjektivisme. Dit is ‘n objektiewe maatstaf. Dit help jou om te oriënteer – en in daardie sin moet ons nie te maklik opgee oor die konfessionele karakter waarvan ons praat nie. Dit is ‘n belydenis. Belydenisse het deur die eeue ‘n rol gehad om ons te help om te oriënteer wanneer ons “dis-oriënteerd” geraak het. Belydenisse het deur die eeue die rol gehad om ons te help om in te sien wat ons nie insien nie, wat ons nie kan raaksien nie. Belydenisse het deur die eeue die rol gehad om vir ons as ‘n gemeenskap, wat neig om ons eie ding te wil doen, daaraan te herinner aan ons verantwoordelikheid teenoor die Here, iets wat ons nie moet vergeet nie. Belhar is so ‘n soort dokument. Belhar was nie bedoel om iets anders te wees nie. Belhar was nie ‘n verklaring nie, en is dit vandag ook nie.

So, as jy die vraag vra: “Is dit nog so belangrik?”, sal ek wil sê: “Dis uiters belangrik.” Die vraag oor hoe ons dit hanteer, is ‘n tweede vraag – ‘n tweede-orde vraag. Moet almal dit onderteken? Word dit van almal verwag? Moet ons dit so doen? Dan wil ek sê: “Ons kan daarvoor bietjie praat.” Op die vraag of Belhar en sy boodskap nog belangrik is, is my antwoord: “Nog meer as ooit.” Ons het nog nie geslaag met betrekking tot kerkhereniging nie. Belhar help ons en roep ons en sê vir ons: “Julle hereniging is nie ‘n saak van eie keuse nie, dit het ten diepste te make met die geloofwaardigheid van die boodskap wat julle verkondig. Die Evangelie se geloofwaardigheid is op die spel. As julle dit nie doen nie, hoekom moet mense glo in die versoeningskrag en die eenheidsverkondiging van die evangelie van Christus? Hoekom sal hulle in Hom glo? So, julle Here en sy Evangelie is op die spel.” Belhar herinner ons daaraan.

Belhar herinner ons daaraan dat die aard van ons geloofsgemeenskap ook op die spel is. Of ons dit regkry om as versoendes met mekaar saam te lewe, of nie, bring die geloofwaardigheid van die Evangelie op die spel.

Die derde punt is dié van die geregtighede-eis wat op die tafel geplaas word. Ons konteks is vandag ‘n konteks waar die gaping tussen ryk en arm al groter word, waar maklik vergeet word dat die gevoeligheid van diegene wat swaarkry, ‘n belangrike saak is. Dit is God se geaardheid dat Hy ‘n sagte hart het vir dié wat in nood is. Belhar herinner ons daaraan dat ons ‘n verantwoordelikheid teenoor mekaar het, dat ons veronderstel is om vir mekaar te sorg, vir mekaar om te gee. As jy oor die inhoud van Belhar dink: dit is evangelie. Ons sou dit nie wou minder maak nie. Ek dink nie dit is onbelangrik nie, intendeel.

As dit nie so was nie, sou daar nie soveel gemeenskappe en kerke reg oor wêreld gedink het dat dit belangrik is nie. België, Duitsland, Holland, Amerika, selfs verder weg as die kontekste wat ek tans genoem het. Ander kerklike denominasies se reaksie vra ons om ook te oorweeg om Belhar deel van ons konfessionele grondslag te maak.

JAN: Ek weet van verskillende lande wat op verskillende maniere na Belhar kyk. Ek wonder net of dit verder in Afrika 'n rol speel.

JOHAN BOTHA: Dit is interessant dat ons die Belydenis op die tafel gehad het in ons gesprek in Malawi. In Malawi is daar 'n fyngevoeligheid by ons susterskerk, CCAP Nkhoma sinode, vir die betekenis van hierdie belydenis vir hulself, maar ook in ons verhouding met mekaar, as 'n dokument wat vir die samelewing daar op 'n nuwe manier die appél van die evangelie verwoord. Jy kan amper sê dat dit as 'n sendingdokument na die burgerlike gemeenskap van Malawi beskou kan word. Dit is 'n dokument wat resoneer hoe die kerke self dink oor die spesifieke sake van eenheid, versoening en geregtigheid, soos dit in die Woord na vore kom. Daar is 'n teologiese aanvaarding en besinning aan die gebeur, maar daar is ook die onmiddellike vraag: hoekom sou ons dit doen? So word ook die konteks op 'n nuwe manier aangespreek deur die dokument.

In ons bilaterale gesprek met die kerk in Malawi, vanuit die hoek van die VGK (Moderature), is die saak van die Belhar Belydenis op die tafel gesit. Nie net op daardie vlak nie, ook vanuit die hoek van die Getuienis-aksie, wat die Sendingkommissie van die Kaapse is, is die Belydenis na vore gebring. Ons is besig om dit op die tafel te sit met ander kerkverbande, byvoorbeeld Mosambiek. Die Belhar Belydenis is 'n belangrike bron wat deel uitmaak van die Getuieniskommissie se eie verstaan, daarom word die belydenis uitgedra as deel van ons aktiwiteite. Ook toe ek saam met my pa in 1991 besoek afgelê het by die kerk van Christus onder die Tiev (in Nigerië), is die Belydenis van Belhar amptelik aan hulle oorhandig as 'n geskenk. Die belydenis is besig om 'n weg te vind in Afrika. Dit gebeur op 'n ander manier as die teologiese gesprek waarmee ons besig is.

JAN: Sodra die NG Kerk en die VGKSA betrokke raak in Afrika, kan ons nie anders as om dit gesamentlik te doen nie. Hoe kan twee kerke met dieselfde belydenis by 'n gemeenskap aankom en die mense aanmoedig om saam te werk, maar hulle kan dit self nie doen nie? Belhar lê aan die basis van hoe dit gedoen kan word.

JOHAN BOTHA: As jy dink aan die drie kern-artikels van Belhar – al drie beklemtoon ons verbondenheid met mekaar as God se wil en onder die heerskappy van Christus, ons *is* om dié rede een, of ons daarvan hou of nie, ons het dit nie gekies nie. Dit is nie ons besondere insig nie, selfs teen ons sin. Ek onthou in SARK 1997, het Desmond Tutu die bydrae gemaak: “Broers en susters, ek sê vir julle so, want in die gemeenskap van die gelowiges kies ek nie my broers en

susters nie, hulle word vir my gegee – daarom is PW Botha my broer. Dit was die nuus van SARK, dat Tutu, wat sekretaris van die SARK gaan word, en 'n openlike kritikus van Botha se politieke beleid, dit sê. Daarom is dit vanselfsprekend dat ons dit moet verstaan as 'n grondliggende riglyn.

'n Ander grondliggende riglyn is die aard van daardie geloofsgemeenskap. Ons kyk nie meer na mekaar deur die bril van die vlees nie (2 Kor. 5), ons kyk na mekaar met die oë van Christus. Om na mekaar te kyk deur die oë van Christus is iets anders. Ons is nuut, mekaar s'n. Die konsekwensie daarvan is dat, al verskil ons van mekaar, laat ons nie toe dat die strukturering van die samelewing (wat ryk en arm op 'n manier van mekaar weg-definiëer en weg-struktureer) die finale rol speel nie. Intendeel, ons moet hierdie samelewingstrukture oorbrug. As die samelewing se politieke en ekonomiese orde dit nie moontlik maak nie, dan roep Belhar ons op om daartéén te staan. Dit kan dan nie so bly nie, want dit eer God nie en is ook nie ons naaste tot voordeel nie.

So, ek stem met jou saam, Belhar is basis, dit is bron. As ons van mekaar verskil, het ons geen gesamentlike getuienis nie. Daarom is dit noodsaaklik om uit te maak of Belhar in ooreenstemming is met die Woord. Die NG Kerk het al in die jare negentig gesê dat die Belhar Belydenis nie in stryd met die Woord van die Here is nie. Of ons dit positief kan sê: “Dit *is* in ooreenstemming met die Woord van God,” lyk vir my, is die moeilike een.

JAN: As ons so praat, kom twee dinge vir my na vore: die verskil tussen die inhoud van die Belhar Belydenis, en die konnotasie wat baie mense aan die Belydenis heg. Daar is ook baie wat sê hulle stem saam met die Belydenis, maar beteken ditstrukturele eenwording?

JOHAN BOTHA: Ek verstaan dit. In sy resensie van die boekie: *Op pad met Belhar*, het Mike Smuts (jr.) gesê dat een van die dinge waarmee ons nie genoegsaam rekening hou nie, is die emosionele weerstande wat mense het teen die Belydenis – en hoe moeilik dit is om hierdie weerstande te bestuur. Mense reageer teenoor persone, oftewel, hul stereotipe voor-verstaan van persone. Omdat jy verdag is, word jou bydrae ook afgeskiet. Hoe moet ons dit hanteer?

Die tweede ding is: hierdie gogga, wat Belhar genoem is, het dít wat ons al die jare gedink het die regte ding is, kom bevraagteken. Mense sê: “Ek is gewillig om 'n nuwe pad met jou te loop, maar kom ons los Belhar, dit het my skaam gemaak. Belhar het 'n rol gehad, maar het dit nie nou meer nie.”

Die moeilikheid waarmee ons te make het, is om die dubbele karakter van 'n Belydenis – wat tegelykertyd in spesifieke omstandighede praat, maar ook bó die omstandigheid uitstyg – voortdurend saam in gedagte te hou. Dit is een van die goed wat vir mense moeilik is om te verstaan. Belhar het 'n waarheidswoord gepraat in 'n spesifieke konteks. Belhar is spesifiek

tydsbepaald. Die Belydenis het nie los gepraat van die destydse moeilikheid wat ons gehad het en die ellendes waarin ons gesit het nie, maar dit so helder as moontlik aangespreek. Dit was die formulering van 'n *norma normata*, naas die *Norma Normans*, naas die Woord. Die mees belangrike woord wat 'n kerk kan spreek, is 'n belydeniswoord. Dit is 'n belydeniswoord wat 'n spesifieke afwyking van die Christelike Evangelie aangespreek het, op 'n spesifieke tyd in die geskiedenis, vir 'n spesifieke groep mense wat op daardie spesifieke tyd saam met mekaar in daardie omstandighede was. Dit is nooit anders nie. Alle belydenisse het so 'n spesifieke historiese verworteldheid.

Maar die karakter van 'n belydenis is eweneens dat dit die spesifieke te bowe gaan. Dit verteenwoordig 'n algemene waarheid, waaraan ons ons kan bly oriënteer vir 'n volgende historiese konteks. Die rede daarvoor is dat, wanneer 'n belydenis gebore word, is dit die Here wat ingryp en insig gee in ons werklikheid. Daardie kwaliteit, naamlik dat dit 'n Woord van die Here is, maak dit 'n kwaliteit waarna ons altyd weer kan luister en waarna ons behoort te luister. So bring dit ons terug na waar ons behoort te wees en so gee dit ons koers na waarheen ons behoort te gaan. Dit is die kwaliteit van alle belydenisse. Die Heidelbergse Kategismus is vir ons 'n riglyn tot vandag toe. Hoekom sal ons daaraan vashou? Dit is dan geskryf in 'n tyd toe daar 'n feudale stelsel in Duitsland was, wat daar nie nou meer is nie. So, wat het dit met ons te doen? Waarom moet ons dit as 'n historiese dokument aanvaar as 'n riglyn vir ons lewe?

Ek dink nie ons moet die Heidelbergse Kategismus weggooi, en omdat ons sê die Belydenis van Belhar se belydeniskarakter is vir ons te moeilik, moet ons nou minder konfessioneel dink. Ek dink ons moet eerder meer *reg konfessioneel* dink. Wat is 'n konfessie? Watter rol het 'n konfessie? Hoe hanteer ons konfessies? Hoe hanteer konfessies ons? As ek kan sê wat my op hierdie stadium die beste troos gee, is dit artikel een van die Heidelbergse Kategismus. Dit sê vir my dat ek nie aan myself behoort nie. Waar het ek dit gehoor? Omdat mense in Duitsland dit vir die eerste keer gesê het en dit nie in Afrika uitgedink is nie, is dit vir my nie belangrik nie? Nee.

Dit is 'n waarheid. Dit staan vas, op grond van die Here se Woord. So, die toets vir die Belhar Belydenis is nie *my* gevoel daarvoor, of *jou* gevoel daarvoor nie. Die toets vir die aanspraak dat die Belhar Belydenis 'n belydenis is, het te make daarmee of ons die toets van die Skrif vir die Belydenis aanlê. Dit het te make daarmee of Belhar die toets slaag of nie. Niemand kon nog sê dat dit nie die toets slaag nie. Dít help my om weg te kyk van die geskiedenis waaruit Belhar gekom het, as 'n eerste interpreteer. Dit was 'n eerste interpreteer, maar vir hierdie tyd waarin ons nou is, is dit noodsaaklik om die vraag te vra: Hoe hou die Belhar Belydenis met die Bybel verband? Is dit die Bybel se boodskap? Is dit iets anders as die Bybel se boodskap? Is die feit dat feilbare mense dit aan ander feilbare mense moes kommunikeer en omdat ons nie hou van die boodskapdraer nie, genoegsame rede om die boodskap weg te gooi? Ek dink nie so nie.

Ek wil 'n laaste opmerking maak. Ek dink ons het, as Sendingkerk destyds (en as VGKSA later), te min gedoen (wat onself betref) om die Belhar Belydenis só te verkondig, dat mense minder die mense wat dit bring gesien het, maar meer die waarheid wat dit dra. Ons moet maar ernstig in ons eie geskiedenis gaan kyk. Wat het ons regtig gedoen om die Belhar Belydenis te beliggaam? Ons, by wie dit gebore is, het óns genoeg erkenning gegee daaraan dat dit nie 'n belydenis is wat sy oorsprong by ons het nie, maar wat letterlik sy oorsprong by die NG Kerk-familie het? As jy bietjie die geskiedenis lees soos wat dit in die boekie ( ) verskyn, dan besef mens daar is allerlei strominge wat tot die Belydenis se geboorte aanleiding gegee het. Dit word nie alles daarin vertel nie. Daar is ook nog die rol van ABRECSA en die Belydende Kring, wat mense gehelp het om belydenis-georiënteerd te dink. As jy met iemand gesels soos Allan Boesak, sal hy dit beter kan vertel as ek. Daar was 'n baie sterk besinning by mense oor wat hul pad uit hierdie situasie sou wees. Daar was 'n ernstige besinning oor *belydenis* as belangrike saak, wat gekom het vanuit mense se bewuswording van die kerkstryd in Duitsland. Studente wat in Europa gaan studeer het, is hieroor ingelig en het begin nadink oor die stryd van Belydende Kerk in Duitsland. Hulle het gevra: "Is dit dalk vir ons 'n leitmotiv?" Beyers Naudé skryf reeds daaroor in sy *Christelike Instituut*-dae. Daar is 'n motivering wat van daar af kom wat net so belangrik is as ook die ander strominge. Teoloë soos Willie Jonker, David Bosch en Jaap Durand het ons gehelp om dit wat ons tans hoor te verstaan, naamlik dat die manier waarop die Bybel uitgelê word deur mense wat die apartheid se teologie teologies begrond, gewoon onaanvaarbaar en verwerplik is. Mense wat uiteindelik saam die Brief van 123 geteken het, het dit geteken omdat dit 'n uitroep was teen dit wat destyds gangbare teologie was. Daar is 'n nuwe stem gehoor oor eenheid, versoening en geregtigheid. Al drie hierdie sake lê in die brief van die 123. Hulle was almal geordendes van die NG Kerk of Proponente van die NG Kerk wat binne die konteks van die susterkerke gewerk en geleef het. Dit is vanuit die "sending" teruggepraat. Daarom kan jy sê dat Belhar 'n sendingdokument is. Belhar het sy ontstaan vanuit die dampkring van mense wat elders (nie binne die NG Kerk nie) diens gedoen het.

JAN: Lesslie Newbigin praat van 'n dialoog wat binne die raamwerk van 'n sending-situasie plaasvind. Het daar iets daarvan in SA plaasgevind?

JOHAN BOTHA: Dit is nie net die groep van 123 wat teruggepraat het nie. Die vrug van die sendingwerk het begin terugpraat. Die menses soos Allan Boesak en Chris Loff, verskeie ander mense het begin terugpraat. Die kerk het begin terugpraat. Die "dogterkerk" het begin terugpraat, en hierdie kerk was nie net "bruin" nie, die kerk was wit, swart en bruin. Ek het jou vertel waar ek self vandaan kom. Ek is nie 'n produk van die NG Kerk nie. Ek is 'n produk ook van die NG Kerk, maar ek het eintlik my gevoeligheid vir die liggaam van Christus se besonderheid, en se andersheid en se karakter, van kleins af leer ken in die arms van die moeders van die NGSK van Wynberg. Hulle het my my eerste taal laat praat, hulle het my saam met my ma versorg. Die susters van die Susters Bond van daardie gemeente is nou nog my eerste familie.

So, as jy my vra wie ek is, dan antwoord ek: “Ek is gedoop en gebore in die Wynberg Gemeente van die NGSK, en ek kom daarvandaan. As ek terugpraat na die NG Kerk toe, dan doen ek dit vanuit so ‘n vertrekpunt, maar met die duidelike verstaan dat ek deel is van die groot NG Kerk-familie. Ek is in die familie. Ek is nie uit die familie uit nie.

So is daar verskillende maniere van terugpraat. As jy my nou sou vra: “Wat help uit die terugpraat vir ons om beter te begin insien,” dan is daar twee kante. Ek praat met jou terug oor hoe ek die evangelie hoor, en hoe ek die Here van die Evangelie hoor. Ek praat ook met jou terug as ‘n mede-verantwoordelike vir die hele Liggaam. Hierdie twee goed is nie noodwendig teenstellend nie en dit hoef nie noodwendig twee goed te wees nie, dit is dalk maar dieselfde ding. Maar ek praat met jou terug omdat ek vir jou wil vertel hoe ek die Evangelie hoor. Omdat ons mank gaan aan die invloed van die sonde en die gebrokenheid, is dit noodsaaklik dat ek my deel-perspektief laat konfronteer met jou deel-perspektief, sodat ons uit ons ontmoeting met mekaar ‘n groter geheel-perspektief kan open. Dit kan natuurlik wees dat jy op ‘n stadium in die geskiedenis die heel-perspektief die beste verwoord van enige een van ons tot op hierdie stadium.

JAN: Dit kan ook andersom wees...

JOHAN BOTHA: Dit kan ook andersom wees, maar dit is in die geval van die Belhar Belydenis, na my verstaan, ook so. Die eenvoudige waarheid vir, my is, dat die Belhar Belydenis vir my die waarheid verteenwoordig. Daarom is “‘n Oomblik van waarheid” nie ‘n onbelangrike titel nie – veral vir die huidige konteks waarin ons is. Dit is asof die Evangelie gefokus is vir ons konteks.

As mens bietjie wonder: Hoekom eenheid, hoekom versoening, hoekom geregtigheid?

(Lees soveel jy kan van Dirkie Smit se goed want ek dink hy verwoord dit die heel beste. Hy kry dit reg om die teologiese betekenis van die belydenis raak te vat. Sy teologiese besinning is altyd in terme van die konteks gedoen. Hy probeer ook nie op sy eie praat nie - hy praat saam met ander. Sy greep van die belydenis en van die aard van die belydenis in sy konteks, is na my mening die beste.)

Die feit dat dit oor eenheid, versoening en geregtigheid gegaan het, het ‘n direkte historiese motief. Op die eenheid het ons al vir baie jare gekonsentreer, trouens, ek dink die heel eerste formele voorstel dat ons tot ‘n gestruktureerde eenheid moet kom, is afkomstig uit die middel van die 1960’s. Ek dink dit was in 1967, maar die denke daar rondom kom uit die vroeë sestigs. Dit het altyd gepaard gegaan met die besef dat die geloofwaardigheid van die Evangelie op die spel is. Die behoefte om uitdrukking te gee aan ons eenheid, was nog altyd daar by mense in die leierskap van die NG “dogterkerke”. Die Federale Raad van Kerke (wat ‘n ander interessante bron kan



wees oor hoe die denke verloop het) se rolspelers het besef dat hulle mekaar nodig het in 'n voortdurende kommunikasie met mekaar. Hulle het besef dat hulle nie daarsonder kan gaan nie. Hoe hanteer mens moeilike tendense in die hedendaagse sosiale konteks, anders as om dit saam met mekaar te doen? As dit waar is van die leierskap, waarom sal dit nie waar wees van dele van dieselfde Liggaam, wat op alle vlakke met mekaar behoort te organiseer nie?

Moet ons noodwendig een struktuur wees? Doodgewoon sosiologies, as jy en ek nie met mekaar te make het nie, het ons niks *vir* mekaar te sê nie, en waarskynlik nie die regte goed *van* mekaar te sê nie. Dit is tog soos dit werk in die samelewing. As ons nooit met mekaar praat nie, het ons geen vriendskap nie. As jy nie met mekaar kommunikeer nie, het jy niks aan mekaar se behoeftes nie, het jy niks aan versorging van mekaar nie, ken jy nie mekaar se behoeftes nie, het jy nie 'n verantwoordelike gevoel vir mekaar nie, het jy niks van omgee vir mekaar nie. Dis tog in die aard van die Christelike kerk dat ons omgee vir mekaar, dat ons sorg dra vir mekaar, dat ons verantwoordelik is vir mekaar, en tog meer nog, dat ons lief is vir mekaar. Hoe kry dit hande en voete, word dit waar, hoe is dit sigbaar, hoe is dit aantreklik vir die wêreld? Hoe word iets soos die woord van Christus aan sy dissipels “die wêreld sal weet dat julle aan my behoort as julle liefde het onder mekaar,” waar vir ons tyd?

As ons dit histories ontleed, dan weet ons dat die groep wat rondom Christus was, so uiteenlopend was as wat ons kan dink. Ons weet ook dat die eerste geloofsgemeenskap geworstel het met die vraag: hoe bring jy Jode en nie-Jode in een gemeenskap saam? Dit is Bybels-histories verantwoordbaar om te sê dat die stryd aan die begin van die Christelike era was: Hoe maak met teenoorgesteldes? Hoe maak met mekaar-uitsluitende gemeenskapsdele en individue?

Dit was eenvoudig waar. Die Grieke het nie veel van die Jode gedink nie. Die Grieke het die Jode verag vanuit hulle lewens- en wêreldbeskouing. Jode het Grieke beskou as heidene. Die Grieke het die Jode beskou as barbare. Dit weet ons uit ons studie van die Bybel. (Dink maar oor die Efesiërbrief.) So, die sending aan die wêreld was om 'n alternatief aan die wêreld te wys – anders as wat die wêreld is. Die wêreld van destyds was verdeeld in belangegroepes. Die “nuwe” van die Evangelie was om vir die wêreld 'n nuwe alternatief te wys: die Kerk, wat bestaan het uit Jode en nie-Jode, in al die verskeidenheid daarvan.

Handelinge 2 se “amper-opheffing” van die taalverwarring was ook 'n opheffing van die verskeidenheid kulture wat bymekaarkom. Jy kan dit anders lees as jy wil, maar dit sal, wat my betref, histories on-sin maak. Op lyn daarmee lê Belhar se beklemtoning van die eenheid van die kerk, en die spesifieke punt daarvan is juis dat dit moet sigbaar word. Jy kan dit nie sigbaar maak as jy 'n kerk het (bv Rundu) op een plek, en 'n kerk op 'n ander plek, en hulle kom nooit by mekaar uit nie? Waar is die Christelike omgee, versorging...ensovoorts? Hoe kry jy anders gedink (onbybels) oor 'n perikoop soos Efesiërs 4 wat sê dat die verskillende liggaamsdele mekaar saam

opbou in liefde, as dat hulle aan mekaar kan raak, met mekaar fisies te doen kan hê, dat hulle vir mekaar fisies kan sorg dra in die byeenkomste van die eredienste, in die samekomste van die bidure, in die byeenkomste van omgeegroepes, in selgroepe – hoe kry jy dit anders gedoen? Wat moet dit wees? Die Belydenis van Belhar sê dit is bedoel vir sigbare waarneming, en ons het dit nie. Ek het daarvoor min anders te sê as dat ons tans ‘n voortsetting het van iets wat nie Bybels is nie. Ons het nou al ‘n klompie jare gehoor dat ons moet omdraai van ons verkeerde weë, sodat ons die missionêre gemeenskap kan wees wat aan die wêreld wys dat Jesus die Here is. Het die NG Kerk iets daarmee te make? Hy het alles daarmee te make, ja.

Die Belhar Belydenis spreek ons gemeentes aan, spreek ons praktyk tee. Daarom is dit vir ons moeilik om dit te aanvaar. Ons wil nie ons praktyke opgee nie. Ons is gelukkig soos ons is. Ons is tevrede soos ons is. Ek sou dit oor die versoening kon sê. Ek sou dit oor die geregtigheids-eise kon sê. As jy nie vir my sien nie, en ek nie vir jou sien nie, gaan ek nie onthou dat jy in “rags en tags” loop nie. Ek gaan nie in my gemoed ontsteld wees oor dit wat ek, selfs in my onbewuste manier van doen, aan jou doen nie. As ek nie die arm mense by my sien nie, gaan ek die arm mense nie aan die bors druk en sê “Ek is vir jou verantwoordelik” nie. As ek nie toelaat dat die arm mense my vry maak van vrees vir die arm mense nie, gaan ek nie ophou om te vrees nie. As ons nie die liefdesgemeenskap gestruktureer kry nie, gaan ons aanhou om onself toe te maak met die veiligheidsheining rondom ons, want ons weet nie wat ons vir die wêreld kan sê nie. Ons is te bang vir die misdadigers en ons glo al die ander wat anders as ons lyk is misdadigers.

Ons hou nie op om die stereotipes voort te sit nie. Ons bly in ons stereotipes gevange. Ons ontwikkel ons eie klein simboliese universums, soos tente waarbinne jy sommige mense toegelaat het, en jy praat ‘n sekere taal binnekant. Om daar in te kom is amper onmoontlik. Om daaruit te breek is rebellie. Dit is muitery en jy kan nie uitkom nie. Jy kan nie ‘n groter wêreld betree nie. Jy bly in jou eie klein wêreldjie. Die Belhar Belydenis praat dit tee.

Dit is nie omdat die VGKSA is wat dit ontvang het nie. Die VGKSA het ‘n gebrekkige verkondiging gehad, maar ek dink die jongste besluite van Esselenpark is ‘n regstelling daarop. Daar het ons gesê: “Wat onself betref, sien ons kans om die Belhar Belydenis aan te bied, sonder dat daar dwang op mense gelê word. Ons verstaan ons moet die Evangelie gaan verbeeld. Ons moet dit simboliseer. Ons moet vir mense sê om nie bang te wees daarvoor nie. Onthou net, as ek na jou toe kom, het ek die Belhar Belydenis in my bloed. Ek is Belhar. As ek dit sê, dan moet ek dit leef.”

Dis die groot uitdaging vir die mense wat van die kant van die VGKSA kom. Ek dink daar is genoeg mense in die NG Kerk wat dit ook onderskryf en wat dit ondersteun. Ek dink dat ons op ‘n manier die druk afgehaal het (naamlik dat diegene wat nou inkom, ordelik daaraan gehoor moes gee). Ons het mekaar losgemaak, wat dit betref. Ek dink ook dit is noodsaaklik dat Belhar nie net op papier staan nie, maar wel ‘n belydenis van die hart is.

Die Belhar Belydenis is nie formeel deur die NG Kerk as dokument aanvaar nie. Ek dink daar is ruimte daarvoor dat die Belydenis in die belydenisbasis van die herenigde kerk opgeneem sal kan word. Maar ek is oortuig daarvan dat dit reeds 'n belydenis van die hart geword het, in die manier waarop ons met mekaar omgaan. Dit is minder op papier. Dit is meer in ons denkraamwerk en in ons gees. Dit is nou al in ons gene. Dit vind stadig, maar seker, plaas – al is dit nie as formele dokument aanvaar nie.

### **Opmerkings uit die onderhoud met dr. Johan Botha:**

- | Die Belhar Belydenis is vandag bruikbaar in terme van die ekklesiologie: die verskille tussen die dele van die NG Kerk-familie.
- | Belhar het baie waarde in ons samelewing wat neig om te verbrokkel en te verbreek en waar mense téénoor mekaar te staan kom. Dit is in die hart van die Belhar Belydenis om die saak van versoening op die tafel te sit. Versoening, tussen God en ons en ook tussen ons met mekaar.
- | As ons die kerklike gemeenskap in Suid-Afrika en veral die NG-familieverband nie aanspreek nie, en as ons nie sê “Wys 'n alternatief”, of “Gee vir die gemeenskap 'n voorbeeld van 'n versoende gemeenskap” nie, watter hoop is daar dan? Die hart van die Belhar Belydenis sit die saak van versoening op die tafel, wat ons roep om as versoendes 'n verskil te maak in ons samelewing.
- | Belhar help ons en roep ons en sê vir ons: “Julle hereniging is nie 'n saak van eie keuse nie, dit het ten diepste te make met die geloofwaardigheid van die boodskap wat julle verkondig. Die Evangelie se geloofwaardigheid is op die spel. As julle dit nie doen nie, hoekom moet mense glo in die versoeningskrag en die eenheidsverkondiging van die evangelie van Christus? Hoekom sal hulle in Hom glo? So, julle Here en sy Evangelie is op die spel.”
- | Belhar is van waarde vir verskeie kerke met wie die VGKSA te make het in Afrika.
- | Al drie kern-artikels van Belhar beklemtoon ons verbondenheid met mekaar as God se wil en onder die heerskappy van Christus. Ons *is* om dié rede een, of ons daarvan hou of nie, ons het dit nie gekies nie.
- | Die geloofsgemeenskap is van so 'n aard dat ons nie deur die bril van die vlees na mekaar kyk nie, maar met die oë van Christus, en daarom moet ons samelewingstrukture wat mense uitmekaar hou, oorbrug en selfs teenstaan. Daarom is Belhar 'n bron-dokument.
- | Mense het emosionele weerstand teen Belhar, want mense reageer teenoor hul stereotipe voor-verstaan van persone.
- | 'n Tweede weerstand teen Belhar bestaan omdat Belhar mense se denke en leefwêreld bevraagteken het.

- | 'n Belydenis het 'n dubbele karakter: dit praat tegelykertyd in spesifieke omstandighede, maar styg ook bó die omstandigheid uit. Dit is die geval met Belhar en die Heidelbergse Kategismus.
- | Die Belhar Belydenis moet in die tyd waarbinne ons vandag leef, teen die Skrif getoets word om te bepaal of dit 'n belydenis is en of dit die Bybelse boodskap dra.

## 7.8. ONDERHOUD MET HANNES THERON 21 FEBRUARIE 2007

Dominee J P (Hannes) Theron is leraar van die Ned. Geref. Gemeente Helderberg (Wes-Kaap). Die Helderberg gemeente het die Belydenis van Belhar aanvaar as belydenis en is in gesprekke betrokke om met die VGKSA-gemeente in Somerset-Wes te verenig. Hierdie is een van die min NG Gemeentes in Suid-Afrika wat al so ver gevorder is met kerk-eenheid, en daarom is 'n onderhoud met ds. Theron ingesluit in die navorsing.

### ONDERHOUD

JAN: Wat, sou jy sê, is die waarde van die Belhar Belydenis (dalk ook binne julle proses in die gemeente)? Hierdie is 'n oop gesprek, so vertel my asseblief waaraan jy dink wanneer ek hierdie vraag vra.

HANNES THERON: Weet jy, in die eerste plek wil ek sê die Belydenis gaan nog 'n groot Belydenis vir ons self word in Suid-Afrika, en as ek sê *ons*, dan bedoel ek spesifiek die NG Kerk se wit lidmate, bloot omdat die omstandighede rondom ons verander het en omdat ons 'n baie sterk minderheidsgroep is. Ek dink dit wat aanleiding gegee het tot die Belhar Belydenis gaan ons nou al hoe meer aan ons “bas” begin voel, in 'n land waar ons voel ons word oorrompel deur 'n klomp ander mense. Daardie Belydenis, dink ek, gaan ons baie help om onself te verstaan binne die konteks van ons tyd. Kom ek gee vir jou een voorbeeld: 'n Vriend van my was op 'n stadium baie negatief oor die Belhar Belydenis en toe begin sy kinders in 'n situasie kom waar hulle werk soek en hulle kan nie werk kry nie. Een van die redes waarom hulle nie werk kry nie, is regstellende aksie. Al twee kinders sit op die oomblik in die buiteland. Hy bly hier. Daardie pa het vir die eerste keer die waarde van die Belhar Belydenis ontdek, en nou is hy 'n vurige ondersteuner van die Belhar Belydenis omdat hy sê dat hierdie Belydenis, in hierdie konteks, reg of verkeerd, hom help om dit te verstaan. Hy sien nou vir die eerste keer die waarde van die Belhar Belydenis.

JAN: Jy dink daar is iets van 'n “selfverstaan” binne sulke omstandighede wat belangrik is?

HANNES THERON: Absoluut! Dit is vir my juis die waarde van die Belhar Belydenis. Ek het baie opgelees oor die ontstaan oor die Belydenis heel aan die begin, en ek was ook teenwoordig die dag, as besoeker, toe die Belhar Belydenis aanvaar was in die sinode. Ek dink, behalwe dat die Belhar Belydenis 'n baie sterk standpunt wil maak rondom eenheid en versoening, was dit ook 'n belangrike moment vir die Sendingkerk op daardie stadium om hulleself te posisioneer oor waar hulle staan, binne 'n konteks waar hulle net voel: “maar hierdie konteks vra vir 'n antwoord vanuit die Skrif.” Trouens ek tel dit vandag nog by baie van die mense van die VGK op dat die Belhar Belydenis vir hulle gehelp het om 'n identiteit te kry. Dit is hoekom ons so sukkel in ons gesprekke met hulle, want hulle gee geweldige emosionele waarde aan die Belydenis, deels as gevolg van die inhoud van die Belydenis, maar ek dink meer as gevolg van die emosionele inhoud daarvan, want dit het vir hulle gehelp om hulleself te posisioneer en te verstaan binne die konteks van ons land.

JAN: Waar behoort 'n gelowige te staan binne sulke omstandighede waarin hy verdruk of veronreg voel?

HANNES THERON: Kyk, ek het groot respek daarvoor, en ek dink ons ouens het dit nooit verstaan nie. Die Wêreldraad van Kerke se besluit het ongelukkig nie die NG kerk mense baie gehelp om die Belhar Belydenis se konteks te verstaan nie. Hulle uitspraak dat ons [die NG Kerk] kettery beoefen met apartheid, het ongelukkig aan die Belhar Belydenis betekenis gegee wat hy nooit wou wees nie. Die Belhar Belydenis het nooit na apartheid gewys nie. Dit gaan oor hoe ek as Christen my inspan, in 'n situasie waarin ek voel dat ek my weer opnuut moet verantwoord wie God is, wat eenheid is, wat versoening is en wat geregtigheid is. Dit geld eintlik vir enige konteks. Ek maak geen geheim daarvan, as ek na al ons Belydenisskrifte kyk, dat die Belhar Belydenis vir my die meeste betekenis het, omdat dit iets is waarmee ek regtig kan identifiseer. Dit is kontekstueel, en dit help my ook verstaan wat my taak en rol as gelowige nou is. Die ander Belydenisskrifte is ook vir my belangrik, maar het nie dieselfde emosionele waarde vir my nie.

JAN: Wat bedoel en verstaan jy onder “kontekstueel”?

HANNES THERON: Dit is iets waarmee ek kan identifiseer wat vir my help in die konteks waarin ek staan, om te verstaan hoe ons oor geregtigheid en versoening moet dink. Ek was deel van die “struggle”-tydperk, maar ek het meer aan die wit kant van die “struggle”-tydperk gestaan en ek het dit op 'n ander manier aan my bas gevoel. Ek was in vergaderings en ek het net gevoel: “maar dit kan nie meer so aangaan en wees nie.” Vandag nog is ons groot ongemak met die Belhar Belydenis dat ons gekonfronteer word met 'n stuk werklikheid waarmee ons nie graag gekonfronteer wil word nie. Dit is vir ons sleg. Die grootste weerstand teenoor die Belhar Belydenis is juis die sinsnede: “...dat God op 'n besondere manier aan die kant van die verontregte staan...” Hoekom pla dit ons nog? Ek dink dit is emosioneel, want dit maak ons ongemaklik. Ons

weet dit is eintlik waar, maar ons ongemak maak dat ons in opstand daarteen kom - en ek kan dit verstaan as ongemak ons dryfveer is - maar teologies kan jy nie daarvan verskil nie.

JAN: Sal 'n mens vir mense sê dat jy die twee goed miskien 'n bietjie uitmekaar uit moet haal?

HANNES THERON: Ja, ek doen dit ook gereeld. Ons het juis met die eenheidsprosesse waarmee ons nou besig is, gevind dat dit nogal baie help om vir mense dit te sê. Die VGK of destydse Sendingkerk het nog nooit die NG Kerk van kettery beskuldig nie. Dis nogal vir baie mense 'n verrassing. In daardie tyd het dit gegaan oor Boesak, het dit gegaan oor Ottawa en dit het gegaan oor die Sendingkerk.

JAN: Het jy baie kontak met Alan Boesak?

HANNES THERON: Ja, baie, trouens ek bly baie naby aan hom. Ons sien mekaar deesdae gereeld in vergaderings.

JAN: Het Alan Boesak 'n groot betrokkenheid by die ontstaan van die Belhar Belydenis gehad?

HANNES THERON: Daar is baie mense wat die Belhar Belydenis net aan hom koppel. Ons weet vandag dat hy nie deel was van die formulering nie, maar hy was teenwoordig. Die Belhar Belydenis was grotendeels geskryf deur Dirkie Smit, Jaap Durand, Gerrit Cloete, Gustav Bam. Daar was 'n paar ouens wat 'n groot rol gespeel het en dat Alan Boesak wel 'n groot rol gespeel het in hierdie Belydenisvergadering is verseker. Ek dink baie dat sy aanvanklike optrede, deurdat hy homself uitgespreek het dat die kerk iets moet sê, toe op die ou einde 'n Belydenisskrif geword het.

JAN: Was jy by die 1982 of 1986 vergadering?

HANNES THERON: Ek was by die 1986 vergadering. By die 1982 vergadering was ek destyds by Youngsfield met dienspelig in die weermag en daar het ek kontak gehad met die Broederkring. Die Broederkring het 'n groot rol gespeel. Dit was 'n klomp NGSK dominees wat bymekaar gekom het en oor hierdie goed gepraat het en dit is ook waar dit sy ontstaan gehad het. Ons het op daardie stadium van die NG Kerk kant af met dominees, wat liberaal was, in vergaderings gegaan - juis met mense soos Alan Boesak. Op daardie stadium was dit nog 'n groot "sonde" as jy dit gedoen het, maar dit was 'n ongelooflike dag in 1986 toe hulle die Belhar Belydenis aanvaar het as Belydenisskrif.

JAN: Wat het vir jou op daardie dag in 1986 uitgestaan?



HANNES THERON: Die feit dat die Belhar Belydenis aan die NG Sendingkerk 'n geweldige identiteit gegee het, en ek dink dit is vir my hartseer dat ons as NG Kerk dit elke keer misgekyk het dat hierdie belydenis vir hulle geweldig kosbaar is. Dit is iets wat uit hulle nood gebore is en ek dink hulle het 'n kosbare dokument vasgevang. By die laaste sinodesitting het een van die VGK-lidmate vir die vergadering gesê: “ons het nie baie om te bied nie, ons het nie 'n klomp fasiliteite nie, ons het nie 'n klomp kundigheid soos julle nie, maar ons het een ding wat vir ons baie spesiaal is, en dit is die Belhar Belydenis, en dan behandel julle dit asof dit niks is nie.” Dit is vir my hartseer as ek sien hoe sommige NG predikante en lidmate omgaan daarmee so asof dit maar net ietsie toevallig is. Dit is nie. Dit is baie belangrik vir hulle. Dit wat ek nou sê is nie baie gewild nie. In die hele eenheidsgesprek tans het Alan Boesak gesê dat daar nie 'n voorwaarde is dat die Belhar Belydenis aangeneem hoef te word nie, maar aan die een kant is ek baie jammer daarvoor. Ek sal ontsettend opgewonde wees as die NG Kerk sê ons aanvaar die Belhar Belydenis ook as ons Belydenis en word vir hom lief omdat ons weet dat hy kosbaar is vir die VG Kerk.

JAN: Dit lyk vir my asof die herenigingsproses en die aanvaarding van die Belhar Belydenis al meer van mekaar geskei word.

HANNES THERON: Jy is reg. Daar is baie faktore wat dit verskriklik moeilik maak vir ons. Ek dink ons gaan al hoe meer beweeg in 'n rigting van 'n assosiasie netwerk-benadering en ek dink dit is ons tydgees ook. Jy moet dit in gedagte hou. Ek dink wat die kerk sal moet leer is dat geen twee kerke meer eenders dink nie, en ons sal daarvoor moet ruimte maak. Ek dink 'n groot uitdaging vir ons in die toekoms oor kerk-eenheid is om selfs met kerke wat totaal anders werk, ook te kan saamwerk. In Kaapstad het ons in Stellenbosch 'n gemeente wat 'n ou AGS-gemeente was (wat hul nou losgemaak het van die AGS-kerk) wat nou 'n behoefte het om saam met die NG Kerk in assosiasie te gaan, maar tans maak ons strukture dit nie moontlik nie.

JAN: Hierdie strukture kom, soos ek dit nog verstaan, uit die 1816 Kerkformulering en Kerkorde, maar ons het darem nou al aan beweeg in tyd en selfs teologies.

HANNES THERON: Dit is nou ons grootste uitdaging in vandag se tyd om tussen spanninge te oorleef. Ons moet mekaar juis ontmoet en vind rondom ons belydenisskrifte, maar terselfdertyd moet ons ook vir mekaar sê: “Wat maak ons nou met gelowiges wat baie sterk voel oor hoe ons dink, maar oor sekere aspekte van ons Belydenisskrifte baie van ons verskil?” Wat maak jy nou met hulle? Rondom die doop byvoorbeeld, of die tydsgeses waarin ons is. Ek kry net al meer die gevoel dat dit vir lidmate nie meer so saak maak nie. 'n Kerkorde is per definisie altyd agter, want daar is nou 'n geweldige beweging en ek dink mens moet daarvoor ruimte maak. Ek dink die sleg gaan net wees as die kerkorde die hele tyd nou net alles gaan beheer en kontroleer. Ek is absoluut ten gunste daarvoor dat die veranderings en die energie wat loskom in 'n nuwe tyd verreken moet word in jou kerkorde. Ek dink ook dat daar nie 'n manier is dat ons hierdie

ekumeniese golf gaan keer nie. Ek werk op hierdie stadium baie lekkerder saam met kerke van 'n meer breë spektrum as sommige van ons eie NG Kerke.

### **Opmerkings uit die onderhoud met ds. Hannes Theron:**

- | Die Belhar Belydenis se waarde gaan toeneem vir die NG Kerk se wit lidmate, bloot omdat die omstandighede rondom hulle verander het en omdat hulle 'n baie sterk minderheidsgroep is in Suid-Afrika. Die omstandighede vir hierdie lidmate begin in baie opsigte ooreenstem met die omstandighede wat aanleiding gegee het tot die ontstaan van die Belhar Belydenis.
- | Die Belhar Belydenis was 'n belangrike moment vir die Sendingkerk om hulleself te posisioneer oor waar hulle staan, binne 'n konteks waar hulle net voel: “maar hierdie konteks vra vir 'n antwoord vanuit die Skrif.” Die Belhar Belydenis het vir baie van die mense van die VGKSA gehelp het om 'n identiteit te kry. Dit is die emosionele (simboliese) waarde van Belhar.
- | Die uitspraak dat die NG Kerk kettery beoefen met apartheid, het ongelukkig aan die Belhar Belydenis 'n ander betekenis gegee as wat dit bedoel was om te wees. Belhar gaan eintlik oor 'n Christen se uitdrukking van eenheid, versoening en geregtigheid binne moeilike omstandighede.
- | Die grootste weerstand teenoor die Belhar Belydenis kom uit die vierde Artikel oor ongeregtheid in die samelewing, waarskynlik omdat dit mense ongemaklik maak. Dit wys op die emosionele (simboliese) waarde van Belhar.
- | Dr. Alan Boesak was nie deel van die span wat die Belhar Belydenis opgestel het nie, maar hy het 'n belangrike rol in die totstandkoming daarvan gespeel.
- | Die Belhar Belydenis het aan die NG Sendingkerk 'n geweldige identiteit gegee en daarom is dit 'n baie belangrike dokument vir die VGKSA. Dit is iets wat nie altyd erkenning kry in die NG Kerk nie.
- | Binne die tydsgees waarin ons leef, is die kerkorde nie die enigste manier waarop eenheid in die NG Kerk-familie, en selfs eenheid met ander kerke uitgeleef kan word nie. Daar is ook die moontlikhede van samewerking, assosiasie en vennootskappe. Die kerkorde bied min ruimte vir hierdie tipe benaderings.

### **7.9. ONDERHOUD MET PROFESSOR NICO KOOPMAN 21 FEBRUARIE 2007**

Hierdie onderhoud is gevoer met dr. Nico Koopman op 21 Februarie 2007. Professor Nico Koopman is dosent in Sistematiese Teologie and Ekklesiologie by die Universiteit van Stellenbosch, asook direkteur van die Beyers Naudé Sentrum vir Publieke Teologie. Hy is 'n lidmaat van die VGKSA en die aard van sy doseerwerk en veral sy betrokkenheid by die Beyers Naudé Sentrum vir Publieke Teologie, maak hom 'n goeie kandidaat vir 'n onderhoud.

## ONDERHOUD

JAN: Wat sou u sê is die waarde van die Belhar Belydenis vir u self, vir u kerk en dan kan ek miskien idees kry oor die waarde vir die NG Kerk?

NICO KOOPMAN: As 'n mens kyk hoe die Belhar Belydenis ontstaan het, sal 'n mens beseef wat dit vir die VGKSA beteken. Toe dit nog NG Sendingkerk was in 1982, het Gustav Bam gesê: “As jy sê jy is in 'n *staat van belydenis* en die wese van die Evangelie word bedreig dan moet jy positief ook bely”, en die voorstel is aanvaar dat die Belhar Belydenis opgestel moet word. Daar is aan die kommissie wat die Belhar Belydenis opgestel het, gesê: “Ons moet gewoon gaan neerskryf wat die Sendingkerk se lidmate glo.” Toe het hulle daar besin in daardie kleingroep: Wat is die dinge wat die Sendingkerk glo?

As jy nou na die “anties” toe stap daar in die Paarl of in die Noord-Kaap en jy vra vir hulle wat glo hulle, sal jy hoor dit is die dinge wat nou verwoord is die Belhar Belydenis. Die aanhef wat praat oor geloof in God wat sy kerk roep, versamel, en versorg; artikel een oor eenheid; artikel twee oor versoening; artikel drie oor geregtigheid; en die slot: lojaliteit teenoor Jesus Christus as die Here, gehoorsaamheid aan Hom, die rustigheid en vertroue in hierdie Een wat op die troon sit as die Here. Dít is wat die lidmate glo.

In 'n sin is dít die waarde: dat Belhar 'n geleefde geloof artikuleer. My ervaring is ook so, dat wanneer NG Kerk lidmate dit vir die eerste keer hoor, dan vind dit soveel instemming by mense. Mense vind onmiddelik aanklank daarby. Belhar is waardevol want dit artikuleer nie iets wat vreemd is vir mense nie, wel die geloof waarmee hulle opgegroeï het - dit is die goed waarmee ek grootgeword het. Dit is tog die Evangelie hierdie.

Ek was 'n finalejaar student toe Belhar finaal aanvaar was, en deur my studentejare het Belhar my gehelp teen apartheid, én toe ek nog predikant ook was, kon jy gesê het, hier is teologiese rigtingwysers. As ons sê apartheid is verkeerd, dan sê ons dit uit die diepte van God se Woord, en as ons nou in 'n nuwe konteks moet bou aan 'n nuwe land, dan gee Belhar vir jou teologiese riglyne. In hierdie nuwe land wil ons graag sien dat ons leef in eenheid en versoening en geregtigheid met mekaar. Belhar gee vir ons 'n teologiese raamwerk en dit maak dit so waardevol. Ek dink ons moet nog baie dink en skryf oor die teologie van Belhar, die etiese implikasies, ensovoorts.

Die konferensie wat ons saam met die Duitsers in Barmen gehou het in 2004, het juis die tema gehad: “Confessing and embodying Belhar and Barmen today.” Dit het gegaan oor hóé bely jy Belhar vandag, en hóé beliggaam jy Belhar vandag. Ek dink daar kan baie insigte daaruit kom.

Ek het nou-die-dag gepraat by die teologiese dag waar die tema “Kerkhereniging” was, en die “Publieke betekenis van kerkhereniging”, en dit was vir my amper vanselfsprekend dat waar die NG Kerk familie sogenaamd praat oor kerkhereniging en hulle vra: “Wat is die publieke betekenis hiervan?”, gee Belhar vir ons ook riglyne. So, vir teologiese besinning, vir nadenke oor die kerk se publieke getuienis, gee Belhar vir ons soveel stof tot nadenke.

By daardie geleentheid het ek net gesê: die Eenheid is belangrik (Artikel 2). Eenheid beteken dan: ons is een van siel en sin, ons deel saam die gesindheid van Christus, dink soos Christus, voel soos Christus, wil en begeer soos Christus. Eenheid beteken ons leef uit simpatie met mekaar, deel in mekaar se vreugde, deel in mekaar se leed, maar daardie simpatie groei uit empatie. Ons klim in mekaar se velle, maar dit is eintlik wat David W Augsburg<sup>1</sup> in Amerika genoem het “interpatie”. Dit is om oor kleurgrense heen, en oor allerlei ander grense heen, in mekaar se “velle in te klim”. So, die eenheid wat ons in die oog het, is 'n eenheid in nabyheid, dit is 'n eenheid wat groei uit interpatie en empatie wat uiteindelik 'n ware simpatie en ware solidariteit oor grense heen beteken.

As jy sê jy het al daardie dinge, dan praat ek makliker oor “Affirmative Action”. Ons praat nie oor 'n afstand nie, ons skel nie mekaar deur koerante nie, ons sit bymekaar, ons leer ken mekaar se pyn. Oor allerlei grense heen kan ons sê: ons werk beter vir geregtigheid, ons beveg rassisme beter, asook homofobie en alles wat in die weg van versoening staan. Belhar, wat dan juis praat van versoening en geregtigheid, sê vir ons as ons een word kan ons hierdie sake meer konstruktief aanspreek in ons land as wat ons huidiglik doen. Ek dink Belhar gee vir ons 'n skitterende sosiale etiek, 'n skitterende publieke teologie en dan wil ek dit beklemtoon, die idee wat die teologie deur Belhar ten diepste vir ons wil sê ('n belydenis wil tog vir God eer en Belhar leer nie net baie lesse vir ons van die kerk nie, maar spesifiek ook oor God): Belhar help ons om ietsie meer van God se hartklop te verstaan. Belhar help ook vir ons in die ontwikkeling van goeie publieke teologie.

JAN: As jy nou so praat, dan dink ek daaraan dat mense soms vra: “Is Belhar dan nie net 'n historiese dokument nie? Hy het tog reggekry wat hy wou en apartheid is nou verby.” Maar soos u nou praat is daar 'n Christelike- of 'n geloofshoop of droom opgesluit in Belhar wat ons nog nie naastenby by uitgekom het nie. Sou u sê dat 'n deel wat Belhar wou bereik, klaar afgehandel is, of is ons nog besig daarmee?

NICO KOOPMAN: Een ding wat ons moet beklemtoon is dat Belhar in die apartheids-konteks ontstaan het, maar Belhar is nie beperk tot apartheid nie. Trouens die woordjie apartheid kom nie voor in die Belhar Belydenis nie. Belhar, soos wat 'n belydenis moet doen, kan nie tydgebonde wees nie. Ja, hy ontstaan in 'n bepaalde periode, maar hy is nie net beperk tot daardie periode

---

<sup>1</sup> David W. Augsburg is professor in pastorale berading in die *Associated Mennonite Biblical Seminaries*, Elkhart, Indiana. Hy onderskei tussen empatie, simpatie en interpatie.

nie. Hy het tog geldingskrag buite die periode waarin hy opgestel word. Belhar is in 'n situasie van aanvegting van geloof opgestel, maar dit het nie net geldingskrag in daardie spesifieke situasie nie. Telkens wanneer die geloof aangeveg word, kan ons hom opsê.

Ons kan sê hy het in dáárdie situasie ontstaan, jy weet, waar Allan Boesak sê: “'n Jong dominee is in die Paarl in die laat sestigerjare en gedwonge verskuiwings word toegepas en dan staan hy buitekant 'n huis in 'n area wat nou nuut Wit Paarl geword het, en daardie bruin antie staan en sy sien hoe haar meubels uit haar huis uitgedra word, en hy as jong domineetje moet staan en sy vra vir hom: dominee nou moet jy vir my sê: Wat sê die Here hiervan? Dan wil Belhar vir hom sê dat God nie die God van ongeregtigheid is nie. Hy is die God wat in die besonder staan by die veronregte.”

Dáárdie tyd was dit die antie in die Paarl, maar vandag is dit dalk die mens wat VIGS het wat nie behandeling kry nie, nie versoring kry nie. Hy moet weet God staan ook by hom in sy nood. In elke situasie waar onreg geskied, waar versoening nie plaasvind nie, waar eenheid nie gedien word nie, daar getuig Belhar luid. Dit is nie beperk tot apartheid nie. Vir die uitdagings wat ons in die gesig staar - daar is so baie geweld en misdaad in die land - Belhar het 'n woord daaroor. Ons moet dit ontdek en ons moet dit duidelik artikuleer. Oor armoede wat toeneem, oor die groeiende kloof tussen ryk en arm, oor die swart bemagtiging - vir al daardie goed het Belhar 'n woord. Ek dink ons moet eintlik baie skaam wees dat ons nie genoegsaam profeties saampraat nie.

Ek dink ons moet nou, ná apartheid, ons visie duidelik uitspel. Maar ons moet ook verder gaan en ons moet vra: hoe kan hierdie visie vandag beliggaam word? Hoe bou ons nou geregtigheid konkreet? Hoe werk ons saam met mense in die burgerlike samelewing, in politieke omstandighede? Hoe werk ons met die besigheidsektor saam om hierdie visie te beliggaam? Dit is ons verantwoordelikheid en Belhar gee nie hiervoor 'n bloudruk nie, maar Belhar voorsien vir ons 'n visie. Ons moet baie hard werk daaraan om gesprekke te kry, om te help dat daar besluite gemaak word, beleid geformuleer word, prosedures in plek kom, om te help dat die visie beliggaam word.

JAN: Dit lyk asof Belhar nie net 'n dokument vir die kerk is nie, vir Christene ondermekaar nie, maar dit is ook 'n dokument wat wil hê dat die kerk se invloed moet oorspoel in die samelewing. Is dit nie 'n baie moeilike, amper 'n onmoontlik proses, as ons sien dat die eenwordingsproses in die kerk nog nie regtig plaasgevind het tussen die NG Kerk en VGKSA nie?

NICO KOOPMAN: Dit is eintlik hartseer dat dit so is wat jy nou daar noem. Ons kan soveel kragtiger werk in die samelewing, en getuig in die samelewing, saam werk, as ons dit doen as 'n verenigde kerk, maar dit is belemmerend dat ons nog verdeeld is. Wat ek egter oordeel ons moet doen is om te sê: dit is én-én. Ons moet werk aan ons interne verenigingsprosesse, maar ons kan

nie wag dat dit eers voltooi is, voordat ons voortgaan om ook in die publiek 'n getuienis te probeer lewer en 'n konkrete betrokkenheid te vergestalt nie. Ons moet beide doen, en ek dink juis die betrokkenheid na buite kan die interne prosesse stimuleer. Ons moet ook saam getuig en ek dink dit is maar 'n geval dat ons moet werk aan die interne eenheid en eenwording, maar ook saam aandag skenk aan ons sosiale en sosiaal-etiese verhouding in die samelewing. Dié goed sal hopelik op mekaar impakteer en vir ons vorentoe help om te vorder met eenwording en ook met ons publieke getuienis.

JAN: 'n Mens sou dit ook as 'n belangrike waarde van die Belhar Belydenis kon sien dat dit vir die NG Kerk saam met alle ander kerke in Suid-Afrika, wat die Belydenis as 'n konfessie hanteer, eintlik dieselfde plan van aksie gee, om 'n invloed of getuienis in die land te hê. Ek dink maar nou in terme van missionêre waarde. Ons as kerke kan op dieselfde manier te werk gaan om 'n verskil te maak in die land deur die Belhar Belydenis as ons werkswyse te ontwikkel.

NICO KOOPMAN: Belhar gee vir ons 'n goeie raamwerk. Ons konferensie wou drie jaar gelede juis sê dat ons Belhar nuut moet bely. Ek dink dit is belangrik dat 'n mens vra: “Wat is sy waarde?”, “Wat is sy implikasies?”, “Wat is sy sosiale betekenis?”, “Wat is sy etiese betekenis?”, maar jy moet ook vra “Wat beteken dit om hom saam te bely vandag en om hom saam te beliggaam?” Daaruit vloei al hierdie wonderlike mooi implikasies. Dit beteken dan dat ons saam kan aanbid, saam kan glo, saam getrou aan ons roeping probeer lewe, dat ons ook saam oor grense heen lewe as God se kinders. Dit sou beteken dat ons as kerke saam hierdie Belydenis ons eie maak, saam bely, elke keer nuut bely. Ek meen Belhar kan ons baie help.

JAN: Ek dink ook dit is 'n baie waardevolle dokument. Die groot weerstand wat ek beleef in die NG Kerk is meer 'n emosionele weerstand. Ek was nie deur daardie tyd nie. Daardie tyd was ek nog op skool en ek was nie soseer betrokke by politieke gesprekke nie. Ek het nie heeltemal dieselfde konnotasies daaraan nie, soos sommige van ons ouer lidmate ervaar, wat sê “As daardie dokument in ons kerk inkom, dan loop ek uit die kerk uit.” Ek lees die dokument, en as ek kyk na die teks en die begeleidende brief, dan verstaan ek nie waar die beswaar teen die dokument is nie. Dit voel vir my dat sommige lidmate nie eers weet wat in die Belydenis staan nie, maar reeds klaar beswaar aanteken, voordat hul gekyk het na die inhoud – terwyl dit vir my lyk dat Belhar 'n baie belangrike en kosbare dokument vir die mense in die VGKSA is. Hoe nou gemaak in so 'n situasie waar daar so baie negatiewe en baie positiewe gevoelens oor 'n dokument is? Het u al daaroor gedink, en daaroor gesels?

NICO KOOPMAN: Ek dink dit is 'n sleutelvraag met die oog op die hereniging. Dit is so dat die VGKSA mense oor die algemeen, nie in 'n nuwe kerk sal ingaan waarvan die Belhar Belydenis nie deel is nie, want die dokument is so 'n belangrike deel van hoe jy jou identiteit as Christen probeer artikuleer. Jy moet ook kan vra: “Wil ons hê dat almal Belhar as Belydenis aanvaar of wil ons hê



almal moet Belhar se Visie uiteindelik dien?” Gaan dit oor die status, of gaan dit oor die inhoud? As mense uiteindelik hulle verbind om die inhoud te belliggaam, dan moet ons ook 'n opening hiervoor gee. Daarom dink ek die VGK het ver beweeg om te sê ons sal een word. Laat Belhar deel van die Belydenis van 'n nuwe kerk vorm, maar ons gee ruimte vir lidmate van kerke wat saam een word, wat dit nie onderskryf nie. Ons kan dus 'n situasie hê waar ons 'n poel van belydenisse in 'n nuwe kerk het. Sommige lidmate verbind hulle tot al vier, ander sê: “Nee, ek kan my net tot drie verbind.” Ons gee so ruimte in hierdie nuwe kerk. Mense leer mekaar ken en praat oor Belhar. Die resepsie van Belhar kan oor dekades heen groei. Dalk het ons 'n situasie later dat mense sê: “Ek het 'n probleem gehad, maar dit het nou verdwyn.”

Toe ons die Belhar Belydenis moes aanvaar het, het ons óók mense gehad wat dit nie aanvaar het nie, maar ons het nie 'n geweer teen hul kop gedruk om dit te aanvaar nie. Daar was nie tyd gekoppel daaraan om die Belydenis te aanvaar nie, daar is 'n resepsie-periode gegee waartydens mense dit kon oorweeg. Daar was nie dreigemente dat as jy dit nie na 10 jaar aanvaar nie, dan waai jy uit die kerk uit nie. Almal, tot die dominees wat aanvanklik weerstand gehad het daarteen, het dit uiteindelik aanvaar.

Wanneer ons kerke dan nuut en een word, moet ons die nie-teologiese faktore wat 'n weerstand by mense bring, uit die weg ruim. Daar is baie NG mense wat dit wil aanvaar, maar daar is ook 'n beduidende klomp mense wat dit nie wil aanvaar nie - hoofsaaklik dan vanweë die sogenaamde “nie-teologiese redes”. 'n Mens moet hulle ook tyd en kans gee om dit te aanvaar. 'n Mens moet vir mekaar sê dat dit moontlik is om in 'n nuwe kerk saam te leef, met 'n poel van belydenisse. Mense het verskillende vlakke van verbintnisse aan die status daarvan. Ek het nogal die vermoede dat daar nie veel mense gaan wees wat met Belhar se inhoud 'n probleem gaan hê nie, maar eerder met die status. So, kom ons gee ruimte en tyd daarvoor. So dien ons die gees en die intensie van Belhar. Dit sou vir my 'n bietjie teen die intensie van Belhar wees as ons die aanvaarding van Belhar se status as belydenis deur almal as 'n absolute voorwaarde stel.

JAN: Is dit nie 'n afwyking of meer gematigde standpunt as wat daar drie tot vier jaar gelede was nie?

NICO KOOPMAN: Ja, ek dink so. Die VGKSA het, om die herenigingsproses te dien, regtig sterker tegemoetkomende skuiwe gemaak. Ons het gesê: “Hoe dien ons die intensie van Belhar? Dien ons die intensie ten beste as ons veg dat ons Belhar se status as belydenis aanvaar? Of dien ons dit ten beste as ons die saad waarvoor Belhar staan te aanvaar? As jy laasgenoemde wil dien, al aanvaar jy Belhar nie as Belydenis nie, dan gaan ons met jou saam.” Dit is die VGKSA, soos ek dit interpreteer, se amptelike posisie op die huidige oomblik.

### Opmerkings uit die onderhoud met professor Nico Koopman:

- | Die Belhar Belydenis is 'n uitdrukking van die geloof wat in die harte van mense van die NGSK geleef het (en nog steeds leef). Hulle het dit nie by ander gehoor nie, hulle het met daardie geloof grootgeword.
- | Die Belhar Belydenis gee teologiese rigtingwysers uit die Woord van God. Dit het gegeld vir apartheid en geld ook nou in 'n nuwe konteks, waar daar gebou word aan 'n nuwe land waar mense kan leef in eenheid en versoening en geregtigheid met mekaar.
- | Die Eenheid is belangrik (Artikel 1). Eenheid beteken om een van siel en sin te wees, om saam die gesindheid van Christus te deel, om te dink soos Christus, te voel soos Christus, te wil en te begeer soos Christus. Eenheid beteken om uit simpatie met mekaar te leef, om in mekaar se vreugde te deel, in mekaar se leed te deel uit empatie.
- | Belhar, wat praat van versoening en geregtigheid, sê dat as die NG Kerk een word, aktuele knelpunte meer konstruktief aangespreek kan word in Suid-Afrika as wat huidiglik gedoen word.
- | Belhar, soos wat 'n belydenis moet doen, is nie tydgebonde nie. Dit het ontstaan in 'n bepaalde periode, maar is nie net tot daardie periode beperk nie. Dit het geldingskrag buite die periode waarin dit opgestel is.
- | Belhar voorsien 'n visie. Daar moet baie hard gewerk word om gesprekke te kry, om te help dat daar besluite gemaak word, beleid geformuleer word, prosedures in plek kom, om te help dat die visie beliggaam word.
- | Die NG Kerk kan soveel kragtiger werk in die samelewing, en getuig in die samelewing, saam werk, as dit gedoen word as 'n verenigde kerk. Terwyl dit nog nie die geval is nie, moet gewerk word aan die interne verenigingsprosesse, asook voortgegaan word om in die publiek 'n getuienis te probeer lewer en 'n konkrete betrokkenheid te vergestalt.
- | Belhar gee 'n goeie raamwerk vir die familie van NG Kerke vir gesamentlike belydenis, getuienis en aksie.
- | Omdat die visie van Belhar belangriker is as die aanvaarding daarvan (as belydenis), het die VGKSA al verder gegaan en vra dat daar eenwording plaasvind, al aanvaar almal nie vir Belhar as belydenis nie.
- | Hierdie benadering is 'n meer tegemoetkomende standpunt binne die VGKSA.

#### **7.10. ONDERHOUD MET DS. PIETER GROVE 22 FEBRUARIE 2007**

Hierdie onderhoud is gevoer met ds. Pieter Grove op 22 Februarie 2007. Dominee Grove is in diens van *Communitas* (voorheen BUVTON), waar hy verantwoordelik is vir die Armoede Projek. Dominee Grove is bekend met die toepassing van beginsels van die Belhar Belydenis op die praktyk van die bekamping van armoede. Hy is lidmaat van die VGKSA en is aanbeveel deur dr. Coenie Burger. Daarom is ds. Grove beskou as 'n goeie kandidaat vir 'n onderhoud.

## ONDERHOUD

JAN: Wat sou u sê is die waarde van die Belhar Belydenis vir uself, en u kerk? Wat sou u sê kan die waarde wees vir die NG Kerk?

PIETER GROVE: Daar is baie elemente in Belhar. Sy waarde is nie tydgebonde nie, dit wil sê, dit kom nie bloot uit die omstandighede waarin dit opgestel is nie, maar dit is die inhoud wat sy volle waarde gee: die klousules van eenheid, versoening, geregtigheid. Ek dink dit verwoord in 'n groot mate die uitdagings van ons tyd en seker nog baie tye wat kom. In elke gemeenskap ontstaan die kritieke uitdaging: hoe verkondig en lewe ons die vraagstuk van versoening - wat is die aard van versoening - waarna ons strew? Hoe affekteer dit ons identiteit as Christene? Hoe definieer dit die kerk?

Tweedens, die versoeningsklousules en ekumeniese sleutel - die ander dinge vloei daaruit. Eenheid byvoorbeeld: hoe kry die versoening gestalte in die manier waarop ons lewe en met mekaar omgaan, ons verhoudinge, die strukture wat ons skep, en dan dink ek dat ware versoening nie losgemaak kan word van die vraagstuk van geregtigheid nie. In elk geval, spesifiek, om diegene te ondersteun wat in omstandighede van gebrokenheid is, mense wat gebrek het aan baie lewensmiddele, of bloot aan menswaardigheid. So, as jy vir my vra na die waarde van Belhar, dan lê dit vir my daarin dat dit op 'n heldere wyse, op 'n kontemporêre wyse, eeu oue Bybelse waarhede verwoord. Dit roep die kerk terug na daardie sentrale waarhede. Onthou die rede waarom dit 'n belydenis is en nie 'n verklaring nie. Ons professore, wat deel gehad het aan die opstelling van Belhar, het daardie vraag gevra: Waarom 'n belydenis, waarom nie 'n verklaring nie?

Byvoorbeeld, waar verskil dit met die Kairos-dokument wat 'n verklaring was, wat uit 'n politieke konteks baie sterk navore gekom het? Die Belydenis van Belhar is 'n belydenis omdat dit te doen het met die sentrale waarhede van die Skrif. Dit sluit direk aan by die Apostoliese Geloofbelydenis, en veral die aspek van die eenheid van die kerk en ons versoening in Christus.

JAN: So, dit gaan oor kernwaarhede van die Skrif, en die Skrif staan absoluut sentraal.

PIETER GROVE: 'n Belydenis is tog niks anders as 'n nawoord nie, 'n tweede woord oor wat die Skrif sê. Die Belydenis van Belhar is ondergeskik aan die Skrif. Dit is 'n belydenis omdat dit in ooreenstemming is met die Skrif.

JAN: Bogenoemde het nou belangrike goed verwoord en belig van daardie tyd. Die land het nou verander. Is die Belydenis nog belangrik vir 'n kerk soos die NG Kerk? "Is dit nie nou te laat om daaraan aandag te gee nie?", sal baie mense vra.

PIETER GROVE: Dit is presies wat ek sê. Die verskil tussen 'n belydenis en 'n verklaring is: 'n verklaring is 'n teksgebonde saak; 'n belydenis, omdat dit sentrale waarhede verwoord, het 'n sekere tydloosheid. As ons vandag na die Drie Formuliere van Eenheid toe gaan, en ons lees dit reg, is dit asof dit gister gesê is. Elke belydenis het 'n aspek van tydsgebondenheid, want hy kom op uit 'n sekere situasie van konflik, maar elke ware belydenis is ook 'n belydenis wat daardie omstandighede transendeer, omdat dit juis aanklank vind by die ewige waarheid van die Woord, en dit probeer uitdruk. Daarom is dit toepaslik vir verskeie tye en verskeie omstandighede.

Hier is 'n voorbeeld. 'n Besoeker van die kerk van Skotland kom praat destyds met die sinode van die Sendingkerk en sê: “Hierdie selfde belydenis word gehoor in Belfast, net soos hy gehoor word in Belhar, en hy kan gehoor word in Jerusalem, Kosovo, Rwanda, Sri Lanka of selfs Korea.” Oral waar die oeroue menslike gebrek aan ware versoening tot sy reg kom, daar is hy toepaslik. Maar dit is nie net so met die versoeningsaspek nie, dit is ook so met die eenheidsaspek en die geregtighedsaspek.

Daar is 'n baie besondere manier waarop Belhar praat oor geregtigheid, en dit is dat ons God op 'n sekere manier moet verstaan - hoegenaamd nie dat God eksklusief vir die armes is nie, maar dat God 'n sekere partydigheid het vir diegene wat verdruk is, wat in armoede is, wat in lyding verkeer - die hele Bybel is vol daarvan. God staan in 'n besondere wyse aan die kant van die armes, sê die Woord, en sê Belhar. Dit is niks anders as 'n ander kyk na die Bybel nie.

Ek praat met 'n evangeliese persoon wat vir 'n organisasie met die naam van “Mercy Ministries” in Kosovo (destydse Joegoeslawië) en Rwanda gewerk het. Toe ek hom vertel van Belhar, was hy verstom oor hoe aktueel hierdie belydenis is, want dieselfde verskeurdheid, kulturele verdeling was daar teenwoordig. Onthou, die Noorde van Joegoe-Slawië was Katoliek en die Ooste is Ortodoks. Hoe verdiep en verhard verskillende tradisies tot op die punt waar dit selfs geweld veroorsaak tussen gelowiges? Nou praat ons nie eens oor Bosnië nie.

JAN: Waarin ek nou baie in belangstel, wat ek graag sal wil weet, in terme van arm gemeentes: Is die Belhar Belydenis daar ter sprake?

PIETER GROVE: Dit is waar die geregtighedsaspek baie sterk na vore kom, maar ook waar die versoeningsaspek na vore kom. Die armoede kan nie alleen deur armes aangespreek word nie, dit moet deur die breë samelewing, deur gelowiges gesamentlik, aangespreek word. Ek werk byvoorbeeld met die NG Kerk en die VGKSA gemeentes, en ek probeer juis armoede aanspreek deur dié twee [kerke] saam te bring. Die motivering daaragter is my teologiese verstaan van die kerk wat 'vir mekaar' sorg dra. Die een sê nie: “Ek doen die een ding, en jy doen die ander ding”

nie. Ons strew saam. Belhar probeer daardie bewussyn en oortuiging anker dat ons vir mekaar moet sorg dra. Dit kom baie sterk deur.

Baie keer is armes die slagoffers van sisteme - dit is nie die mense se bewustelike bedoeling nie, maar die wyse waarop die samelewing georganiseer is - en Belhar spreek dit aan. Dit is nie net die bewuste bedoeling, verstaan of benadering van mense nie, maar dit is ook die wyse waarop dit in wetgewing en in strukture grondgevat het, geanker is, ingebed is. Dit wil sê, die sisteme wat armoede in stand hou, word ook aangespreek. Die teologiese verstaan van Belhar help ons ook om te kyk na die totale omstandigheid.

JAN: Iemand het gesê Belhar het 'n bepaalde ekklesiologie, dit is eintlik 'n regstelling op 'n skeefgetrekte ekklesiologie, wat daarvoor gaan dat elkeen vir homself sorg.

PIETER GROVE: In die hart van Belhar lê die vraagstuk van identiteit. Wie en wat is die kerk? Word die kerk gekonstitueer langs kleur-lyne of langs kulturele lyne, of langs geslagslyne, of langs ryk-en-arm lyne? Nee, die kerk word gekonstitueer daar waar die versoening van Christus tot sy reg kom - daar waar mense bely dat hulle hierdie Christus aanbid. Daardie “in Christus-wees” oorheers alle ander strukture en transformeer ons houding teenoor daardie strukture, sodat kultuur nie meer 'n verdelende faktor is nie, maar 'n verrykende faktor.

Baie mense dink dat Belhar probeer sê dat jy kultuur moet uitgooi, maar dit is nie so nie. Belhar sê dat kultuur in diens moet staan - dit is 'n geleentheid tot diens, tot wedersydse verryking – want kultuur is belangrik. Ons belewe ons geloof deur die kultuur waarin ons leef – op geen ander wyse nie.

Wat vir my 'n baie interessante element van Belhar is, is die gedagte van *hoop*. Daar is 'n aantal aksente in Belhar wat eksplisiet verwys na die hoop wat ons in Christus koester, en die hoop wat ons het op 'n nuwe samelewing en 'n nuwe wêreld - nie net hier nie, maar ook in die ewigheid. So, daar is 'n eskatologiese element aan die Belydenis van Belhar. Belhar draai ons weg in die “vasgevalheid” in die “nou” en die verskeuring van mense, en dit ondermyn die verabsoluttering waar mense sê: “Dit kan nie anders wees nie, want kyk hoe is ons.” Hy draai ons oë na God se toekoms toe – reeds hier op aarde. Omdat God vir ons die hemel voorhou, maak Hy 'n geweldige impak op die “nou”.

JAN: Sal u ook sê dat Belhar weer vir ons roep tot verantwoordelik om versoening en geregtigheid 'n werklikheid te maak hier op aarde?

PIETER GROVE: Ons het vir 'n lank tyd maar net versoening toegepas op die innerlike mens - die verhouding tussen God en mens. Belhar sê inderdaad dit is 'n belangrike aspek van versoening,

maar dit hou nie daarmee op nie. Versoening strek ook in die verhoudinge *tussen* ons. Kyk veral na die agtergrond van die Efesiërsbrief wat sê dat die vyandskap tussen die gelowiges vanuit die Griekse en Joodse agtergronde opgehef en afgebreek is. Dit spel die gemeenskapsimplikasie van die versoening uit. Dit is veral daardie aksent wat Belhar sterk op die voorgrond plaas. Nou, die rede hiervoor is die agtergrond waaruit dit ontstaan het - dit was juis die probleem, maar deur dit aan te spreek, herinner Belhar ons weer aan die breë impak van die versoeningsleer, dat dit nie beperk moet word tot die mens en God nie, maar die mens ook in sy verhoudinge met sy naaste en selfs die skepping.

JAN: Sou 'n persoon wat in die NG Kerk is en finansieël welaf is, maar wie se kinders nie werk kry nie en hulle nou oorsee moet gaan, wat beleef dat hy eintlik nie gehoor word in die regering van die dag nie - sou hy hom kon beroep op die Belhar Belydenis op 'n manier?

PIETER GROVE: Die ervaring van baie mense vandag van gemarginaliseerdheid is deels 'n versoeningsvraag en dit is deels 'n geregtigheidsvraag. Wie sluit ons in in ons gemeenskap? As ons praat van versoening en as ons waarlik in die kerk tot 'n nuwe gemeenskap gestig word, dan kom die vraag onmiddellik oor hoe ons mekaar behandel. Hoe sien ons na mekaar se omstandighede om? Dan leef ons 'n nuwe verantwoordelikheid – nie net vir swart of bruin nie, maar vir almal wat op een of ander manier vreemd voel, of voel hulle lewenskans word bedreig.

In 'n sekere sin, na my mening, is dit ook van toepassing op die geregtigheidsaspek. Dit is nie net vir die mense wat fisies arm is nie, maar ook vir die mense wat in hulle gees arm voel. In daardie opsig voel ek dat Belhar baie inklusief gebruik kan word. Die Belydenis van Belhar wil nie 'n wapen wees nie. Dit is vir ons 'n staf waarop ons kan steun. Dit is vir ons 'n rigsgnoer om te sê watter koers ons moet hou, maar dit is nie 'n slaanstok nie. Dit is wel 'n baie helder en duidelike profetiese woord, en daarom is dit waarskuwend en ook kritiserend.

JAN: Was u self by die Belydenis-aanvaarding in 1986 teenwoordig?

GROVE: Ek was in 1982 daar as student in die 1986 as predikant. Dit was 'n groot oomblik!

Professor Bam het dit baie mooi beskrywe. Hy het gesê mens spreek nie sommer 'n belydenis uit nie. 'n Belydenis kom op uit 'n "oomblik", wanneer dit voel asof God jou op die mond slaan, en jy roep dit eintlik uit! Daarom is 'n belydenis nie noodwendig in die beste taal geformuleer nie. Jy moet dit nie gaan meet in die mees fyn-geformuleerde vereistes wat die teologie sou wou hê nie. Dit is 'n uitspraak wat bely - dit probeer nie teologies wetenskaplik korrek wees nie - dit probeer wel Bybels-getrou wees.

JAN: Is daar dalk nog ander gedagtes rondom die waarde van die Belhar Belydenis?



PIETER GROVE: 'n Belydenis is 'n ding wat uitgespreek word ten opsigte van 'n sekere teologiese oortuiging, maar terwyl dit 'n sekere party skerp mag aanspreek, praat dit net so skerp terug na die mense wat dit bely. Dit is vir my die interessante van 'n belydenis. 'n Ware belydenis versag eintlik om 'n slaanstok te word en dit werk ondermynend ten opsigte van hoogmoed aan die kant van dié wat bely. Ek vind dat die Belydenis van Belhar op dieselfde kritiese wyse die VGKSA huidiglik aanspreek as wat dit die NG Kerk sou aanspreek. Ek dink baie NG Kerk mense beseft dit nie. Hulle beseft nie dat die moeite waarmee hulle worstel met die Belydenis van Belhar om dit waarlik te hoor - daardie selfde moeite ondervind ons in die VGKSA om dit uit te lewe. Die woord is eintlik meer as wat ons lewe self behels. In daardie opsig sny dit na alle kante toe.

Ek dink op die pad vorentoe gaan hierdie Belydenis vir ons almal in Suid-Afrika van groot waarde wees. Die tendens van die geskiedenis is dat maghebbers maar die foute van die verlede herhaal. Ons sien alreeds die oormatige vertroue van die huidige regering. Dat hulle dink dat hulle alles kan doen - op hulle manier.

JAN: Ek is oortuig daarvan dat die Belhar Belydenis baie waardevol is, juis omdat dit uit die hart en Woord uitgekom het in 'n bepaalde situasie. In 'n ander soorgelyke situasie spreek dit dieselfde.

PIETER GROVE: Miskien moet ek ook byvoeg: Daar is mense, teen die agtergrond van die apartheidstryd, wat dink dat die Belydenis van Belhar eintlik sy vertrekpunt in die Bevrydingsteologie het, maar dit is glad nie die geval nie. Die Belydenis van Belhar het eintlik sy vertrekpunt in die Barmen Verklaring. In daardie opsig is dit baie sterk Calvinisties. Dit is 'n belydenis wat sê dat ons die gesag van Christus ten alle tye moet erken en ons moet toelaat dat Christus ons gemeenskappe vernuwe en herstel. Ons moenie die natuurlike en mensgemaakte dinge verabsoluteer en maak asof ons saambly daardeur gekonstitueer word, en toelaat dat dit in die pad van die Evangelie staan nie.

JAN: As die VGKSA en NGKSA een word, sal dit die rol wat u nou speel tussen die NG Kerk en die VGKSA enigszins vergemaklik?

PIETER GROVE: O ja! Kyk op die oomblik vind ek dat daar baie deure oopgaan rondom die armoede vraagstuk. Ek kry die indruk dat daar in die NG Kerk-geledere baie gemeentes is wat gereed is. Hulle wil baie graag 'n bydrae maak, maar hul weet nie aldag hoe nie. Daar is soveel versigtigheid aan beide kante, vanweë ons geskiedenis. Ek voel die tyd het ryp geraak. Mense voel, onder die besturing van die Gees, dat dit tyd is dat ons begin om stappe te neem. Daar is maar nog verskillende strome: sommige is nog ver van mekaar verwyder, sommige is traag, sommige is skrikkerig, maar daar is genoeg wat sê dit is hoogtyd dat ons nou moet begin om iets saam aan te pak.

JAN: Dit lyk ook vir my dat hier in die Suide is dit baie meer so, as in die Noorde.

PIETER GROVE: Kyk, ons [in die Wes-Kaap] kom vanaf 2001 met 'n konvent. Die konvent het ons predikante en gemeenskap bymekaar uitgebring. Ons het sekere beginsels vir mekaar uitgespel. Ons is voortdurend in gesprek met mekaar, en daar is min van ons sinodale kommissies wat nie in aktiewe gesprek is nie. Dit veroorsaak dat klomp predikante en kerkraadslede blootstelling aan mekaar kry.

JAN: Dit gebeur nog nie regtig daar in Pretoria en omgewing nie. Die konvent - waar kom dit vandaan?

PIETER GROVE: Ons plaaslike sinodes in Kaapland het besluit om oor te gaan tot so 'n Konventstigting in 2001. Die lesse wat ons daar leer, die uitdagings wat ons daar ontdek en identifiseer, maar ook die geweldige punte van oorvleueling, waar ons eintlik al konsensus het, kan jy sien in die reuse skuiwe wat al gemaak is. Mens besef dit nie aldag nie, maar die oomblik wanneer jy begin praat oor dinge, besef jy ons is baie nader aan mekaar as wat ons dink.

#### **Opmerkings uit die onderhoud met ds. Pieter Grove:**

- | Die waarde van die Belhar Belydenis lê daarin dat dit op 'n heldere wyse, op 'n kontemporêre wyse, eeu-oue Bybelse waarhede verwoord. Dit roep die kerk terug na daardie sentrale waarhede.
- | Elke belydenis het 'n aspek van tydsgebondenheid, want dit kom op uit 'n sekere situasie van konflik, maar elke ware belydenis is ook 'n belydenis wat daardie omstandighede transendeer omdat dit aanklank vind by die ewige waarheid van die Woord, en dit probeer uitdruk. Daarom is dit toepaslik vir verskeie tye en verskeie omstandighede.
- | In die hantering van armoede, kom die geregtighedsaspek en die versoeningsaspek van Belhar baie sterk na vore. Armoede kan nie alleen deur armes aangespreek word nie, dit moet deur die breë samelewing, deur gelowiges gesamentlik, aangespreek word. Die motivering daaragter is 'n teologiese verstaan van die kerk wat 'vir mekaar' sorg dra.
- | Belhar spreek die sisteme wat armoede in stand hou, aan.
- | In die hart van Belhar lê die vraagstuk van identiteit: Wie en wat is die kerk? Die kerk word gekonstitueer daar waar die versoening van Christus tot sy reg kom. Daardie "in Christus-wees" oorheers alle ander strukture.
- | Belhar sê dat kultuur 'n geleentheid tot diens en wedersydse verryking is, want kultuur is belangrik.

- | Die Belydenis van Belhar het 'n belangrike eskatologiese element, dit gee hoop. In plaas daarvan dat mense aanvaar dat die wêreld is soos dit is, wys Belhar vir ons waarna ons reeds op aarde kan werk, want God hou vir ons die hemel voor.
- | Belhar herinner aan die breë impak van die versoeningsleer, naamlik dat dit nie beperk moet word tot die mens en God nie, maar dat die mens ook in sy verhoudinge met sy naaste en selfs die skepping deur ons versoening in Christus geraak word.
- | Die ervaring van baie mense vandag van gemarginaliseerdheid is deels 'n versoeningsvraag en dit is deels 'n geregtigheidsvraag. Versoening: dat almal ingesluit word in die nuwe gemeenskap, ongeag velkleur. Dit beteken dat gelowiges mede-verantwoordelikheid moet neem vir mense wat gemarginaliseerd is. Geregtigheid: dat dit van toepassing is op almal wat benadeel word, nie net die materiële armes nie, ook die armes van gees.
- | 'n Belydenis is 'n uitroep in 'n bepaalde oomblik. Dit is 'n uitspraak wat bely - dit probeer nie teologies wetenskaplik korrek wees nie - dit probeer wel Bybels-getrou wees.
- | Die Belydenis van Belhar spreek die VGKSA op dieselfde kritiese wyse aan as wat dit die NG Kerk sou aanspreek. Baie NG Kerk mense besef dit nie. Die moeite waarmee hulle worstel met die Belydenis van Belhar om dit waarlik te hoor - daardie selfde moeite ondervind die VGKSA om dit uit te lewe.
- | Die Belhar Belydenis het nie sy wortels in die Bevrydingsteologie nie, maar in die Barmen Verklaring. Dit is sterk Calvinisties en verkondig dat Christus se heerskappy op elke terrein van die samelewing moet geskied. Daarom moet die natuurlike nie so verabsoluteer word, dat die Kerk haar lewe daarvolgens rig nie.
- | Daar is baie NG Kerk gemeentes wat gereed is om 'n bydrae maak tot die armoede-vraagstuk, maar hul weet nie aldag hoe nie. Die Konvent tussen die NG Kerk en die VGKSA in die Wes-Kaap hou waarskynlik hiermee verband.

#### **7.11. ONDERHOUD MET (EMERITUS) PROFESSOR JAAP DURAND 23 FEBRUARIE 2007**

Emeritus Professor JJF (Jaap) Durand was baie nou betrokke by die opstel van die Belhar Belydenis in 1982. Hy was professor by die Universiteit van Wes-Kaap en 'n lid van die kommissie wat die bewoording van die belydenis moes opstel. Hy het artikels geskryf in die boek *'n Oomblik van waarheid : opstelle rondom die NG Sendingkerk se afkondiging van 'n 'status confessionis' en die opstel van 'n konsepbelydenis* (1984). Omdat hy bekend is daarvoor dat hy die Belhar Belydenis positief waardeer, is hy ingesluit in die navorsing.

#### **ONDERHOUD**

JAAP DURAND: As ek terugdink aan die tyd voor die Belhar Belydenis opgestel is, dan dink ek aan die klasse by die Wes-Kaapse Universiteit. Die studente het baie te sê gehad oor apartheid

en die regeringsbeleid, maar ek het hulle aangespoor om teologies daarvoor na te dink. Ek het in die klas gevra: “Wat is die teologiese probleem met apartheid in die kerk?” In die klasse is baie daarvoor gedebatteer, maar uiteindelik het dit na vore gekom dat die *teologiese regverdiging* van apartheid ‘n groot probleem is. Ons kon hiermee te werk gaan in die kerk en iets voorberei vir die volgende sinodesitting.

Ons het ‘n mosie opgetrek. Ek het geskryf dat apartheid teen die Evangelie is omdat dit uitgaan vanuit die onversoenlikheid van mense. Ek het dit toe opgetrek en vir Jan Mettler en Sakkie Mentoor gegee en hulle het dit toe aan die sinode [Algemene Sinode van NGSK 1978] voorgelê – die sinode het dit net so aanvaar. Dit is hier waar Allan Boesak die eerste keer na vore getree het. Hy is by daardie geleentheid tot moderator van die sinode verkies. Ná daardie besluit het die vergadering van die *World Alliance of Reformed Churches* (WARC) [= Wêreldraad van Gereformeerde Kerke] gevolg, en dit gebeur toe so dat Allan Boesak dit neem na die WARC en die hulle aanvaar dit toe so. Hulle voorstel was dat die Kerk ‘n standpunt moet inneem oor die teologiese regverdiging van apartheid.

JAN: Hierdie formulering van die teologiese begroning van apartheid as sonde, het dit heeltyd daarvoor gegaan, of het dit oor apartheid self ook gegaan?

JAAP DURAND: Dit het gegaan oor die teologiese regverdiging van apartheid. Dit is waaroor die kern van die saak gegaan het. Dit was vanselfsprekend in die Sendingkerk, en ook in die Bruin en Swart gemeenskappe, dat apartheid onaanvaarbaar was as gevolg van sy morele waardes, maar waarom rig dit hom juis teen die Evangelie? Iemand probeer om teologies dit te regverdig wat lynreg in stryd is met die Evangelie. Toe kom die hele gedagte na vore dat dit moontlik kettery is. Hierdie is die saak wat gestel is by die WARC.

Die boodskap gaan toe terug na die kerke wat deel is van die WARC, naamlik die NG Kerk, NG Sendingkerk en al die ander lidkerke, dat dit kettery en sonde is. Daarna het die 1982 sinode [van die NGSK] plaasgevind, waar Allan Boesak terug rapporteer het dat apartheid bestempel is as kettery en sonde. So is dit aanvaar deur die sinode.

By hierdie sitting het ds. Gustav Bam opgestaan in die sinode en gesê dat mens nie net so ‘n verklaring kan maak en sê dat die integriteit van die Evangelie aangetas word nie. Dit is ‘n moment van waarheid. Dan moet jy sê wat jy bely. Die kerk móét ‘n belydenis opstel. Onmiddellik het die sinode dit aangegryp en besluit om ‘n belydenis op te stel. Dit word toe ‘n sinodebesluit en hulle wys ‘n kommissie aan.

Ek gaan jou nou werklik die binneverhaal van die storie vertel. Ná die dag by die sinode het Dirkie Smit na my gekom in my kantoor op Universiteit, en gesê dat ons ‘n konsep moet opstel sodat die

kommissie daaroor kan besluit. Op daardie stadium het ek en Dirkie oor die struktuur gepraat, want dit gaan toe oor versoening, die eenheid van die Kerk, versoening tussen mense en ook geregtigheid. Ons besluit toe dat dít die struktuur van die belydenis sou wees. Toe gaan Dirkie Smit daardie nag en op grond van hierdie stuktuur gaan gee hy dit vleis, en skryf hy die hele belydenis, saam daarmee ook 'n begeleidende brief. Die volgende oggend vroeg op pad na die sinode het Dirkie dit vir my gelees. Ons het dit sonder enige wysigings ingehandig en dit is die volgende dag aan die kommissie voorgelê. Allan Boesak het toe voorgestel dat daar 'n klein wysiging moet kom by die aanhef. Verder het almal dit net so aanvaar. Net hier en daar was 'n paar klein wysigings, wat meer taalkundig was. Dit is toe in die sinode aanvaar in 1982, en genoem die “1982 Konsep Belydenis”. Hiervandaan moes die Belydenis uitgaan na die verskillende gemeentes. Dit is die binneverhaal daarvan.

In 1986 is dit amptelik in die sinode aanvaar as Belydenis. Die Belydenis het bekend geraak as die “Belydenis van Belhar”. Ek weet nie presies waar die naam daaraan gegee is nie.

Die groot beswaar wat uit die NG Kerk gekom het, is dat dit Allan Boesak se belydenis was. Dit is waar, maar ook nie waar nie. *Waar* in die sin dat hy 'n groot rol gespeel het in die hele proses om die Belydenis daar te kry. As Allan Boesak dit nie by Ottawa, Kanada, voorgelê het nie, sou daar niks van so iets gekom het nie. Dit is ook *nie waar nie*, want Allan Boesak was nie betrokke by die werklike skryf van die Belydenis nie - hy het geen hand op papier gelê nie. Hy was wel deel van die kommissie. Hy was 'n onmisbare skakel in die hele proses. As Moderator van die sinode, het hy die Belydenis vanaf die Sendingkerk-sinode, voorgelê in Ottawa.

Daar was ook op 'n tyd korrespondensie in die Burger gewees, wat gesê het, van die kant van die NG Kerk, deur Fritz Gaum-hulle, dat die Belydenis opgestel is deur Dirkie Smit met die hulp van Jaap Durand. Dit was 'n ongelukkigheid. Dit is nie die volle waarheid nie. Dit is 'n baie groter en breër storie, en daarom het ons ons heeltetal uit daardie diskussie gehou. Ons het nooit gereageer nie; ons wou nie reageer nie. Hulle het vir Allan Boesak teenoor ons afgespeel.

JAN: Ek dink die blote feit dat die Belydenis net so aanvaar is, sê dat dit eintlik die woorde is wat die mense in die sinode gevoel het, en nie net een persoon se gedagtes was nie.

JAAP DURAND: Die Belhar Belydenis het só gesprek tot daardie mense in die sinode - dit was net eenvoudig ongelooflik! Daar was nie een woordverandering nie - asof die sinode gesê het: “Dit is wat ons voel!” Dit is die volle verhaal van die Belydenis van Belhar.

JAN: Maar goed, nou is ons al 'n hele ent verder en daar het ontsettend baie dinge gebeur. Die VGKSA het tot stand gekom. Die NG Kerk het eers stilgebly oor die Belydenis en toe het hy negatief begin praat. Daar is mense wat al lankal die Belydenis wou aanvaar binne die NG kerk.

Nou het ons al 'n politieke oorgang gehad. Apartheid is nie meer daar nie, en die eerste vraag wat baie mense vra, is: “Is die Belydenis nie nou verby nie? Ons het mos nou klaar die politiek reg gekry ten opsigte van die teologiese stryd teen onversoendheid.”

JAAP DURAND: Die eenheid van die kerk gaan voort! Geregtigheid gaan voort! Die woord “apartheid” verskyn nie in die Belydenis nie, juis omdat ons gevoel het dat die Belydenis bo die historiese uitgaan. Ek dink op die sinode of in die begeleidende brief is gesê: “Later sal die witmense dankbaar wees in hierdie land vir die Belhar Belydenis, omdat dit oor iets anders gaan as net baie spesifiek oor 'n konkrete politieke beleid.” Dit gaan veel dieper en meer fundamenteel. Dit is daarom dat die Belydenis van Belhar nog net so aktueel is as wat hy was, die tyd toe hy geskryf is.

JAN: As ek nou vandag met mense in die NG Kerk se gemeentes wil praat oor die Belydenis van Belhar en vir hulle sê dat hierdie dokument net so waardevol vir hulle ook is, hoe sou ek met hulle daarvoor praat?

JAAP DURAND: Een van die opvallende dinge is dat nie een van die drie sake waarom dit gaan in Belhar, op enige wyse werklik aangespreek is in ons bestaande drie Belydenisskrifte nie. Die Heidelbergse Kategismus het een sydelingse verwysing na die *eenheid van die Kerk*. Dit kom nie voor in die Dortse Leerreëls nie, want Dortd het oor ander dinge gegaan. Daar is ook niks in die Nederlandse Geloofsbelydenis nie. Die hele saak van versoening tussen mens en mens: As die gemeente-mense redeneer en sê: “Maar ons het ons belydenisskrifte wat volledig is”, dan vra jy vir hulle: “Waar is die sake wat so belangrik is vir vandag?”

Laastens oor die geregtigheid - en dis natuurlik waaroor party ouens so bietjie beswaar het: oor die formulering dat God op 'n besondere wyse aan die kant van die verontregte is - dit is 'n saak wat jy baie deur die Bybel sal kry. Die God van die weduwees en die wese. Ek meen, dit loop soos 'n goue draad reg deur die hele Bybel!

Maar, snaaks genoeg, daardie boodskap het blykbaar binne die Christelike kerke nooit deurgebreek nie. Slawerny is aangespreek. Uiteindelik het hulle besluit dat slawerny net nie aanvaarbaar is nie. Die grondslag daarvan is sterk ondermyn, sodat hulle in die negentiende eeu kon besluit dit nie meer aanvaarbaar is nie. Maar hierdie idee van die sosiale geregtigheid van die arme en die ellendige en die verdrukke, het nooit werklik onder die kerk se aandag gekom voor die twintigste eeu nie. In die twintigste eeu, met die bevrydingsteologie, het hierdie een faset na vore gekom, en dit het aanklank gevind, sodat ook die NG Kerk dit in die tagtigerjare in *Kerk en Samelewing* opgeneem het.

JAN: Die Barmen Verklaring, het dit enige agtergrond gegee in julle gesprekke rondom Belhar?



JAAP DURAND: Ek dink dat die “Bekennende Kirche” in Duitsland wel bereid was om na vore te kom. Die Barmen-Verklaring was baie sterk teologies. Daardie blote feit het op my persoonlik, in hierdie hele proses, 'n invloed gehad, sodat, toe ek met my klasse besig was, ek vir hulle gesê het: “Vergeet nou wat apartheid aan julle gedoen het. Kom ons soek waar lê die teologiese probleem.” Wat my persoonlik betref en die proses wat dit geloop het in die klas, dít is waaroor dit vir my gegaan het.

JAN: Ek het met my Meestergraad ingegaan op John de Gruchy se teologie. Het julle enige kontak met mekaar?

JAAP DURAND: O ja, ek en John is baie goeie vriende, om die waarheid te sê, hy het een van sy boeke aan my opgedra. Hy was in die *Suid-Afrikaanse Raad van Kerke* en hulle het ook in die laat-sestigers 'n dokument oor versoening opgestel, aar hulle het nie hierdie spesifieke punt aangespreek nie – wat John dan ook later vir my toegegee en erken het. Die kern van die probleem lê daarin dat apartheid sê: “Mense kan eintlik nie met mekaar versoen word nie, daarom moet jy hulle weghou van mekaar.” Dít lê ook aan die bron van die (ampere) onmoontlikheid, op hierdie stadium, in mense se gedagte-wêreld wat daardeur geïnfiltreer is, om ons so te laat sukkel om tot eenheid in ons kerke te kom - eintlik is dit [volgens hulle] nie moontlik nie.

JAN: Ek weet op hierdie stadium is daar in die buiteland ook kerke wat kyk na die Belhar Belydenis. Kan u my dalk meer inligting daaroor gee?

JAAP DURAND: Wel, ek weet net met die Algemene sinode van die VGKSA in Bloemfontein 'n paar jaar gelede, toe het ek daar opgetree, het daar 'n paar van die buitelandse mense gesit. Ek het met hulle gepraat en hulle aangespreek en gesê die Belydenis van Belhar is nie net vir Suid-Afrika bedoel nie - jy kan baie wyer gaan. Ek glo dat die Belydenis van Belhar kan baie sê vir ander lande en ook ander kerke.

JAN: Verstaan ek dan nou reg as u sê die groot waarde vir die NG Kerk op hierdie stadium is in die eerste plek dat die Belydenis uitbrei oor sake waaroor ons bestaande belydenisse hul nie volledig uitspreek nie?

JAAP DURAND: Ja.

JAN: Die vraag wat party mense sal vra, is: “Beteken dit dat ons nou iets nuut ontdek het in die Evangelie in hierdie eeu waarin ons leef, in hierdie omstandighede? Hoekom het die kerk vir 2000 jaar nie geweet hiervan nie, en nou kom dit na vore?”, of is dit vanweë nuwe omstandighede dat mens net anders kyk na dinge wat ons reeds gehad het?

JAAP DURAND: Ons het baie dinge reeds gehad. Oor die eenheid van die kerk, as jy na die reformasie kyk, en as jy luister na Calvyn se uitsprake, daar is geen twyfel daaroor dat mense tot versoening moet kom nie. Die kerk het dit altyd geweet. Ek sou sê die werklike bewussyn van iets nuuts wat na vore gekom het, is rondom sosiale geregtigheid, baie spesifiek, dat God hom op 'n besondere wyse bemoei met hulle wat verdruk en arm is - die ellendiges. Die Lukas-evangelie is baie duidelik hieroor. Lukas was ook die duidelikste en sterkste daarvan bewus. Skielik word jy bewus van 'n bepaalde Evangeliese boodskap wat na jou toe deurkom, wat die vorige groep nie verstaan het nie. Hoekom het die Christene vir 'n lang tyd met 'n sekere gemaklikheid met slawerny saamgeleef, totdat, soos die Engelse sê, die “Penny gedrop” het? Dit is dieselfde soos met die konsep van geregtigheid.

JAN: Ek het na die Ou Testament gaan kyk, en daar is eintlik min verwysings na die Ou Testament in die Belydenis van Belhar.

JAAP DURAND: Ja. Maar daar is oorvoldende beelde as hulle daar wou gaan kyk het - Psalm 146, Jesaja en Amos.

JAN: Ek dink self dat die mense van die NG Kerk, oor die algemeen, baie oningelig is oor die Belhar Belydenis.

JAAP DURAND: My ervaring is, in plekke waar ek was by die NG Kerk, dat hulle skielik tot die besef kom dat daar 'n gebrek iewers is. As jy hierdie dinge vir hulle begin uitwys, kan jy 'n verandering in hul houding sien.

JAN: Dan is daar ook die siening in die NG Kerk oor wat 'n belydenisskrif is.

JAAP DURAND: Dit is moeilik om te sê. Ek het in “n Oomblik van Waarheid” 'n stuk geskryf: “Waarom 'n Belydenis?”, en gevra wat die karakter van 'n belydenis is. Ek dink hulle gaan nou 'n stuk uitgee - wat hulle wil opstel oor die Eenheid vir gemeentes - wat eenvoudig gestel word. Hulle het vir Piet Meiring en myself gevra om iets te skryf oor Belhar. Ek het dit opgestuur na die Transvaal. Ek weet nie wat hulle daarmee gaan maak nie. Ek hoop wat hulle nié daarmee gaan doen nie, en dit is om weer 'n hele groot ding daar te sit vir die gemeentes - die mense gaan dit nie lees nie. Ek dink, soos jy ook sê, daar moet net iets kort vir die gemeentes gegee word, wat alles mooi uitstippel.

### **Opmerkings uit die onderhoud met (emeritus) professor Jaap Durand:**

| *Die agtergrond van die Belhar Belydenis*

- a. By die Universiteit van die Wes-Kaap is gesprekke gevoer oor die teologiese begroning van apartheid.
  - b. By die sinode van die NGSK in 1978 is 'n mosie rondom hierdie gedagtes aanvaar.
  - c. Dr. Allan Boesak het die besluit van die NGSK na die vergadering van die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke (Afr: WBGK; Eng: WARC) geneem, waar verklaar is dat die teologiese regverdiging van apartheid kettery en sonde is.
  - d. Daarna het die 1982 sinode plaasgevind, waar Allan Boesak terug rapporteer het dat apartheid bestempel is as kettery en sonde by die WBGK.
  - e. Gustav Bam het gesê dat 'n klag van kettery nie sonder 'n positiewe belydenis kan plaasvind nie, en die sinode het besluit om 'n belydenis op te stel. 'n Kommissie is hiervoor saamgestel. Dirkie Smit en Jaap Durand was ook hierby betrokke.
  - f. 'n Belydenis is opgestel, en met enkele wysigings deur die sinode as die *1982 Konsep Belydenis* aanvaar.
  - g. By die sinode in 1986 is hierdie belydenis as die *Belhar Belydenis* aanvaar deur die sinode.
- | Dit is foutief om te beweer dat die Belhar Belydenis Allan Boesak of Jaap Durand of Dirkie Smit se belydenis is. Die Belydenis het die geloof van die NGSK-sinode uitgespel oor die sake wat uit die apartheidskonteks na vore gekom het, naamlik *eenheid, versoening en geregtigheid*.
- | Al het die omstandighede sedert 1982 baie verander, bly die Belhar Belydenis aktueel, omdat dit nie net geskryf is vir daardie tyd nie. Die sake wat daarin aangeraak word, word nie so duidelik omskryf in die drie Formuliere van Eenheid nie, en daarom is dit steeds belangrik. Die Suid-Afrikaanse samelewing en Kerk is nog nie klaar met eenheid, versoening en geregtigheid nie.
- | Hoewel die sake wat in Belhar voorkom, nie uitgespel word in die belydenisse uit die reformasie nie, beteken dit nie dat hierdie sake eers in ons eeu ontdek is nie. Dit kom baie sterk in die Skrif na vore, en die Belhar Belydenis is op hierdie elemente in die Skrif gebaseer.
- | Die NG Kerk is besig om bewus te word dat daar aan hierdie sake aandag gegee moet word.

#### **7.12. ONDERHOUD MET (EMERITUS) PROFESSOR PHIL ROBINSON 23 FEBRUARIE 2007**

Hierdie onderhoud is gevoer met dr. Phil Robinson op 23 FEBRUARIE 2007. Doktor Robinson is emeritus professor van die Universiteit van die Wes-Kaap (UWK) en woon tans in Durbanville. 'n Onderhoud is met dr. Robinson gevoer, op grond van die volgende oorwegings:

- | Doktor Robinson was hoogleraar in Sendingwetenskap by UWK gedurende die totstandkoming van die Belhar Belydenis, en is sedert 1976 lidmaat van die VGKSA, Sarepta-gemeente (Kuilsvier);
- | Doktor Robinson het 'n artikel geskryf in die boek *'n Oomblik van Waarheid: Opstelle rondom die NG Sendingkerk se afkondiging van 'n status confessionis* en die opstel van 'n

konsep-belydenis (1984). Hierdie artikel se titel is: *Die Belhar-belydenis van 1982 in sendingperspektief*, wat baie relevant voorkom vir die tema van hierdie studie.

- I Doktor Robinson was aktief betrokke by die ontwikkelinge rondom sendingwetenskap ten tyde van die opstel van die Belhar Belydenis, asook in die jare daarna.

## ONDERHOUD

JAN: Ek het u artikel gelees in die boek *'n Oomblik van Waarheid*. Daarin het ek so 'n bietjie agtergrond gekry. Daarna wou ek graag met u gesels. Ek het dit baie interessant gevind en dit is taamlik in die lyn waaroor ek wil skryf en ook verder sal wil nadink. Die artikel se titel is *Sendingperspektiewe in Belhar*. Daarin het u ook so 'n bietjie gepraat van die ou Sending-terme en die ou Sending-siening en dat daar in Belhar iets verteenwoordig word in die ontwikkeling in die Sending.

PHIL ROBINSON: Ek weet nie of jy ons latere sending-definisie gekry het nie. Ons [dit is die Departement Sending- en Godsdienwetenskap en die Getuienis-Aksie Kommissie van die NGSK] het in 1985 'n konsultasie oor die verstaan en doen van sending binne die familie van NG Kerke belê. Hierdie konsultasie is aan die Universiteit van Wes-Kaapland gehou. Referate is deur al die teenwoordige NG Kerke gelewer oor hulle siening en praktyk van die sending. Tydens die besprekinge het die behoefte al sterker na vore gekom dat daar 'n gemeenskaplike 'werksdefinisie vir sending' opgestel moet word. Dominee Willie Cilliers en ek is aangewys om so 'n konsep werksdefinisie op te stel. Al die NG Kerke, VGKSA (toe nog die NGSK) en die NG Kerk in Afrika was almal teenwoordig. Die verskillende referate, sowel as die response daarop, plus die werksdefinisie is in 'n publikasie gebundel wat aan al die afgevaardigdes besorg is. Doktor Johan Botha, sekretaris van die SKGA-Kaapland, en ek het as redakteurs vir die publikasie opgetree. Ek sal die boekie vir jou probeer beskikbaar stel.

Ek was in die NG Kerke vir 'n goeie klompie jare betrokke, eers as predikant (1960-1972) en ten slotte as dosent (1972-1997). Ek dink daar was 'n gebrek aan werklike kommunikasie tussen die "moeder- en dogter-kerke", en dat 'n mens eintlik op twee vlakke by mekaar verby gepraat het. As 'n mens mooi gaan kyk, moet jy sê die sendingbeleid wat in die NG Kerke aanvaar is, dit is min of meer al die sinodes, was nie iets nuuts wat hier in Suid-Afrika ontwikkel is nie. Dit was die sendingdenke wêreldwyd. Kerke en sendinginstansies van oor die hele wêreld het met dieselfde vraagstukke geworstel. Die NG Kerk het veral aansluiting gevind by die sendingdenke in Nederland, Duitsland en Engeland. Ons het baie oor sending gelees uit Duitse- en Nederlandse boeke om uit te vind hoe die mense dink. Toe het dit nog gegaan oor *inheemsheid* en *selfstandigheid* van die gemeente op die sendingveld.

Hierdie doelwitte het hoegenaamd nie apartheid as bron of as oogmerk gehad nie, dit het bloot ekklesiologies gekonsentreer op wat hierdie kerk wat nou tot stand kom, moet wees. Dit moet sy eie Bybel hê, dit moet sy eie taal hê, dit moet sy eie struktuur en bestuur ontwikkel binne sy kulturele idioom. Dit was die groot fokuspunte. Dit was die een kant van die benadering.

Daarvan het die jonger kerke nie veel kennis gedra nie. Hulle was nie deel gemaak van die teoretiese besinning en debat nie. Gevolglik het hulle die praktyk bloot ontvang en dit gevolglik ook nie baie goed verdiskonteer nie. Soos hulle dit belewe het, was dit 'n verskuiwing in die verstaan van die kerk. Die twee belewenisvelde was so ver van mekaar, dat hulle dit nie met mekaar kon versoen nie. Dit was dus moeilik om in so 'n botsende situasie by mekaar uit te kom.

Wat tóe vir my uitgestaan het, is dat daar lyne was wat jy wel vanuit die Belydenis kon trek, wat 'n sekere koppeling gee, waarop sekere ontwikkelinge kan plaasvind en daardie kloof waarmee jy te doen het, vernou kan word en ons meer met mekaar in gesprek kan kom. Die probleem was egter dat sommige plaaslike kerke bly vassteek het in 'n sending paradigma wat nie meer gegeld het nie. Daarmee is die moontlikheid vir 'n sinvolle gesprek ernstig belemmer. Selfs van die oorsese kerke by wie ons lig opgesteek het, was besig om 'n paradigma skuif te maak.

JAN: Die buitelandse kerke het hier kom sendingwerk doen met 'n bepaalde beleid. Die sending- ywer het oorgespoel na die NG Kerk (Kaaps Hollandse Kerk) toe en die NG Kerk het begin sendingwerk doen, maar met dieselfe beleid as die buitelandse kerke. Die verskil is dat die NG Kerk reg langs die mense onder wie hulle sendingwerk gedoen het, gestaan het. Die buitelandse Kerke werk vanuit die buiteland en hulle moet 'n tipe selfstandigheid kweek, anders kan hulle nie die werk doen nie, maar ons het nie as NG Kerk raakgesien dat ons op 'n ander manier te werk kon gaan nie.

PHIL ROBINSON: Dit is 'n belangrike punt. Ek het begin kyk na wat die Hollanders in Indonesië gemaak het. Daar het hulle 'n Hollandse gemeente gevorm langs die gemeente wat hulle gestig het vir die Indonesiërs. Die een het die Hollandse taal gepraat en was in alle opsigte 'n duplikaat van die betrokke kerk in Nederland. Die ander een het van die Indonesiese tale gepraat en het gesoek om daaraan 'n gestalte te gee wat by die kulture aldaar aanpas. Die twee gemeentes het langs mekaar bestaan. Allerhande snaakse modelle het so ontwikkel. Dit laat jou wonder watter oogmerke daar was met die evangelisering van mense uit ander kulture?

Wat vir my verder interessant was, is dat Christene uit ander kulture, bv. die swartmense in SA asook in Afrika, woedend en venynig was oor die imperialistiese wittes of Westersinge wat die Westerse kultuur hier kom indra het en sodoende die swart kulture verdring het. Die vraag is: Hoe rym jy dit met die siening van dié wat sê, kom ons respekteer elke kultuur ten volle en gee hulle kans om dan binne hulle idioom en taal hulle geestelike/geloofslewe te bedryf?

Jy het hier 'n vreemde dilemma: Enersyds kan jy die protes teen die kulturele verdringing goed begryp. Andersyds gryp die volgende klag jou in die hart: “Maar is ons nog nie goed genoeg, om deel te wees van dieselfde kerk nie?” Dit is nog 'n probleem wat dringend om 'n oplossing vra. Ek nie weet wie dit gaan oplos nie.

JAN: Dit is amper dieselfde vrees wat mense in die NG Kerk nou het met die eenwording - veral in die binneland. Hulle sê: “Wat van ons kultuur? Ons wil nie dans in die kerk nie, ons wil stilte hê.”

PHIL ROBINSON: Ja, dit sluit ook taal in.

PHIL ROBINSON: Om terug te kom na die teologiese lyne wat die belydenis trek. Soos ek in die artikel probeer sê het, gaan dit oor die oorhoofse raamwerk waarbinne 'n mens na die kerk se funksionering kyk. Ons, by UWK, het dit gedoen deur die teologiese opleiding te struktureer as 'n opleiding wat moet beantwoord aan die paradigma: die kerk in die wêreld. Dit gee vir jou 'n oorhoofse raam waarbinne jy jou kan rig op wat jy wil bereik met kerkwees. Daarom, soos wat ek ook in my skripsie probeer aandui het, het die klem vir my geval op *die presensie van die kerk in die wêreld in 'n sending perspektief*. Hiermee word die gedagte ook onderstreep dat die gemeente nie 'n sending het wat apart of los van sy bestaan is nie, maar sy bestaan is deel van die uitvoering van die sendingopdrag. Die gemeente is 'n getuie. Daarom het ek al vir mense gesê: “Julle is nie op pad na 'n sendingveld nie, julle is reeds daarin. Al wat julle moet ontdek, is wat om te doen en hoe om dit te doen.”

Dit is ook wat ek in die bydrae tot *'n Oomblik van Waarheid* gevra het. Kyk na die hoofmomente van die Belydenis, na die groot idees waarvoor die kerk staan, die eenheid van die kerk, die versoening in en deur Jesus Christus, die geregtigheid en ware vrede wat die kerk moet nastreef. Onthou, jy het basies te make met die gemeenskap van die gelowiges wat ervaar het dat die gemeenskap met mekaar verbreek is. Jy het verder ook 'n strukturele roeping in 'n ewe-eens gebroke samelewing. Jy spreek alle vorme van onreg wat bestaan, aan en daarop rig jy jou getuienis en jou arbeid om hierdie tipe verkeerdhede reg te stel en op te ruim. Dit was die lyne waarlangs ek begin soek het. As ek nou daarna terugkyk, besef ek dat dit maar net 'n begin was. In my eie denke moes ek nog heelwat ontwikkel.

JAN: Ek het gelees by Hans Küng wat praat van die *missionêre dimensie*. Ek kry nogal iets as u so praat hieroor. Dit voel vir my amper dat dit 'n tipe term is waarvan jy meer moet praat. Ons moet meer praat van die *missionêre dimensie* van die kerk as die sending van die kerk. Sending word baiekeer gesien as 'n ding vir 'n aparte kommissie of 'n aparte losstaande saak in die kerk.



PHIL ROBINSON: Ek onthou dat ek dit by hom gelees het. Die persoon wat dit egter vir die Sendingwetenskap verder bedink het, is Hans-Werner Gensichen in sy *Glaube für die Welt* (1971). Hy onderskei tussen *dimensie* en *intensie*. Die missionêre *dimensie* het met die wese van die kerk self te maak terwyl *intensie* weer met 'n gerigte programmering te maak het. Ek dink die dimensie moet aangevul word met daardie intensie. Baie mense sal wil kort stop by die dimensie, maar dan gebeur daar eintlik niks. Dit is asof dinge spontaan moet gebeur. Daar is 'n groot deel wat spontaan gebeur as jy Christelik lewe, dit is nie onder 'n maatemmer weggesteek nie. Mense belewe dit, sien dit en hulle praat daaroor, maar die intensie gaan verder as daardie dimensie. Die intensie steek nog weer die grens oor van die dimensie. Die intensie gaan verder. Ietsie daarvan moet mens miskien beklemtoon. Dit lyk vir my dit is die moeite werd.

Ek het eintlik in my tesis twee hoof fokuspunte gehad. Die een is die *konteks* waarin die gemeente hom bevind. Dit vra egter voortdurende kontekstualisering in die sin dat as jy van konteks verwissel dan moet jy weer rondom jou verken watter taak en hoe kan ek dit hier verrig? Kontekstualisering bly soos 'n reformasie, 'n voortdurende verantwoordelikheid van die kerk, omdat sy konteks gedurig verwissel.

Die tweede fokus was *identiteitsvaslegging*. Die kerk kan net nooit ophou om sy identiteit stewig vas te lê nie, want dan is hy naderhand nie meer kerk nie. Hy kan in 'n agentskap vir 'n ideologie ontwikkel en dit nie agterkom nie, omdat hy nie met 'n proses van identiteitsvaslegging besig is nie. Ek het geoordeel dat tussen daardie twee pole is 'n voortdurende kreatiewe proses aan die gebeur.

JAN: Wat beteken identiteit vaslê? Is dit om gedurig te gaan kyk by die Skrif en Belydenisse?

PHIL ROBINSON: Dit beteken om al meer werklik 'kerk' te wees - dit wat jou identifiseer as kerk. Met ander woorde dat jy as geloofsgemeenskap in die wêreld geken word. Dit moet 'n blywende reformasie wees. H.W. Rossouw het 'n waardevolle artikel in die eerste jaargang van die NGTT geskryf oor: "Enkele aantekeninge oor die vraag: Wat is die kerk?". Dit bly vir my van die netjiesste formuleringe oor die taak van die kerk in die wêreld.

JAN: As ek nou moet gesels met mense in die gemeente en ek moet vir hulle die waarde gee van die Belhar Belydenis, wat sou ek vir hulle sê?

PHIL ROBINSON: Een van die belangriker dinge waarop ek altyd die klem wil lê, is: Vat jou drie Belydenisse wat jy aanvaar het en onderstreep al die frases van die Belhar Belydenis wat in jou belydenisse staan, en dan kyk jy wat bly oor in Belhar wat nuut is. Doen eers net dit. Dan moet jy sê: "Maar ek bely al klaar 98 persent. Met ander woorde, ek sê hierdie dinge al amper 100 jaar.

Nou wat is my moeilikheid dan? Wat is dit dan wat my pla?” Die lidmaat moet dit self uitlig. Die dominee moet hom nie hierin voorgaan nie. Die lidmaat moet self sê wat hy nie daar wil hê nie.

JAN: Met ander woorde, jy moet nie vir mense sê wat die waarde is nie, maar die lidmaat moet self ontdek wat vir hom die waarde is. Hy kan self uitlig waarmee hy saamstem en wat hy wil uithaal.

PHIL ROBINSON: Die tweede ding wat ek altyd ook sê is: jy moet daarmee rekening hou, dat in die tyd waarin die Belhar Belydenis ontstaan het, vanaf 1975 tot 1990, het daar 'n groot aantal belydenisse wêreldwyd ontstaan. Almal is geformuleer deur óf minderheidsgroepe, óf deur groepe wat lank gekoloniseer was en wat 'n wanbalans in hulle samelewings beleef het. Ek het nooit besef hoe baie daar is nie. Mens moet net op 'n keer daarna gaan kyk.

JAN: Nou waar sal mens hierdie belydenisse kon sien?

PHIL ROBINSON: Die een bron is in die reeks *New Directions in Mission and Evangelization* onder redaksie van James A Scherer en Stephen B. Bevans. Vol.1 handel oor: *Basic Statements 1974-1991*. Ek het ook by iemand wat belanggestel het, 'n belydenis wat die lere opgestel het, gekry. Dit was in dieselfde tyd as wat die Belhar Belydenis opgestel is. En as jy die twee langs mekaar sit, is daar verrassende ooreenkomste. Die interessante is dat dit wêreldwyd gedurende dieselfde tyd gebeur het. Nog 'n waardevolle bron wat veral ook die Suid-Afrikaanse toneel belig, is die bundel wat saamgestel is deur JW Hofmeyr, JA Millard en CJJ Froneman: *History of the Church in South Africa. A Document and Source book* (1991).

JAN: As mens kyk na die Drie Formuliere van Eenheid en mens kyk na die Belhar Belydenis - hoewel die Belhar Belydenis in 'n ander konteks geskryf is as wat die NG Kerk in daardie stadium was – sou mens vandag kon sê dat die NG Kerk nader staan aan die konteks van die Belhar Belydenis as die Europese konteks, waarin die Belydenisse van die Drie Formuliere van Eenheid geskryf is?

PHIL ROBINSON: Ek stem beslis saam. Ek moet vir jou sê dat die Belhar Belydenis debatte aan die gang gesit het wat die VGKSA en die NG Kerk se kontekste baie nader aanmekaar getrek het. Sowel die VGKSA mense het baie dinge by die NG Kerk ontdek wat hul nie geweet en besef het nie, en andersom ook. Die NG Kerk het ook baie dinge van ons ontdek. Hulle het gedink hulle weet baie van ons, maar hulle het nie eintlik al die feite gehad nie. Byvoorbeeld, die hele kwessie van die omwenteling van eerste- en tweede geslag stedelinge veral in die swart townships. By ons in die Oos-Kaap is nuut-inkommers “come-arounds” genoem – hulle moet by jou agterdeur kom klop, want hulle is nog rou, hulle ken nog nie die stad nie. Die gevolg hiervan was dat die nuut inkomendes 'n akute vorm van eensaamheid ervaar het, soos wat JJF Durand in sy *Swartman*,

*Stad en Toekoms* bevind het. Eensaamheid was dus die grootste probleem wat hulle het. Die swart konteks is ook glad nie so eenvormig nie. Dit het 'n enorme verskeidenheid.

JAN: Dis natuurlik fantasties om te sien dat die VGKSA en NGK se studente almal saam kan studeer by die kweekskool.

PHIL ROBINSON: Ja, dit is beslis anders as wat ons opleiding was.

JAN: Sou dit vir die VGKSA ook van waarde wees om te gaan kyk na *Kerk en Samelewing*?

PHIL ROBINSON: In die VGKSA is daar baie onkunde oor die Drie Formuliere van Eenheid. Die Dordtse Leerreëls ken min nog – dit geld natuurlik ook vir ander gereformeerde kerke. Die Nederlandse Geloofsbelofte weet hulle so ietsie van. Ek dink wat 'n mens moet bevorder, is gesamentlike studiegroepe wat die vier Belydenisse en van die belangrikste sinodale verslae en besluite kan bekyk. Dan ontdek ons weer goed wat ons al baie lankal vergeet het.

JAN: Dit lyk tog vir my of die eenheidsproses nou 'n bietjie losgemaak word van die Belhar Belydenis self.

PHIL ROBINSON: Daar is eintlik twee strominge. Sommige oordeel dat die Belhar Belydenis nie die eenwording moet verdra nie. Volgens hulle is dit twee sake. Andersyds is daar 'n onderstroming op die oomblik onder die gelede van die ou NG Sendingkerk wat sterk voel dat so 'n skeiding volledig onaanvaarbaar is. Vir hulle beteken dit verraad teenoor die lede en die stryd (struggle) van die verlede. Vir hulle is daar geen sprake van eenheid sonder aanvaarding van die Belydenis van Belhar nie. Hierdie gevoel word nie amptelik gelug nie omdat hulle nie die versoenende rol van Allan Boesak wil ondermyn nie. Almal wil hom graag in 'n leiersposisie hou. Dit is dus nog 'n onopgeloste probleem in die gelede van die voorheen NG Sendingkerk. Watter kant toe dit gaan ontwikkel, lê nog in die toekoms.

JAN: Ek dink dit sal goed wees dat die eenwordingsproses en die Belhar Belydenis uitmekaar gehou word. Die Belhar Belydenis raak partykeer weg in die proses. Ek dink dat as daar 'n eenheid sou kom, op watter manier ookal, dit net baie rustiger sal wees.

PHIL ROBINSON: Dan behoort daar ook 'n gesprek aangeknoop te word oor die gereformeerde aard/karakter van die Familie van NG Kerke. Ek dink nie die NG Kerk is meer 'n heeltemal gereformeerde kerk nie. Daar is soveel goed wat plaasvind in die NG Kerk wat ek dink nie gereformeerd is nie. Ons het al taamlik weg beweeg van 'n gereformeerde kerk te wees. Watter rigsgaer het ons om ons te lei? By die Hervormers was daar nie iets anders nie, die Woord moes

hulle lei – en dan terselfdertyd, terwyl jy dit gesê het, is die Woord se basis so verswak dat dit net sowel 'n ander dokument kon gewees het.

### Opmerkings uit die onderhoud met emeritus professor Phil Robinson:

- | In 1985 is 'n gemeenskaplike *werksdefinisie vir sending* opgestel vir al die NG Kerke.
- | Daar was 'n gebrek aan werklike kommunikasie tussen die “moeder-“ en “dogter-“kerke van die Familie van NG Kerke. Mense het eintlik op twee vlakke by mekaar verby gepraat.
- | Die sendingbeleid wat in die NG Kerke aanvaar is, was nie iets nuuts wat in Suid-Afrika ontwikkel is nie. Dit het aangesluit by die wêreldwye sendingdenke, veral Nederland, Duitsland en Engeland, waar dit gegaan het oor *inheemsheid* en *selfstandigheid* van die gemeente op die sendingveld.
- | Hierdie doelwitte het nie apartheid as bron of oogmerk gehad nie. Dit het 'n ekklesiologiese selfstandigheid in die oog gehad, maar dit is nie so deur die “dogter-“kerke ontvang nie. Hulle het dit so verskillend beleef, dat die kommunikasie daardeur belemmer is.
- | Die Belhar Belydenis het op sekere punte die twee belewenisvelde binne die NG Kerk bymekaargebring en 'n basis vir gesprek begin vorm.
- | In Indonesië het die Hollandse kerkplanting baie op dieselfde patroon as in Suid-Afrika plaasgevind. Daar is 'n gemeente vir die Europeërs gestig wat 'n duplikaat van die Hollandse Kerk was (soos aan die Kaap met Kaaps-Hollandse Kerk), en daarnaas is 'n Indonesiese gemeente gestig wat in die kultuur en taal van die Indonesiërs was (soos aan die Kaap met die Kaapse gestig en later die NGSK).
- | Die protes vanuit die jong gemeentes skep 'n dilemma. Aan die een kant wil mense ruimte hê vir verskillende kulture, aan die ander kant is dit 'n probleem dat daar nog verwydering in die kerk is langs kulturele lyne.
- | In Robinson se proefskrif is die klem gelê op *die presensie van die kerk in die wêreld in 'n sending perspektief*. Die gemeente het nie 'n sending wat apart of los van sy bestaan is nie, maar sy bestaan is deel van die uitvoering van die sendingopdrag.
- | Die hoofmomente van die Belhar Belydenis is ook die groot idees waarvoor die kerk staan (eenheid, versoening, geregtigheid) en die kerk moet sy getuienis en arbeid daarop rig om die verkeerdhede reg te stel en op te ruim.
- | Die missionêre *dimensie* het met die wese van die kerk self te maak terwyl *intensie* weer met 'n gerigte programmering te maak het. Beide is nodig.
- | In sy proefskrif werk Robinson met twee pole: Kontekstualisering en identiteitsvaslegging. Die Kerk moet voortdurend met beide besig wees.
- | Identiteit vaslê beteken om méér kerk te wees. (Sien H.W. Rossouw in NGTT 1(1): “Enkele aantekeninge oor die vraag: Wat is die kerk?”)
- | Twee riglyne vir lidmate wat op soek is na die waarde van die Belhar Belydenis:
  - a. Vergelyk dit met die drie Formuliere van Eenheid en vind die ooreenkomste.

- b. Gaan kyk na die groot aantal belydenisse wat in daardie tyd na vore gekom het.
- | Die Belhar Belydenis het debatte aan die gang gesit wat die VGKSA en die NG Kerk se kontekste baie nader aanmekaar getrek het. Beide kerke het deur hierdie debatte mekaar beter leer ken.
  - | Gesamentlike studiegroepe (bestaande uit verskillende lede van die NG Kerk-familie) wat die Belydenisse en sommige van die belangrikste sinodale verslae en besluite bestudeer, kan bevorder word.
  - | Daar bestaan twee strome ten opsigte van die kombinasie van die herenigingsproses en die aanvaarding van die Belhar Belydenis in die kerkorde van 'n herenigde NG Kerk. Sommige wil die twee skei, ander heg 'n groot simboliese waarde aan Belhar, en sien hereniging slegs saam met 'n opname van Belhar in 'n nuwe kerkorde.
  - | Saam met 'n gesprek oor Belhar, sal 'n herenigde NG Kerk ook moet praat oor gereformeerde identiteit.

### 7.13. ONDERHOUD MET DAAN CLOETE 27 Junie 2007

Emeritus Professor G D Cloete was dosent by die Universiteit van die Wes-Kaap toe die Belhar Belydenis opgestel is. Kort daarna het hy saam met dr. Dirkie J Smit 'n bundel byeengebring met die titel: *'n Oomblik van Waarheid: Opstelle rondom die NG Sendingkerk se afkondiging van 'n status confessionis en die opstel van 'n konsepbelydenis.* (1984) Hy het self een van die hoofstukke in die bundel geskryf. As persoon wat dus by die ontstaan van die Belydenis betrokke was, is dr. Daan Cloete beskou as 'n baie goeie kandidaat vir 'n onderhoud oor die missionêre waarde van die Belhar Belydenis.

#### ONDERHOUD

JAN: Hoe dink u oor die Belhar Belydenis vandag?

DAAN CLOETE: Belhar is iets wat vir ons nie meer so voorop in ons denke staan nie, want dit is iets wat jare gelede gebeur het. Op daardie tyd was dit vir ons belangrik om op 'n waardige wyse, 'n teologies verantwoordelike wyse, te reageer op die situasie in ons land en ook binne die kerk, en ons het op daardie stadium gevoel die beste manier om dit te doen, is by wyse van 'n belydenis van die kerk. Dit is ook baie duidelik dat ons probeer sê het dit is gerig teen die teologiese regverdiging van apartheid. Dit is nie soseer gerig teen die ideologie of politiek van apartheid nie – alhoewel dit ook nie heeltemal uit die oog uit moet verloor nie, want mens moet onthou dat die regering van die dag alles wou baseer op 'n Christelik-Nasionale ideologie – maar in die eerste instansie was Belhar bedoel om beswaar te maak, om uit te roep teen die teologiese basis wat

gegee is aan apartheid. Vir ons het dit gevoel dat ons dit op 'n manier gedoen het wat pas by gelowige mense in dialoog met mekaar.

JAN: Die ideologie van apartheid – op watter manier het dit die mense in die destydse NGSK sinode geraak? Was daar mense teenwoordig wat teologies so gedink het? Hoe was die mense onder indruk van die teologiese regverdiging apartheid?

DAAN CLOETE: Mens kan nie die dinge wat op daardie sinode (1982) gebeur het, losmaak van die goed wat vooraf plaasgevind het nie. Ek ontdek onlangs weer 'n dokument oor 'n byeenkoms in Pretoria (1980) met die tema: “Die kerk in die jare 80.” Daar was baie kerkmense en hoogleraars byeen en in daardie tyd was ds. Pierre Rossouw nog voorsitter van die Ekumeniese Kommissie van die NG Kerk. Baie mense was nog ongelukkig oor sy toespraak waar daar verwys is na die uitdrukking van “kettery” en daarna is daar in die Kerkbode baie fel gereageer daarop. Die strekking van sy toespraak het nog probeer om apartheid te regverdig. Ek wil maar sê dat daar verskeie faktore was wat bygedra het. Kort daarna was die vergadering van die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke in Ottawa, waar die *status confessionis* afgekondig is, en ongeveer 'n week daarna is ons sinode (NGSK) bymekaar en dit is spesifiek ook dié soort van atmosfeer waarbinne hierdie goed plaasgevind het.

JAN: As mens nou terugkyk na hierdie gebeure, dink u die kerk kon enige ander pad stap as deur middel van 'n belydenis?

DAAN CLOETE: Ek dink nie die kerk het veel van 'n keuse gehad nie. Die kerk moet tog optree as kerk. Daar was in hierdie tyd baie besware vanuit die regering dat die kerk nou besig was om op die terrein van die politiek te beweeg, maar dit was natuurlik 'n maklike manier om te sê: “Bly weg van die politiek van die dag af en moenie inmeng met die politiek nie. Julle is nou besig met politiek.” Die vraag is egter of die politici nie hulle grense oorskry het deur die manier waarop hulle politiek bedryf het nie. Hulle dwing die kerk eintlik om dinge te sê oor diskriminasie, die probleme van die armoede, die kwessie van die Wes-Kaap dat swart mense nie daar mag gaan woon het nie – al hierdie goed (eintlik op die gebied van die menseregte) het neergekom op 'n oorskryding van die funksie van die politiek. Die kerk is as't ware gedwing om te sê: “Maar dit kan nie! Waarmee is ons nou besig?”

As jy nou terugkyk dink ek nie dat die kerk anders kon optree nie. Die kerk moes sy stem laat hoor, en die kerk moet dit altyd doen. As dinge nou verkeerd loop, moet die kerk sê: “Dit kan nie!” Gelukkig doen die kerk dit nou ook. Die kerk sê baie makliker vir die huidige regering dat daar dinge is wat net nie pas nie. Dit het niks te doen met 'n politieke beleid nie. Dit gaan oor hoe jy daardie beleid toepas.



JAN: My volgende vraag is nou: Belhar het ontstaan vanuit 'n bepaalde situasie. Daar het 'n groot verandering gekom in 1994. Is die Belydenis net 'n historiese verwysingspunt, 'n historiese dokument, of kan mens dit nou op 'n nuwe manier gebruik?

DAAN CLOETE: Natuurlik, 'n belydenis is nooit 'n dokument wat jy kan wegbêre en sê dat dit net vir 'n bepaalde situasie was nie. Jy moet dit in daardie situasie verstaan, maar ek dink dit behou 'n bepaalde relevansie vir alle situasies. Anders moet ons nou die Drie Formuliere ook wegpak en sê dat ons niks meer daarmee te doen gaan hê nie, maar ons kan dit nie doen nie. Dit is tog die basis van ons verstaan van die Bybel – so lees ons die Bybel met daardie belydenisskrifte in die hand. Die waarde van Belhar gaan bly en gaan moet bly. Dit is onder andere een van die groot besware wat mense het waarom die NG Kerk nie Belhar wil aanvaar nie: hulle wil soort-van sê dat dit oor 'n bepaalde situasie gaan en dat dit weggepak moet word – ons het niks meer met Belhar te doen nie, terwyl dit juis nuttig gebruik kan word ook in 'n nuwe situasie soos nou.

JAN: Het u enige voorbeeld van hoe mens die Belhar Belydenis nou nog in ons huidige situasie kan gebruik?

DAAN CLOETE: Wel, ons is nog nie klaar met rasse-diskriminasie nie. Rondom versoening kan ons nog altyd met Belhar werk. Ons is lank nie klaar met die hele kwessie van die verontregting van die armes nie. Elke dag sê mense dat daar eintlik vir arm mense niks verander nie – die geregtigheid. So, al drie basiese punte is nog relevant. Die eenheid van die kerk – nou praat ons nie net oor die NG Kerk-familie nie, maar ook kerklike eenheid in die algemeen met byvoorbeeld die Kongregasionaliste en die Presbiteriane. Daar kan ons Belhar gebruik.

Wat vir my baie interessant is, is dat daar deesdae baie meer nie-offisiële samewerking tussen verskillende kerke te vind is. Mense aanbid lekker saam, hulle sing, hulle hou eredienste saam, terwyl ons nog met die formele goed sit. Terwyl mense hulle nie vreeslik steur aan belydenisskrifte en amptelike vergadering en sulke dinge nie.

JAN: Ek wonder of hierdie samewerking nie makliker in die Wes-Kaap plaasvind as byvoorbeeld in die Noord-Transvaal nie, aangesien hier minder kultuurverskille is as daar.

DAAN CLOETE: Ja, in die Wes-Kaap is dit maklik wat die taal betref, maar in die Kaaplandse sinode met die ou Oos-Kaapse Xhosa-sprekende gemeentes moet ons maar hard werk om die samewerking te laat loop. Jy kan nie sê: “Ons sukkel en daarom moet ons dit maar los” nie, want dan ignoreer jy die imperatief van die Bybel. Nêrens word gesê dat die maklik gaan wees nie. Ons het nie 'n keuse wat dit aanbetref nie.

JAN: Dink u dat die Belhar Belydenis help om die eenheidsproses, wat met die totstandkoming van die VGKSA aan die gang gesit is, te laat werk?

DAAN CLOETE: Ja, jy kan jou gedurig daarop beroep. Dit is soos 'n grondwet van die land. Uiteindelik moet jy kyk of jy die grondwet gehoorsaam of nie. Vir die kerk funksioneer Belhar ongeveer op dieselfde manier. Jy kry spanninge, dit gaan moeilik, maar uiteindelik moet jy vir jouself sê: "Ek het my hieraan verbind en ek moet dit doen. Ek het nie 'n keuse nie."

JAN: SO, wanneer die kerk in so 'n eenwordingsproses ingaan, is dit baie waardevol om so 'n dokument te hê.

DAAN CLOETE: Presies.

JAN: Goed, nou sit ons met die emosionele bagasie wat saam met die Belhar Belydenis kom. Aan die een kant mense vir wie Belhar emosioneel baie kosbaar is, aan die ander kant, mense wat Belhar as 'n aanval beleef het op hul geloof – 'n negatiewe teregwysing – hulle koppel negatiewe emosies aan Belhar. Dit lyk asof daar in die eenheidsproses in die NG Kerk-familie nie dwingend met Belhar omgegaan moet word nie. Dit moet nie afgedwing word op mense wat emosioneel negatief oor die Belydenis dink nie, maar die dokument behoort tog 'n rol te speel. Hoe dink u daaroor?

DAAN CLOETE: Ja, ek verstaan die problematiek – die debat kom mos nou al lank aan oor of ons Belhar moet los of nie. Ek is tereg met u dat dit aan beide kante emosioneel goed is. Om van ons te verwag om dit te los is nogal veel gevra. Aan die ander kant, om mense wat nie daarby betrokke was van die begin af nie en wat dit as 'n aanval op hulle beleef het, sal aanvaarding uiteraard moeilik wees.

Met die opstel van die Belydenis het ons buite die sinode daarvoor gepraat. Onthou, toe was ons nog die NGSK, nie die VGKSA. Die sinode het die probleem daarby gevoeg dat jy nie kan sê 'n ding is verkeerd en sonder om te bely wat jy glo nie. Ons het destyds buite die sinode gewonder of ons onmiddelik 'n belydenis moet opstel en of ons een rondte sinode moet wag en dan by 'n volgende sinode dit moet aanpak. Maar die sinode het geoordeel dat dit tóé die oomblik was waarop dit gedoen moes word ('n oomblik van waarheid) – as dit uitgestel is, sou daar dalk nie 'n belydenis opgestel gewees het nie.

Ek verstaan die dilemma, maar daar is natuurlik die opvatting dat jy vra waar die belydenis funksioneer – meestal by die teologiese opleiding en by die aflegging van belydenis. Jy kan vir mense die keuse gee: wil jy drie of vier onderskryf, en so kan jy hierdie probleem ondervang. Veral ook omdat die Belydenis van Belhar in wese aansluit by die Drie Formuliere – dit is 'n

kontekstualisering van sake wat daar staan. Ek weet nie, ek dink dit is 'n moeilike saak. Jy kan sê dat dit net funksioneer by teologiese opleiding en voorstelling van kerkraadslede, maar daardie mense is meestal jongmense wat nie vreeslik probleme het met die Belydenis nie – so hulle sal nie 'n probleem hê (dink ek) om al vier te onderskryf nie. Ek het nie 'n duidelike antwoord daarop nie.

DAAN CLOETE: Daar is baie goed in die Bybel en in die Drie Formuliere waarvan mense sê dat hulle nie daarvan hou nie. Die vraag is of mens (as gelowige) dinge doen waarvan jy hou, of doen jy dinge waarvan die Bybel jou vertel? Ek dink dit is ook so dat daar met die tyd saam ook 'n groter aanvaarding van die Belydenis sal kom.

Daar is aan my vertel hoe daar in Nederland die gebruik was by die aanstelling van 'n dokter in die hospitaal in Kampen, dat die dokter die Drie Formuliere moes onderteken. Die persoon wat dit aan my meegedeel het, was voorsitter by 'n raad by die hospitaal. Hulle het in daardie tyd 'n dokter aangestel wat maar min belanggestel het in godsdiens, en vir hom gevra om die Drie Formuliere te onderteken. Hulle gee hom toe 'n dokument om te teken, en toe hy dit geteken het, sê hy: “Dit is nou die een, waar is die ander twee?” Hy het nie die vaagste benul wat hy onderteken het nie. Nou, ek dink in die toekoms mag dit dalk ook so gaan met die belydenisse. Die ouer mense sal altyd daarmee probleme hê, want hulle kom uit daardie situasie waarbinne hulle grootgeword het, en ek dink nie 'n mens moet hulle onder enige dwang plaas nie. In ons kommissie was daar ook 'n stuk of twaalf predikante wat nie die Belhar Belydenis wou aanvaar nie. By die sinode is toe 'n kommissie aangestel om hierdie mense te begelei. Ek was self deel van daardie kommissie. Ons werkswyse was maar om te luister na die broers en hul besware aan te hoor. Ons het met hulle gesprekke gevoer en gesê dat ons vir hulle beskikbaar is in die reses vir verdere gesprek. Toe die volgende sinode aangebreek het, was daar slegs een predikant wat geweier het om Belhar te onderteken. Die ander het nie meer beswaar gehad nie. So, ek dink met die tyd sal die aanvaarding kom. Mense moet nie gedwing word nie.

JAN: U het nou vanuit 'n Nuwe Testamentiese oog geskryf in *'n Oomblik van Waarheid*. Sou u sê dat sekere konsepte waarmee Belhar werk meer Ou Testamenties of meer Nuwe Testamenties is?

DAAN CLOETE: Ja, die afdelings oor eenheid en versoening is dalk meer vanuit die Nuwe Testament, terwyl die deel oor geregtigheid dalk meer vanuit die Ou Testament geneem is. Maar as ons kyk na belydenis as sulks, dan is die belydenis dat Jesus die Here is (en nie die Keiser nie) 'n belangrike vertrekpunt. Dit gee 'n vaste punt vanwaar gewerk kan word, waaraan jy jou kan anker.

JAN: So, die konsep van belydenis kom ewe veel vanuit die Ou Testament en Nuwe Testament.

DAAN CLOETE: Ja.

JAN: Sou u sê dat die Belhar Belydenis nou nog funksioneer, soos in die liturgie?

DAAN CLOETE: Ja, dit word nog dikwels gebruik, ook in die erediens. Daar is mos 'n verkorte weergawe wat vir die erediens geskryf is. Ons het verlede jaar die konferensie gehad wat die 20 jaar sedert Belhar se aanvaarding gevier het.

JAN: Sou dit verkeerd wees as mense in die NG Kerk wat nog rassisme beleef, of wat regstellende aksie negatief beleef, hulle op die Belhar Belydenis beroep?

DAAN CLOETE: Wel, sodra jy 'n belydenis opgestel het, en dit is aanvaar, dan gee jy dit in die hande van ander mense. Daar is nie 'n standaard interpretasie daarvan nie. Jy het jouself eintlik uitgelewer met daardie belydenis. Jy het gesê: "Dit is waar ons staan met hierdie saak." Geen kerk kan sê dat daar net een interpretasie van die Drie Formuliere van die gereformeerde tradisie is nie. Ons interpreteer dit op allerlei maniere. Wat wel gebeur, is dat wanneer jy dit op jou manier interpreteer, dan moet jy verwag dat mense met jou gaan saamstem of verskil. Die belydenis is nou openbaar en daarom deel van 'n openbare debat. Die kerk kan wel sê dat 'n bepaalde interpretasie nie geldig is nie, maar jy kan nie sê dat die belydenis nie beskikbaar is vir mense om te gebruik nie. As mense dit wel gebruik kan jy vra of hulle dit gebruik omdat hulle dit aanvaar of nie.

JAN: Ek sien die Belhar Belydenis as 'n belydenis, want daar is mense wat dit reeds bely. Daar is wel mense wat dit nie aanvaar as hulle belydenis nie, maar dit neem nie die feit weg dat daar mense is wat dit as hul belydenis sien nie.

DAAN CLOETE: Ek het gehoor dat daar in Nederland 'n gesprek is oor Belhar. Nou begin ek agterkom dat daar in Nederland begin hulle ook al 'n rasse-probleem ontwikkel – en hulle vra: "Hoe nou?"

Mense is bang dat daar 'n vermenigvuldiging van belydenis gaan kom – waarteen ek ook sal beswaar hê – dat ons vir elke dingetjie 'n belydenis wil opstel. Ek was eenmaal in New York by 'n konferensie waar ons hierdie derde wêreld belydenisse gehad het. Uit Korea, Taiwan, Kuba en Suid-Afrika was daar belydenisse – dan lyk dit asof mense oral in die wêreld nou belydenisse wil opstel. Daarteen moet mens ook bietjie waak – dit moet regtig 'n situasie wees waar jy amper nie 'n keuse het nie – waar jy dit moet doen ter wille van die eer van die kerk.

JAN: Binne watter tipe situasie sou u sê is dit geregverdig om 'n belydenis op te stel?

DAAN CLOETE: Dit weet ek ook nie. Belydenisse is kontekstuele goed. Konteks bepaal in 'n groot mate wanneer dit nodig word. Dit was met die Drie Formuliere ook so – 'n tipe situasie waar jy werklik nie meer 'n keuse het anders as om te sê wat die Skrif sê, ter wille daarvan om jou selfrespek te behou – en waar die eer van God aangetas word. Dit is wat ons noem: 'n oomblik van waarheid.

Wat is die getuieniskarakter van kerk-eenheid? Wat is die boodskap wat ons (nou nog) na vore bring? Ek redeneer, dat as ons in die apartheidsjare vir die wêreld kon sê: daardie is politieke beleid (die politici moet maar sien hoe hulle dit wil hanteer), maar ons as kerk bly een – dan sou dit 'n wonderlike getuienis gewees het – waar die kerk teen 'n politieke belydenis in kon sê dat ons glo in die sigbare eenheid van die kerk – ons gaan een kerk word of bly. Ons het dit ongelukkig toe nie gedoen nie, juis omdat die NG Kerk die politieke beleid onderskryf het, so, dit sou seker onmoontlik gewees het. Maar dit is 'n geleentheid wat vir my gevoel verby gegaan het. Die tweede geleentheid was in 1994 toe Suid-Afrika 'n demokrasie geword het. Toe het 'n hele aantal kerke (byvoorbeeld die AGS) gesê: “Kom ons kyk na ander. Ons kon in die verlede nie werklik een kerk wees nie, maar nou kan dit gebeur.” Saam met die demokratisering van die land het hulle besluit om saam met die proses te gaan en een kerk te word – en ons het dit weer nie gedoen nie.

Tien jaar later het dit nog nie gebeur nie. Al wat ek wil sê is dat ons 'n paar geleenthede om te getuig, in die NG Kerk laat verby gaan het. Ek weet mense is nou daarmee besig, en dit is seker goed so, maar wat my persoonlik betref – die entoesiasme daarvoor is eintlik weg. Ek dink daar is 'n hele klomp ander goed wat vir my nou belangriker is: die sosiale kant van die samelewing moet in 'n groot mate nou voorrang geniet. Ek weet dat as ons een word, ons hierdie dinge ook saam kan aanpak. Ek help nou by ons kerk met daardie sosiale sake.

### **Opmerkings uit die onderhoud met emeritus professor Daan Cloete:**

- | Die Belhar Belydenis was 'n teologies verantwoordelike manier om te reageer op die situasie in die land en ook binne die kerk, spesifiek gerig teen die teologiese regverdiging van apartheid.
- | Die teologiese regverdiging van apartheid was 'n realiteit, aangesien leiers in die NG Kerk selfs nog teen 1980 apartheid in die openbaar probeer regverdig het. Aan die ander kant het die WBGK in 1982 standpunt teen hierdie teologiese regverdiging ingeneem deur die aankondiging van 'n status confessionis. Hierdie dinge was deel van die aanloop tot die Belhar Belydenis.
- | In retrospek kon die kerk nie anders as om 'n belydenis op te stel nie. Die kerk moes sy stem laat hoor, en die kerk moet dit altyd doen.
- | 'n Belydenis behou 'n bepaalde relevansie vir alle situasies. Dit geld vir die Belhar Belydenis asook vir die drie Formuliere van Eenheid.

- | Belhar is vandag nog relevant, want daar moet nog baie gewerk word aan eenheid, versoening en geregtigheid in Suider-Afrika (en die res van die wêreld).
- | In eenwordingsprosesse funksioneer Belhar as 'n tipe grondwet – al is dit soms moeilik om met so 'n proses voort te gaan, bly Belhar 'n motivering om daarmee voort te gaan.
- | Die emosionele waarde wat aan Belhar gekoppel word, maak die hantering van die Belhar Belydenis in die herenigingsproses baie moeilik. Een moontlike hantering sou wees om slegs by sekere geleenthede, soos die belydenis van geloof en bevestiging van ampsdraers 'n verbintenis aan die Belhar Belydenis te verwag. Verder is dit 'n dilemma waaroor nog nie sekerheid gevind is nie. Mense moenie gedwing word om Belhar te aanvaar nie.
- | In Belhar kom die kosnepte van *eenheid* en *versoening* meer uit die Nuwe Testament, terwyl die gedagtes oor *geregtigheid* weer meer in die Ou Testament voorkom.
- | Die Belhar Belydenis funksioneer nog sterk in die VGKSA, ook in die liturgie.
- | Die Belhar Belydenis is tot almal se beskikking om te gebruik en te interpreteer: dit is ekumeniese eiendom – ook in die nuwe omstandighede waarin mense hulle vandag bevind.
- | Daar moet ook gewaak word teen 'n vermenigvuldiging van belydenisse. 'n Belydenis word opgestel wanneer mens eintlik geen ander keuse meer het nie. Elke konteks bepaal of 'n belydenis nodig is.
- | Die getuieniskarakter van die kerk-eenheid in die NG Kerk-familie is telkens misgeloop omdat eenheid nog nie plaasgevind het nie.

#### **7.14. ONDERHOUD MET ANONIEM 3 10 AUGUSTUS 2007**

Hierdie onderhoud is gevoer met ANONIEM 3 op 10 Augustus 2007. ANONIEM 3 het grootgeword in die Wes-Kaap en die Oos-Kaap en sy moedertaal is Xhosa. Hy het skoolgegaan in King William's Town en het sy bediening in die Wes-Kaap begin in die 1990's. Hy is beskou as 'n goeie kandidaat vir 'n onderhoud omdat hy 'n jonger teoloog vanuit die VGKSA is, wat grootgeword het in die NGKA en daarom vanuit 'n ander hoek as die ander onderhoude kan respondeer.

#### **ONDERHOUD**

JAN: Was u betrokke by die proses waar die Belhar Belydenis ontstaan het en aanvaar is in 1982 en 1986?

ANONIEM 3: Nee, ek het in 1985 matriek geskryf en ek was in die NGKA, so ek was nie op daardie stadium bewus van die Belhar Belydenis nie.



JAN: Waar het u bewus geraak van die Belydenis?

ANONIEM 3: Op kweekskool het ek eintlik eers daarvan bewus geraak. Dit was vanaf 1991. Ek was student op Dicoligny, en Belhar was iets van 'n warm patat gewees – jy praat nie daaroor nie. Jy moet verstaan, dit was 'n seminarium vir die NGKA, en die dosente wat daar doseer het, het dikwels gevoel Allan Boesak was gelyk aan die Belhar Belydenis. Daar het ek bietjie bewus geraak van die belydenis. 'n Jaar later is ek Fort Hare toe, en daarna na UWK. Daar het ek meer deelgeneem aan gesprekke daaroor.

JAN: So, die dosente by Dicoligny was meestal vanuit die NG Kerk?

ANONIEM 3: Ja, ek dink daar was destyds een voltydse dosent in die NGKA (ds. Buso), die ander was NG Kerk.

JAN: Hoe, sou u sê, het die NGKA, wat u geken het, die opstel van die Belhar Belydenis beleef?

ANONIEM 3: Daar was nie werklik enige spanning nie. Daar was verskille van opinie, maar dit is maklik aanvaar. Eers in 1994 met die eenwording-sinode is die gesprek rondom Belhar in die NGKA op 'n spits gedryf. Daarna het die probleme vanuit die Vrystaat en Phororo na vore gekom.

JAN: Wat is u eie gevoel oor die Belhar Belydenis?

ANONIEM 3: 'n Mens identifiseer met 'n sekere dimensie van die Skrif – waar jy grootgeword het, en jou denke. Ek het in 1985 matriek geskryf, wat 'n baie moeilike jaar was. Daar was baie onrus en stakings en politieke konflik. Ek dink byvoorbeeld aan Zwelitsia, waar gemeentes van die NGKA spanning beleef het tussen die sendelinge en die Xhosa-sprekende predikant – dit was ook sigbaar in die skole. Jy raak in daardie konteks groot, wat maak dat mens jou identifiseer met 'n sekere perspektief van die Skrif vanuit jou omstandighede. Wanneer daar dan 'n teks soos Belhar kom, aanvaar jy dit maklik. In 1986, na matriek, was ek in *Pentech* gewees en in Athlone gebly in 'n koshuis. In daardie tyd was ek deel van 'n gemeenskap (“community”) en beleef hoe 'n priester gedeporteer word. Plaas nou die Belhar Belydenis binne daardie konteks, dan spreek dit jou positief aan. Dit is deel van 'n spektrum van jou eie spiritualiteit – dit wat deel van jou is – jy gaan net aan, dit is deel van jou etos. So het ek dit persoonlik begin aanvaar – nie omdat dit my direk aangespreek het nie – dit het maar net deel van my geraak: “Dit is maar hoe dit is.”

JAN: So, die dokument het eintlik maar gesê waarmee jy self geworstel het.

ANONIEM 3: Ja, jy moet onthou dat mens ook maar altyd daardie stuk identiteitsvraag het: wie jy is en waar jy staan teenoor 'n klomp goed. Ek dink dit is 'n breë etos van tipies swart gereformeerde te wees – dit is almal – daardie soort spiritualiteit wat gedeel word.

JAN: Hoe verstaan u die reaksie van die NGKA in die Vrystaat en die Phororo, waar sommige besluit het om nie deel van die VGKSA te word nie?

ANONIEM 3: Dit is 'n moeilike gebeurtenis. Die kerk het in 'n mate geskeur, so dit is nie lekker vir ons almal nie. My vraag is net altyd of diegene wat 'n probleem het nie daarvoor kan praat en mens kan agterkom wat lê daaragter, wat is die motivering, wat was die invloed vir hierdie optrede nie. Dit het so 'n invloed op mense se lewens in die Oos-Kaap, dat 'n handjievol mense beheer kon neem.

JAN: Weet u van gevalle waar dit oor die Belydenis van Belhar gegaan het?

ANONIEM 3: Nie waarvan ek weet nie. Almal is deur die sinode-besluite en op daardie stadium was daar nie probleme nie. Dit kon later gebeur het, maar daar was nie gemeentes en ringe wat besluit het teen die Belhar Belydenis nie.

JAN: In die herenigingsproses, sou ek graag wil weet, of die Belhar Belydenis waarde het vir die NG Kerk, of selfs vir 'n moontlike toekomstige verenigde NG Kerk?

ANONIEM 3: Ek dink dit het waarde, dit het waarde vir enige van die kerke in die NG familie in Suid-Afrika, maar dit het net waarde sover as wat teologiese elemente wat in daardie gemeente of kerk dominant is, of die spiritualiteit wat in daardie gemeente dominant is – as voedingsbron wat die waarde uitbring. Belhar gaan nie in 'n leë blik gegooi word waar daar niks teologie of spiritualiteit is nie. Die waarde gaan bepaal word deur die spiritualiteit van daardie gemeente, of ringe of kerk – deur dit wat daarbinne gebeur. Ek dink nie die waarde kan hang nie, dit moet voete kry – soos enige belydenis of teologiese tema soos versoening – iewers moet 'n voedingsbron wees daarvoor.

Ek sien Belhar soos enige belydenis met teologiese temas en 'n spiritualiteit daaragter. Mense kan dit voete gee binne hulle konteks, maar ek dink die konteks waarbinne hulle is gaan ook bepaal of dit waarde gaan hê. Jy sal definitief nie Belhar kan afdwing op mense nie, en gemeentes gaan verskillend daarop reageer. So, sy waarde word deur 'n konteks bepaal.

JAN: So, as ek reg is, het Belhar in die 1980's binne 'n bepaalde konteks tot stand gekom, en dit is baie duidelik wat die implikasies daarvan is. Maar nou trek ons by 2007, wat 'n ander konteks is, en binne elke konteks sal elke gemeente en persoon moet bepaal wat die waarde vir nou is.

ANONIEM 3: Ja, die implikasies vir nou is ook gekoppel aan die historiese aspek. As jy vra wat die implikasies is, moet jy ook vra: “Hoe dink ons aan Belhar soos hy gekom het?” om die waarde te ontdek – so dit is ‘n kontekstuele ding nou, maar dit het ook daardie historiese aspek. Al hierdie faktore het ‘n impak op hoe mens nou daarvoor praat – en as die waarde vir mense oopgemaak moet word, dan sal ons daardie gesprek moet voer. Waarde word geskep vir mense soos ‘n pakkie wat jy oopmaak, en as ons nie daardie gesprek voer nie, dan gaan Belhar ons nie help nie. Ons kan Belhar nie net lees in die politieke konteks van vandag nie, net soos ons dit ook nie net in die politieke konteks van die verlede kan lees nie. Mens moet Belhar definitief wyer sien as net die politieke konteks. Daardie “wyer” word ook weer bepaal deur hoe mense daardie konteks lees in hul gemeente of tussen hulle groep mense – dit is ‘n moeilike ding.

As jy praat van die waarde van Belhar, praat jy van die inhoud daarvan, of praat jy van die etos (spiritualiteit) daaragter? Waarvan praat ons? Dit is komplekse prosesse. Hoe kry jy dat mense daarmee identifiseer en sê: “Dis waardevol vir ons”? Dit is ‘n lang proses. Dit is maklik om te sê: “Die inhoud is reg, kom ons aanvaar dit almal”, maar dit is nie net inhoud nie. Dit is ‘n hele proses. Mense se verstaan daarvan lê diep – mense se verhouding met ander mense, al daardie faktore, die sosiale elemente, saam met wie jy vriende is, saam met wie jy werk en waar, saam met wie jy braai, wie jy nooi om saam met jou rugby of sokker te gaan kyk. Dít is vir my die konteks waarbinne hierdie ding voete moet kry, en die vraag is: “Hoe word daardie ruimte geskep vir mense om ook hierdie waarde van Belhar uit te lig?”

So, daar is ‘n teologiese dimensie en daar is ook sosiale prosesse van hoe mense omgaan met mekaar en waar mense leer om mekaar te aanvaar. Ek wonder of gesprekke daar rondom al plaasgevind het. Ek weet daar is voorstelle soos dat gemeentes maar outomaties van die grond af bymekaar moet kom en saamwerk om die dinge van onder af te laat gebeur. So, konteks vir my is nie net die breë politieke omstandighede nie, maar daar is ook ‘n sosiale dimensie waar mense mekaar in ag neem - en daardeur kry Belhar voete.

JAN: Het u al ‘n idee van hoe so ‘n proses aan die gang gesit kan word?

ANONIEM 3: Sjoë, dit is ‘n “tall order”! Ek dink mense sal self moet kyk wat die beste sal wees binne elke konteks. Jy sal letterlik moet kyk na mense met wie jy alreeds ‘n verhouding het, waar verhouding tog gevorm is. ‘n Hele aantal gemeentes het al klaar ‘n verhouding met ‘n dominee of ‘n paar mense van ‘n ander gemeente, wat hulle kan help om daardie eerste tree te kan gee – mense wat dalk oor ‘n paar goed saamstem – nie dat jy ander wil uitskuif wat verskillend dink nie! Dit is juis die probleem – wanneer net ‘n paar mense saamkom wat oor alles saamstem en dan kom jy later agter dat jy ander agtergelaat het wat anders daarvoor dink. Dit is ‘n gesprek waar

daar ruimte is vir 'n diverse verstaan van hoe mense dinge sien. Dit gaan oor verskillende invalshoeke.

As ek nou betrokke raak in so 'n groeps gesprek – ek is nie in 'n gemeente op die oomblik nie – weet ek presies wie van die mense is wat oor sekere goed op 'n bepaalde manier dink. Jy moet maar daar begin.

JAN: So, daar is 'n bepaalde groep mense by wie jy klaar aansluiting kan vind vir 'n gesprek oor Belhar?

ANONIEM 3: Ja, daar is mense wat jou reeds ken, wat in jou integriteit oor die saak sien. As jy die dokumente van die verskillende kommissies [van die verskillende kerke van die familie van NG Kerke] lees, kan jy sien dit is mense wat al 'n bepaalde pad gestap het met die etos van Belhar. Hulle het al sekere waardes gevorm oor hoe hulle met mekaar gaan praat. Die vraag is net of hulle hierdie proses al afgewentel het tot op gemeentevlak. As daar 'n kommissie van 30 mense sit, en hulle het sekere waardes gevind in terme waarvan hulle mekaar wil benader, kan hulle nie daardie tegniese waardes begin afwentel nie, mekaar begin help om daaroor gesprek aan die gang te sit nie?

JAN: Jy sou dus prakties 'n groep predikante bymekaar kry en hulle dan die vaardighede gee om so 'n gesprek ook in hul gemeentes aan die gang te sit.

ANONIEM 3: Dit hoef nie net in vergaderings en kommissie-gesprekke plaas te vind nie, maar ook in die erediens. Daar kan mense die geleentheid kry om die belydenis te bely, sonder om twee keer te dink, en dan vir mekaar te vra: “Wat beteken dit vir jou as VGKSA lidmaat, as Afrikaanssprekende, as Xhosa-sprekende, Sotho-sprekende lidmaat, as jy die belydenis bely?” Dan maak jy ook ander deure oop vir daardie mense. Ek dink as mens dit doen, kan jy die Belhar Belydenis gebruik om verskillende soorte kommentaar te lewer op vandag se konteks. Mense se eie ervaringe: mense wat sukkel met armoede, wat sukkel met 'n hele klomp sosiale probleme – as dit oopmaak, dan kan jy sien hoe dit vir daardie mense ook al tog geskuiw het? Gaan gesels bietjie met lidmate wat dit elke week bely, en vra vir hulle: “Wat beteken dit vir jou?”

JAN: Dit beteken dat in die ontdekking van die Belhar Belydenis vir die NG Kerk, die VGKSA en NGKA lidmate 'n belangrike rol daarin kan speel.

ANONIEM 3: Dit is absoluut so. Dit is een van die mees belangrike dinge om te doen, want van daardie lidmate ontmoet mekaar. Die Vennootskap van Gestuurde Gemeentes is missionêr ingestel, maar as jy missionêr ingerig word, dan is dit ook om jou ekumenies oop te maak na ander

mense toe. Jy kan nie agterna gaan dink: wat maak jy met hierdie goed om dit missionêr te maak nie? Versoening is inherent deel daarvan om missionaal te wees.

Dit is 'n interessante vraag. Ek wonder, as mens gesprekke voer waar die Gestuurde Gemeentes mekaar ontmoet in gemeentes. Ek kan net dink as 'n gemeente van Saron 'n ander gemeente in Goodwood ontmoet, en Saron se konteks is 'n sterk konteks oor die Belhar Belydenis al die jare. Nou is hulle betrokke in 'n missionale vennootskap wat begin groei, dit is waar daar dan kontak kom tussen twee verskillende wêreldes. Of hulle nou direk gaan praat oor Belhar of nie, en of hulle die Skrif gaan uitpak of nie, hierdie verskillende dimensies is daar. Die saad is daar, en dit is wat ek bedoel met die missionêre konteks – en daar is soveel gemeentes wat al hiermee begin het en hierin belangstel.

Dit is vir my belangrik, dat jy so praat oor Belhar, dat dit jou nie lam maak nie, maar dat jy voel jy wil nog uitreik, jy wil nog betrokke raak. Daar lê dit – nie net waar gemeentes betrokke is by mekaar in projekte nie, maar ook waar daar 'n missionale gesprek oor identiteit gevoer word. Dit is belangrik dat gemeentes so by mekaar betrokke is, waar mense mekaar leer ontdek – nie alleen nie, maar met mekaar oor grense heen. Anders sit ons net in vergadering (wat ook belangrik is) en raak kwaad vir mekaar, of verstaan mekaar verkeerd, of kyk net na ons eie probleme (binne-in onself).

David Bosch beskryf die pastorale dimensie van die Joods-Christelike konteks (jy is 'n Jood, maar ook 'n Christen, en dan is daar die ander heidense nasies), dat mense nie mooi weet wat om te doen nie, hulle word gespot en dan sukkel hulle met hul identiteit: "Wie is ek eintlik nou?" Dan is dit 'n gesprek rondom identiteitskrisis, waar jy die pastors inroep om jou te help. Maar daar is ook die missionale dimensie, waar daardie selfde mense moet uitbeweeg. So, dit lyk vir my dat as die gesprek net binne plaasvind, dan is dit 'n gesprek van identiteitskrisis, rondom 'n ander klomp krisisse wat daar is. Mense is al klaar so moeg, hulle sukkel met werkloosheid, hulle sit met 'n groot klomp probleme. Dan noem is daar nog goed soos "affirmative action", ons mense kry nie werk nie, ons jongmense is oorsee. Ons mense soek die pastorale dimensie. Die predikante moet hulle help om daardie identiteitskrisis aan te spreek. Die vraag is: "Wat gebeur met die missionale dimensie?" Ek dink dat, as die gesprek ook vanuit die missionale konteks kan plaasvind, dan kom al die dimensies bymekaar. Nou verstaan jy my eie motivering en my hoop daarvoor as mense bymekaar uitkom. Mense moet blootgestel word, dit is vir my belangrik!

Ek het op 'n keer saam met mens e van die Kommissie vir Getuienis Aksie (KGA) getoer (daar was byvoorbeeld Martin Pauw, Themba – wat nou oorlede is – Mary-Ann Plaatjies, Naidoo van die RCA). Daar het 'n hele klomp dinge gebeur. Op een stadium, as ek reg is, het ons in Malawi 'n gesprek gevoer met lidmate uit Zimbabwe. Hulle was boere wat 'n paar goed en plase verloor het. Een van die persone is 'n vrou, wat vertel wat met haar gebeur het. Sy het alles verloor – en dit is

vir haar bitter moeilik – maar in die proses, toe sy begin uitreik na vlugteling (nou sien jy die dimensie van die identiteitskrisis), toe is sy halfpad ook weer genees. Dit wys daardie spanning tussen die twee soorte identiteit – ‘n missionaal-pastorale een. Dit is vir my belangrik. Ek dink, as die gesprekke plaasvind is mense seer, en mense vra wat hulle vra, en die eerste ding wat hulle vra, is: “Hoe gaan ek nou verder my toekoms aanpak? Hoe gaan ek vorentoe maak met my identiteit, my krisis?”

Dit is hoekom ek sê dat dit nie alles vir die leiers gegee moet word nie. Dit lyk asof die NG Kerk leiers dikwels alleen gewerk het. As jy alleen staan, en daar is ‘n ander predikant van ‘n gemeente van die VGK in dieselfde omgewing, behoort jy hom saam te nooi om ‘n gesprek te voer – maar dan moes julle twee ook al ‘n pad gestap het, of iemand moes jul al gehelp het om so ‘n situasie te hanteer.

Kom ek noem ‘n voorbeeld. Toe ek in die Koue Bokkeveld was, is so ‘n gesprek onder leiding van Bossie Muller gevoer. Ek onthou ons was een Sondagaand in Worcester NG Kerk, waar ‘n groep mense bymekaar was. Hulle het ons net gevra waarvandaan ons kom, en hoe ervaar mense die Belhar Belydenis. Soos hulle vir ons vrae gevra het, het ek agtergekom hoe verskillend die mense binne daardie selfde gespreksgroep was. Mens moet daarvan bewus wees en jy moet dit kan hanteer. Om dit te kan hanteer moes jy ook al ‘n paadjie gestap het en bewus wees van jouself. Kom ons neem as voorbeeld jong dominees wat pas afgestudeer het. Hoe lank neem dit hulle om deur daardie gemeentes te beweeg en gesprekke te kan lei? Hulle moet versterk word. Hulle is nie almal op dieselfde vlak nie. Op die oomblik is daar net ‘n paar dominees in die sinode wat kom en die gesprekke lei. Daar is ‘n paar dominees wat mekaar bou, maar nie weet waar hulle staan nie – in terme van hulle jare in die bediening ook, nie net hulle standpunte nie. Hulle moet bewus wees van daardie diversiteit in die NG Kerk en daardie diversiteit nog bietjie meer uitbou deur ook ander lidmate en sommige van die VGKSA predikante in te sluit. Dit is wat ek noem die sosiale dimensie van Belhar wat hierdie gesprek kan ontdek.

Die waarde van die Belhar Belydenis, soos enige ander belydenis, kan ‘n kop-ding wees, hy kan hang – en tog terselfdertyd is daar ‘n paar aanknopingspunte wat kan plaasvind – en mens moet dit sien, jy moet jou posisioneer en jy moet oop wees daarvoor. Jy kan nie in die more opstaan en dink jy gaan skielik positief wees daaroor nie. Jy gaan ook nie in die more opstaan en ontdek wat Belhar se werklike waarde kan wees nie. Dit gaan nie gebeur deur net ‘n paar mense en fasiliteerders in te bring wat ‘n bietjie konflikhantering kan doen nie. Die waarde van die Belhar Belydenis is ‘n spirituele saak met ‘n sosiale dimensie. Mens moet die prosesse ook op hierdie manier verstaan. Jy neet nie net mense in ‘n tegniese sin daarheen nie, dit het ook ‘n sosiale dimensie.



Toe ons vroeg in die negentigs in Jeffrey's Baai saam met die studenteleiers begin vra het: "Hoe kan ons mekaar help?" het sommige van ons jong vriende gesê: "Hoe gaan ek terug huis toe na my ma en pa, hoe praat ek hieroor?" Daar het ons die gesprek gemis. Die vraag is: Wat het gebeur in terme van die jong leiers? Wat het gebeur in terme van die moderator wat ons kom toespreek het en gehoor het wat ons gesê het? En as ek nou terugdink, dan dink ek dit is nou presies hoe dit werk. Jy kan nie net inligting gee en die waarde ontdek nie, maar mense moet gehelp word, nie net op tegniese vlak nie, ook op 'n spirituele vlak. Daar moet ruimte geskep word waar mense mekaar kan vind. Eers dan is hulle op weg met mekaar en besig om missionêr te wees – op weg met mekaar.

Ek dink nie goeie idees is genoeg nie. Jy sien hoe ek persoonlik daarvoor voel en hoe ek voel wat dit vir myself beteken, maar ook dit vir beteken vir al ons gemeentes in die NG Kerk familie. As ons nie meer met mekaar op weg is nie, dan begin ons om in ons missionêre taak te faal. Ek dink daar is nog geleentheid vir ons om terug te kyk en te vra: Wat beteken dit vir ons om regtig missionêr te wees?

Ons kan nie die Amerikaanse missionêre debat slaafs navolg nie, want ons konteks vra ander vrae. Die vraag is hoe ons dit kan bestuur. Hierdie is 'n voorbeeld van 'n tema wat binne 'n missionêre konteks kan beland, en nie net uit teologiese en abstrakte begrippe bestaan nie, maar ook op die grondvlak 'n invloed kan uitoefen. Die mense is al klaar daar, hulle wil beweeg. Dit is hoekom ek so opgewonde is oor van die goed wat ek al gehoor het.

Ek dink aan die voorbeeld van Kraaifontein VGK gemeente. Dit is 'n baie groot gemeente. Hulle het ná 'n gesprek met hul vennootskap, 'n bussie vol mense geneem het en in 'n tipiese tradisionele NG Kerk sendingmodus na 'n ander Afrika-land gereis het. Kan jy nou sien hoe daardie swaai gekom het vanuit die vennootskap? Dis mos missionêr. Jy hoef nie op 'n spesifieke uitreik te gaan nie, daar is ook ander maniere.

Ek dink die Amerikaners praat oor missionaal omdat hulle sukkel met 'n ander klomp sake, wat bietjie anders is by ons.

JAN: Wat is missionêr vir u?

ANONIEM 3: Dit is 'n hele klomp goed rondom mekaar. Ek dink letterlik hoe mense hulself ontdek in God – wie hulle is – en as gevolg daarvan uitreik, en mense se denke te laat skuif in terme van wat hulle glo, of nie glo nie. Missionêr is op daardie vlak. Dit is vir my, in kort, om in jouself te verstaan wie God eintlik is (jou identiteit voor God) en om as gevolg daarvan uit te reik na ander. Dit gaan daarvoor om ook letterlik 'n verskil te maak aan hul lewens. Dit maak nie saak of dit nou

grense oorskry in terme van ongeloof na geloof, of om te skuif in terme van sosiale aangeleenthede soos klas nie. Daar is 'n hele aantal dinge wat hiermee verband hou.

So, *missionêr* sien ek nie net as iets wat groot politieke dimensies het nie, dit is letterlik iemand wat ook betrokke is in ander mense se bestaan.

JAN: Dan verstaan ek ook die ekumeniese verbinding daarin. Deurdat gelowiges wat 'n bepaalde punt bereik het, na mekaar uitreik, kan hulle ook groei in hul geloof – en dit is alreeds 'n missionêre gebeurtenis.

ANONIEM 3: Ja. Dit is missionêr. Dit is die hele missionale beweging. Hoe ons die Skrif lees raak dan 'n missionêre modus – hoe kom God na my toe? Wat moet ek op daardie vlak verander? So, sonder om 'n sekere doel na te streef, net die missionêre lees van die Skrif bring al klaar die moontlikheid vir my om te verander. Ek moet aanhoudend verander – 'n tipies gereformeerde teologie. Jy kry alreeds 'n baie sterk missionêre dimensie in die lees van die Skrif. Die normale manier van lees is om 'n sekere missionêre teks te lees, maar hier gaan dit daarvoor om alles wat jy lees met 'n sekere invalshoek te lees [missionêre bril], waar God my letterlik “kyk”, my opdrag gee. Dit is dus 'n ander manier van plaasvind.

JAN: So, missionêr beteken vir u om al hoe nader te kom aan wat Christus vir my bedoel hier op aarde. As Christus dus in die middel staan en ons staan verder weg, is missionêr om al hoe nader aan Christus te beweeg.

ANONIEM 3: Ja.

JAN: Dit sou ook kon beteken: om te sê die NG Kerk moet die Belhar Belydenis moet aanvaar sodat eenwording kan plaasvind is verkeerd-om. Mens moet eerder sê: binne hierdie eenwordingsproses wat plaasvind, sal mense ontdek wat die waarde van die Belhar Belydenis is, juis in hulle kontak met mekaar. Want een groep mense leef reeds wat in die Belydenis staan, terwyl 'n ander groep nog onbekend is daarmee, maar in hulle kontak met mekaar, juis ook op 'n gestruktureerde manier, ontdek mense hoe hierdie dokument lewend is.

ANONIEM 3: Die gestruktureerde herenigingsproses is één van die maniere waarbinne hierdie kontak kan ontwikkel, maar dit is net één. Daar is ander maniere van kontak tussen mense. Die vraag is net dat mense in gesprek moet gaan, om uit te vind waar mense staan. Waar die persoon of die gemeente se doel is, en van waar hulle gaan aan beweeg van daar waar hulle is. Waar iemand gaan of nie, daar moet ook verskillende benaderings wees. Dit is ook nie oral dieselfde nie. Daar moet ons ook verskillende benaderings hê. Ons moet ook mense langs die pad ontmoet.

Ons kan nie die lyn daar trek en sê dit is verkeerd dat die NG Kerk dit moet aanvaar nie. Die vraag is eerder om vas te stel waar mense is. Wat maak ons met mense wat sê: “Ons aanvaar dit, en gaan aan.”? Wat maak ons met ringe en sinodes wat sê: “Ons aanvaar dit, en gaan aan.”?

Dit is vir my ‘n pastorale dimensie. Mens hoor baie jy moet pastoraal met mense omgaan, maar jy moet ook missionêr met mense omgaan. Mense sê dikwels: “Hierdie is die eiesoortige vrae wat ons het, en ons wil tog ‘n bietjie gekoester word” – dit is pastoraal. Maar hoe gaan jy ook missionêr met mense om en bring hulle in kontak met ander op weg na Christus? Dit is hoekom daar hierdie prosesse is. Daar is egter nie net nog prosesse nie, maar daar is ook ‘n streng missionale dimensie, en dit is hoekom ek dink dat Belhar op sekere vlakke nog gaan help om die missionêre dimensie uit te bring.

Die vraagstuk om ‘n blok voor mense te plaas en te sê: “Aanvaar dit of nie!” – dit is iets anders. Dit is ‘n ander soort gesprek. Van die goed kom so oor, in die media – mense praat daaroor. Maar as mens nou sit in ‘n klein kring, en jy maak oop - dit sal interessant wees om te sien hoe ‘n gesprek in ‘n gemeente gelei kan word rondom hierdie aspek. So, die manier waarop ek dink mens dit moet benader en hanteer is dan belangrik.

Die pastorale dimensie kom hierby in, maar ook die missionêre dimensie. As jy daardie twee by mense in kontak kan bring sodat hulle kan ontdek wie hulle voor God is en wat hulle vir mekaar kan beteken en wat hulle vir ander kan beteken wat buite daardie kring of op ander plekke staan. Ek dink ook die twee aspekte loop parallel. Ek dink dat mense wat tipies sending-georiënteerd is, is besig met missionaal. As hulle pastoraal is, dan gaan dit oor binne-pastorale goed. Dit is nie ‘n manier om hulle uit te help uit hulle pyn en al daardie klomp vrae nie. Dit is hoekom die stelling wat gewoonlik gemaak word dat die NG Kerk nog later sal besef wat die betekenis van Belhar is, tog net ‘n stelling is! Dit moet voete kry. Dit beteken niks as jy dit net sê nie. Wat bedoel jy daarmee? Wat is dit?

JAN: Ek het onlangs ‘n interessante gesprek daaroor gehad. Daar is die vraag gevra of mens die beginsels van die Artikel van Versoening (in Belhar) op ‘n huweliksverhouding kon toepas?

ANONIEM 3: Jy sou dit kon kontekstualiseer, en dan jou vraag vra, maar as jy dit daar uithaal, dan haal jy dit uit ‘n konteks uit. In die Bybel kom albei tipes versoening voor, en mens sou albei se kontekste moet oopmaak om dit te verstaan.

Kom ek gebruik ‘n voorbeeld. Toe ek getroud is met my vrou, wat nie Xhosa is nie – so ‘n teks sou vir my baie sinvol gewees het, want onmiddelik identifiseer jy op ander vlakke ook wat versoening vir jou oor kleurgrense heen beteken. Dan het ek onmiddelik daardie konteks anders

geïdentifiseer. Dan het ek gedink oor wat die kerk dalk gesê het oor kruis-kulturele huwelike. Onmiddelik kyk ek anders na ander mense wat dalk met dieselfde probleem worstel. So, dit raak deel van my storie, maar dit bemagtig my ook om ander mense te help wat dalk 'n krisis het in die toekoms. Dan is dit in konteks. Dit is natuurlik 'n uitdaging in jou gemeente, as jy byvoorbeeld die tradisionele huweliksformulier lees, en die volgende oomblik sê jy iets oor Belhar se versoening – ek wonder?! So, dit maak 'n klomp goed los – dit kan soveel kante wees, dit kan 'n brug wees na ander goed. Dit is hierdie teks wat jou so missionêr maak – dit spreek jou eers aan, voordat jy aan ander mense kan wys wat dit vir hulle kan beteken in 'n huweliks-konteks. Dit is 'n hele teologie. Dit is waardevol in verskillende kontekste. Wat maak mens met die konteks soos wat dit is? Die konteks van die gemeente of die paartjie sal bepaal wat gebeur. Dalk sit daar mense wat, onmiddelik wanneer hulle “Belhar” hoor, dadelik 'n klomp blokkasies het. Hulle hoor nie eens wat jy verder sê nie. Dit is vir ander mense dalk iets ander.

Dit is die dinamiese proses van die teks, die Gees en die prediking en al hierdie dinge – maar waar gebid word, kan 'n klomp goed gebeur! Maar as ons 'n teologiese begrip wil vat om net 'n paar goed in te sit omdat dit iewers van 'n ander konteks af kom, of net iets “nice” wil sê, dan is dit iets anders. Hoe ras en ander begrippe gebruik word, daardie konteks moet mens verstaan. Die teologiese, die spirituele en sosiologiese aspekte van mense is tog belangrik. Mens moet 'n gevoel daarvoor hê om dit op te tel in 'n gemeente.

My ervaring in die Koue Bokkeveld waar ek gewerk het, was dat mense met dieselfde probleme geworstel het – mense van die wit gemeente en die VGK op alle sosiale vlakke. Dit was vir my die lekkerste om in bidure te kom en te sit en te hoor mense dink oor 'n klomp goed. Ek onthou een van die pragtige gesprekke was toe al die werkers wat uit die Oos-Kaap uit kom, soek vir werk. Dit was droog en almal het gaan bid vir reën, en die reën kom, en die mense kom, maar toe reën dit so dat die mense nie kan gaan werk nie! Nou vra 'n bybelstudiegroep: “Wat maak ons nou? Die mense kos [geld], wat moet ons nou maak?” Dit gaan óór die klas-grense heen, omdat hierdie sake anders hanteer word.

Maar dit beteken ook nie dat julle nie oor die ander moeilike goed moet praat nie. Sodra julle met mekaar praat, dan vertrou julle mekaar en daar word integriteit opgebou oor tyd heen, en so word 'n konteks geskep sodat julle oor die moeilike goed kan praat. Jy het verskillende mense nodig. Op sekere plekke sal jy ook maar net stil moet bly wanneer iemand anders praat as gevolg van enige ander party wat ook daar is, maar jy sal dit ook maar moet aanvaar dat dit so is. Anders gaan ons aanhou verdedig en verdedig... oor en oor dieselfde, waar iemand dalk net iets anders kon gesê het in daardie konteks. Dit is letterlik om te kan “discern” en te kan voel - wat ook missionêr is vir my. Ek het al geleer, omdat ek met leiers gewerk het in verskillende kerke, het ek dit geweet: as sekere dinge opkom en as sekere mense praat, dan bly jy stil – dit is missionêr – “a moment of silence”. So, daar is 'n spiritualiteit wat daaragter lê – om missionêr te wees – anders

gaan ons die temas nog steeds dogmaties dodelik hanteer. Ons gaan al ons mooi instrumente gebruik, maar ons los die kos in die kombuis, in plaas daarvan om vir die mense te sê: eet, hier is dit. So, ek dink die hele spirituele dimensie is uiters, uiters belangrik. Nou kan jy vra wat bedoel ek daarmee – dit is ‘n hele klomp goed. Dit is hierdie moeilike groep. Ek dink ons moet maar bietjie by die sosioloë en die ander mense ook gaan luister oor hierdie prosesse – om die mens te verstaan...

JAN: So, bedoel u dat die persoon wat hiermee werk dus ‘n aanvoeling vir mense moet hê?

ANONIEM 3: Ek dink ons het almal (in die bediening) ‘n aanvoeling vir mense – dit lê wel op verskillende vlakke – ons moet net weet wie is waar. Dit gaan nie ‘n paar leiers wees nie, dit gaan nie ‘n paar mense in die moderatuur wees nie. Nee, daar is mense in gemeentes wat dit kan doen. Ek onthou in Worcester het ‘n onderwyser opgestaan wat in ander kringe begin beweeg het, en as hy praat dan hoor jy dat hy iemand is wat anders werk. So iemand moet jy dan kan gebruik. Hy is nie teologiese opgelei nie, hy is ‘n gewone lidmaat – maar hy het net ‘n aanvoeling vir menswees – om die goed dan te kan kleur. Van daardie rykheid weet ons alreeds. Ons moet dit identifiseer om dit te koester, om mense te help om grense oor te steek.

As ek *Uitsig* toe gaan en *Wallace View* toe gaan, dan weet ek presies wie is van die mense wat ek moet vat en bietjie help en koester en sê: “Daar, kom ons gaan.” Ons het dit almal, maar dit moet net uitgelig word, want ek glo die Gees werk in ons almal en dit moet net uitgelig word. Ons het te lank van bo af gewerk. Ons gaan nie daardie paradigma gou swaai nie. Mense wil nog hê ons moet so werk, as dit hulle pas onder. Nou val ons maar weer in soos dit is. Nou raak ons haastig en ons trek, en nou gaan dit so aan.

JAN: Ek hoor by iets van die postmoderne, die ope denke van die nuwere geslag, om vanuit verskillende oogpunte na ‘n saak te kyk en dat ons nie mense gaan voorskryf nie, maar eerder die Heilige Gees vertrou in hierdie proses.

ANONIEM 3: Absoluut die Heilige Gees vertrou, en aan die ander kant ook mense se motiverings op die tafel plaas – dat die Heilige Gees ook deur ons moet werk. As daar sekere ideologiese sake is wat aangespreek moet word, dan moet die Gees ook daarmee werk en ons moet met mekaar worstel daardeur – saam met die Gees. Dit is wat ek bedoel daarmee dat ons moet oopmaak. Die postmoderne gedagte dat alles reg is en almal reg is – dit kan nie wees nie. Alles is ook nie maar reg en aanvaarbaar nie.

**Opmerkings uit die onderhoud met dr. ANONIEM 3:**

- | Die Belhar Belydenis was vir Anoniem 3 'n uitdrukking van sy geloof, binne die konteks waarin hy geleef het toe dit tot stand gekom het.
- | Die skeuring wat in die NGKA ontstaan het ná 1994, is nie 'n "lekker" gebeurtenis nie, en die presiese oorsake is nie vir Anoniem 3 duidelik nie.
- | Die waarde van die Belhar Belydenis vir die NG Kerk word bepaal deur die spiritualiteit van die kerk. Die waarde van 'n belydenis kan nie in die lug hang nie, die belydenis kry waarde binne 'n spesifieke konteks.
- | Die waarde van die Belhar Belydenis word beïnvloed deur 'n teologiese dimensie én sosiale prosesse (hoe mense omgaan met mekaar en waar mense leer om mekaar te aanvaar). Het gesprekke daarvoor al plaasgevind?
- | Om so 'n proses aan die gang te sit, sal mens moet begin by jou bestaande verhoudings en van daar af mense by die proses betrek.
- | Die vaardighede waarvoor die kommissies van die NG Kerke beskik om met mekaar in gesprek te tree behoort oorgedra te word na gemeentes waar dieselfde tipe gesprekke gevoer kan word.
- | Hierdie gesprekvoering kan ook in die erediens gevoer word. Lidmate van verskillende kulture kan met mekaar begin praat en diegene wat Belhar elke dag bely, kan vertel wat dit vir hulle beteken.
- | Daar bestaan 'n missionaal-pastorale dimensie. Dit is belangrik dat mense in gemeentes geleentheid kry om oor grense heen met mekaar te kan praat. Dit kan hulle help om hul eie identiteit te ontdek. 'n Voorbeeld hiervan is dat leraars gesprekke inisieer waar mense vrae kan vra in gemeentes, en openlik onder leiding van die dominees oor sake soos die Belhar Belydenis kan praat.
- | Om die missionêre waarde van Belhar te ontdek, beteken nie net om inligting te gee en so die waarde te ontdek nie. Mense moet gehelp word, nie net op tegniese vlak nie, ook op 'n spirituele vlak. Daar moet ruimte geskep word waar mense mekaar kan vind. Eers dan is hulle op weg met mekaar en besig om missionêr te wees.
- | 'n Belangrike vraag wat gevra moet word, is: "Wat beteken dit vir ons om regtig missionêr te wees?"
- | Hier gaan dit nie net oor 'n missionêre tema nie, maar ook oor 'n saak wat mense op grondvlak aan die beweeg kan sit.
- | Die debat oor "missionêr" in Suid-Afrika verskil byvoorbeeld van die Amerikaanse debat.
- | *Missionêr* is om in jouself te verstaan wie God eintlik is (jou identiteit voor God) en om as gevolg daarvan uit te reik na ander. Dit gaan daarvoor om ook letterlik 'n verskil te maak aan ander se lewens. *Missionêr* beteken om al hoe nader te kom aan wat Christus vir jou bedoel hier op aarde.
- | Gesprek is nodig om uit te vind waar mense en gemeentes hulle bevind, en daardeur kan bepaal word waarheen hulle moet beweeg. Dit sal verskil van gemeente tot gemeente, van



persoon tot persoon. Daarom is gesprek en verskillende benaderings nodig. Hier is dus 'n pastorale dimensie saam met die missionêre.

- | Op watter manier Belhar ookal toegepas word, dit moet binne 'n bepaalde konteks "voete kry". Binne elke konteks sal bepaal word wat die toepassing en waarde van die Belhar Belydenis in daardie konteks is.
- | Dit is nodig dat predikante en ander mense in gemeentes, wat 'n sosiale aanvoeling het, met die gemeentede 'n pad stap oor die waarde van die Belhar Belydenis.
- | Daar sal 'n "oop" benadering moet wees, maar nie in 'n relativistiese (post-moderne) sin nie. In hierdie proses sal ons die leiding van die Heilige Gees moet aanvaar.

### **7.15. ONDERHOUD MET ANDRÉ BARTLETT 17 SEPTEMBER 2007**

Hierdie onderhoud is gevoer met dr. André Bartlett op 17 September 2007. Doktor A L Bartlett is predikant van die Ned. Geref. Gemeente Aasvoëlkop. Dit is ook die gemeente waar dr. Beyers Naudé die eerste leraar was. 'n Onderhoud is met dr. Bartlett gevoer, op grond van die volgende oorwegings:

- | Dr. Bartlett is voorsitter van die Hoëveld Sinodale Diensgroep vir Ekumene, wat tans baie nou betrokke is by die herenigingsproses.
- | Doktor Bartlett is een van die stigterslede van die Gereformeerde Belydende Beweging, wat kerkeenheid in die familie van NG Kerke wil bevorder.
- | Die Kerkraad van Aasvoëlkop het te kenne gegee dat die Belhar Belydenis nie 'n struikelblok in die herenigingsproses moet wees nie.

#### **ONDERHOUD**

JAN: Gee my asseblief 'n bietjie agtergrond van julle gemeente se besluite rondom die Belhar Belydenis en Kerkhereniging en hoe julle dit verstaan.

ANDRÉ BARTLETT: Dit was voordat ek in die gemeente gekom het, maar soos ek dit nou verstaan, was daar destyds, ná die 1994 Algemene sinode, weer 'n sterk aandrang (van die Algemene sinode se kant af) dat gemeentes gekonsulteer moet word en dat daar gesprekke gevoer moet word rondom kerk-hereniging. Piet Meiring was daardie tyd die persoon wat verantwoordelik was vir die proses en daar was gespreksdokumente uitgestuur. Hier in ons gemeente het die kerkraad die gesprekke baie ernstig opgeneem. Daar was 'n reeks gesprekke in die kerkraad self en die kerkraadslede is gevra om met die gemeentede te praat. So, daar was 'n redelike wye proses in die gemeente. By 'n kerkraadsvergadering is al die goed bymekaar gesit en die kerkraad het hom sterk uitgespreek ten gunste van kerk-hereniging. Daar was toe ook 'n behoorlike gesprek in die kerkraad oor Belhar en die kerkraad het 'n besluit geneem dat hulle Belhar onderskryf en ook ten gunste daarvan is dat dit in die herenigingsproses 'n belangrike rol

sou speel. Die bedoeling was eintlik dat Belhar nie 'n struikelblok moet wees nie. Ons het nie probleme met Belhar nie.

JAN: Dit is nou 'n belangrike opmerking wat jy maak. Dit lyk vir my daar is ook baie maniere waarop mense Belhar kan aanvaar.

ANDRÉ BARTLETT: Dit is die minimum wat die kerkraad waarskynlik gesê het. Daar was mense in die kerkraad gewees wat uit die aard van die saak 'n sterker binding met Belhar het, maar ek sal nie sover gaan om te sê dat die hele kerkraad so sterk gevoel het nie. Hulle het wel gesê dat hulle nie 'n probleem met die Belhar Belydenis het nie. Daar was mense daardie tyd op die kerkraad wat die Belhar Belydenis sterk onderskryf het. Baie voel dat dit een van ons belydenisskrifte moet wees, maar dit moet nooit 'n struikelblok wees vir kerk-hereniging nie. In die afgelope tyd wat ek hier op die kerkraad is, was die gesprek van Belhar weer op die tafel, en daar is baie min weerstand teen die hele aangeleentheid. Daar is hoegenaamd geen probleem hier by ons in die gemeente nie. Daar is twee tipes lidmate by ons: die een klomp wat positief oor Belhar voel en die ander groep wat voel dat dit nie 'n struikelblok moet wees nie.

JAN: Mens wonder nogal hoekom hierdie gemeente min weerstand teen Belhar ervaar. Het Johannesburg en die tipe mense wat hier woon 'n invloed?

ANDRÉ BARTLETT: Ek dink die stad het dalk iets daarmee te doen. In 'n plek soos Johannesburg met die korporatiewe omgewing wat jy hier het, is mense gewoon daaraan dat goed soos samewerking oor rasse-grense heen nie 'n "issue" is nie. Hier is 'n soort van 'n ongeduld om te sê: "Wat is die 'issue' nou, omdat die saak nou-al sloer vanaf 1986?" Vir die ouens in die korporatiewe wêreld maak dit net nie sin nie.

JAN: Ek wonder ook of die mense vir wie die prosesse net nie aanvaarbaar is nie, of hulle nie dalk al uit Johannesburg geskuif het nie.

ANDRÉ BARTLETT: Ek dink mense in Johannesburg het altyd 'n baie meer van 'n akkommoderende uitkyk. Hulle het lankal agtergekom dat jy moet aanpas by jou omgewing om jou voete te kan vind. In daardie sin kyk die mense baie meer met 'n oop gemoed na iets soos Belhar en sê: "Daar staan niks in wat my dwars in die krop steek nie."

JAN: Is hier 'n VGKSA-gemeente of NGK in Afrika hier naby julle?

ANDRÉ BARTLETT: Hier is 'n VGKSA-gemeente wat nou al baie jare ons kerksaal gebruik. Die naaste gemeente is in Coronationville, so 10-15 minute van ons af. Hier in Johannesburg oor die algemeen is daar baie goeie samewerking tussen die NGK en die VGKSA.

JAN: Het julle al met die VGKSA 'n gesprek begin in die rigting van kombinasie?

ANDRÉ BARTLETT: Daar was nog net sporadiese gesprekke, maar nog nie werklik ernstig nie. Dit lê nog in die toekoms. In die ring van Johannesburg, in die middestad, word gewerk aan 'n gesamentlike bediening. Dit het baie te doen met die demografiese verandering van die middestad. Daar is 'n baie sterk proses aan die gang.

JAN: Jy persoonlik voel baie sterk oor die Belhar Belydenis. Wat is die waarde van die Belydenis vir jou en vir die NGK in Suid-Afrika?

ANDRÉ BARTLETT: Die Belhar Belydenis het my persoonlik gehelp om te verstaan wat werklik vir 'n lang tyd verkeerd was in ons land. Dit het my ook gehelp om die rol wat die kerk gespeel het om die hele beleid van apartheid te legitimeer, te verstaan. Dit was nie net 'n fout nie, dit was ook prinsipiëel verkeerd. Dat die kerk hom prinsipiëel verbind het aan 'n beleid op sekere gronde wat later geblyk het dat die kerk hom verbind het aan grootskaalse veronregting van mense. Dit is wat 'n belydenisskrif, wat my betref, eintlik moet wees. Dit behoort jou die waarheid wat op 'n sekere punt in gedrang kom, duideliker te laat raaksien. Die verskillende punte van Belhar, voel dit vir my, het Belhar in die konteks waarin dit tot stand gekom het, 'n helder lig laat skyn. Met ander woorde, op watter punt het die waarheid hier ter sprake gekom – in so 'n mate dat die hart van die Evangelie eintlik op die spel was. Dit is wat 'n belydenisskrif volgens my moet doen. Ek dink die manier waarop die Belhar Belydenis geformuleer is, maak dat dit nie net betekenis het in daardie konteks van apartheid nie, en dat mens ná apartheid nog steeds kan sê: “Die gevaar dat die waarheid van die Evangelie op sekere punte in gedrang kan kom, is 'n blywende gevaar en daarom het ek 'n belydenisskrif nodig om hierdie waarheid helder gefokus te hou.” Net so help die ander drie Formuliere van Eenheid ons om nog steeds in fokus te bly. Belhar kan later weer gebruik word as daar soortgelyke oortredinge kom - al sou dit aan die ander kant van die kleurspektrum wees, bly dit nog steeds ongeregtheid.

JAN: Wat nou van *Kerk en Samelewing*, vervul hierdie dokument nie eintlik daardie funksie nie?

ANDRÉ BARTLETT: Daar is verskillende vlakke – en daarom is dit anders. *Kerk en Samelewing* was van die begin af bedoel gewees as 'n beleidsdokument. Dit is baie uitvoerig geskryf en op baie punte baie veilig geformuleer sodat dit amper meer as 'n studiestuk gediens het, terwyl Belhar baie meer in Belydenis-taal geformuleer is. Dit is baie meer in die vorm van 'n Belydenis waar die waarheid ter sprake kom. Dit spreek die waarheid dat die Evangelie werklik in gedrang gekom het. Dit vra vir 'n belydenis.

JAN: Die groot verskil tussen Belhar en *Kerk en Samelewing* is dalk die *status confessionis*-agtergrond van Belhar. Hoewel die twee dokumente wel in lyn praat, sal baie NGK mense nie probleem hê met *Kerk en Samelewing* nie maar wel soms met Belhar?

ANDRÉ BARTLETT: Baie mense sal sê dat apartheid 'n fout was, maar hulle kom nie regtig tot die punt dat hulle sal sê dat dit 'n dwaling is nie. Apartheid was 'n situasie wat vra vir 'n belydenis. Ek was 'n student in daardie tyd toe Belhar geformuleer is, en ek het besef dat ek self op 'n dwaalspoor was. Ek het self besef my denke is verkeerd – dat ek self nie die nood van mense gesien het nie. In daardie sin het ek in myself 'n soort van 'n *status confessionis* beleef.

JAN: Baie mense se reaksie is: ‘Hierdie is 'n aanval op my en daarom verwerp ek die dokument.’ Sommige jonger mense sê: “Dit is 'n verouderde dokument en dit pla my nie as jy dit in die kerk gebruik nie.”

ANDRÉ BARTLETT: Die feit van die saak is dat bitter min mense totaal onskuldig is. Al het jy nie persoonlik iets gedoen om ander mense direk te veronreg nie, as jy deel is van 'n sisteem wat veronregting in hom ingebou het, as jy deel is van 'n kerk wat daardie sisteem legitimeer, as jy nie protesteer teen daardie sisteem nie, is jy mede-verantwoordelik. Die lidmate van die NG Kerk was die mense wat invloed in die land gehad het. As mens uitvind dat ons politieke bestel 'n onregverdige bestel was, kon die mense nie sê hulle is onskuldig nie.

JAN: Sommige van die VGK mense sê dat Belhar nie net gemik is teen die NG Kerk nie, maar ook teen 'n teologie in hulle eie kerk.

ANDRÉ BARTLETT: Dit is die blywende waarde van Belhar dat hy op 'n manier geformuleer is om in nuwe situasies dieselfde waarheid te kan bevestig. Belhar skryf nie spesifiek oor apartheid nie, die woord “apartheid” word nie eens genoem in die dokument nie. Belhar is in meer universele terme geformuleer. Daar is gepoog om groter beginsels te formuleer.

JAN: Met ander woorde, Belhar is nie net 'n regstelling op die teologiese begroning van apartheid nie, maar ook 'n regstelling op 'n tipe piëtisme?

ANDRÉ BARTLETT: Dit is reg. Jou gereformeerde koninkryksteologie is tog uiteindelik om te sê dat die lig van God se Woord op elke terrein van die lewe val. En op elke terrein van die lewe moet daar tot gehoorsaamheid geroep word. Ons, in die kerk, moet sê dat ons op geen terrein in die lewe moet oortree nie en ons moet op geen terrein toelaat dat daar oortree word, sonder dat dit aangespreek word nie. So in daardie konteks bring Belhar gereformeerde koninkryksteologie weer solied op die tafel.

JAN: Hoe dink u oor die manier waarop Belhar 'n missionêre rol kan speel?

ANDRÉ BARTLETT: Belhar dui daarop dat God in hierdie wêreld nuwe dinge tot stand bring. Die nuutheid het nie net te doen met siele wat gered word nie, die nuutheid het te doen met God se *Shaloom* wat gevestig word. God se *Shaloom* het te doen met geregtigheid en met versoening en dit het te doen met die gestalte van die kerk. In daardie sin is Belhar 'n dokument wat jou help om suiwerder te dink oor Sending. Dit maak vir my sin dat dit 'n meer gesonde grondslag kan wees vir 'n sendingteologie. Dit het dan ook 'n meer belydenis-karakter. Dit help jou om jou teologiese denke suiwerder te fokus.

JAN: Belhar het my weer gehelp om heelwat wyer na sending te kyk. Ek begin eintlik die woord sending te vervang met die woord missie. Mens moet praat van “wat is die missie van die gemeente hier?” Watter verskil maak ons aan die omgewing hier?

ANDRÉ BARTLETT: Die sendingveld het nie Christendom en dan rondom die Christendom 'n sendingveld nie. Die wêreld is 'n sendingveld en die kerk is die gestaltes van die koninkryk oral in die sendingveld. Wat Belhar vir my goed maak is dat hy in 'n nuwe soort wêreld, 'n sosiale visie het vir die kerk, wat sin maak in die tyd waarin ons leef, en wat eintlik dus aanvullend is tot die bestaande belydenisskrifte – en hy doen dit meer in terme van etiese vraagstukke van ons tyd.

JAN: As jy praat van 'n nuwe era. Dis juis in die tagtigs wat jy baie duidelik die skuif sien en dit is waar Bosch vir my baie waarde het. Hy praat van die nuwe ekumeniese missionêre kerk terwyl ander weer praat van die industriële era wat oorgaan na die inligtings-era, waar mense kontak het op 'n gelyke vlak met alle godsdienste en op alle vlakke. Dit is hoe ons ouer belydenisskrifte werk en dit is wat Belhar vir my 'n bietjie anders maak. Wat Belhar miskien moeilik maak vir Afrikanermense is dat dit eintlik op drie slegte tone trap: Die eenheid was nog altyd 'n moeilike beleid, en die versoening - ons het altyd eerder getrek as wat ons versoen het - en dan nou die geregtigheid wat nou uit ons hele geskiedenis kom.

ANDRÉ BARTLETT: Ek verstaan dat belydenisskrifte op tone trap. Dit is waarskynlik wat *Kerk en Samelewing* anders maak. Sy bedoeling was om beleid te verander. Sy bedoeling was nie om in 'n konfessionele sin 'n kwessie aan te spreek nie.

JAN: As u dan nou met 'n gemeente daar in die Noorde van die land, wat worstel met Belhar, moet gaan praat, wat sal u vir hulle sê, waarom behoort hulle Belhar ernstig op te neem?

ANDRÉ BARTLETT: Ek moet eers gaan luister wat hierdie mense sê. Ek moet hoor wat hulle hoor wanneer hulle Belhar lees. Hulle beleef dit dalk dat daar 'n dolk net in hulle rug gesteek word. Maar ek sal vir hulle sê: “Kom ons kyk hoe Belhar geformuleer is.” Dit gaan oor breër beginsels

wat wel ter sprake was toe apartheid gefunksioneer het, maar dit moet ook universeel toegepas word. 'n Ander leemte, dink ek, is dat daar baie NG lidmate is wat met mekaar praat oor Belhar, terwyl ek dink die groot behoefte is dat NG Kerk-mense en VGKSA-mense eerder met mekaar gesprekke het. Dat die NG Kerk-mense vir die VGKSA-mense kan sê: “Wat bedoel julle as julle Belhar hoor?” en dat die VGKSA-mense weer kan sê wat hulle bedoel wanneer hulle oor Belhar praat. Op die oomblik is dit witmense wat met witmense praat. Daar was nog nooit werklik 'n behoorlike gesprek gewees waar daar openlike blootstelling was van beide partye nie. Net só, glo ek, sal ons werklik uitvind wat mekaar se bedoelings is wat ons kan help op die pad vorentoe.

JAN: In terme van wat jy nou sê begin ek elke keer wanneer ek in so 'n onderhoud is, al hoe meer dink dat ek die onderhoude wat ek so voer, op skrif moet stel. Die persoon wat my help om dit op skrif te sit het anders gedink oor Belhar, maar nadat hy hierdie onderhoude op skrif gestel het, het hy 'n totaal ander insig gekry.

ANDRÉ BARTLETT: Jy sê nou vir my wat sal ek vir die mense in die Noorde sê. Ek sal vir hulle sê: “Dit is belangrik dat julle julle gesprek onder mekaar voer, maar dink julle nie dit sal goed wees as ons nie net die gesprek met mekaar voer nie, as mense wat min of meer uit dieselfde kring kom nie, kom ons bring 'n paar ouens in van die VGKSA om saam met ons te gesels as gespreksgenote - nie om vir ons te kom sê hoe dit is nie, maar om saam met ons te kom gesels.” Daardie soort oop gesprek is nodig en ons is nie baie goed daarmee nie. Dit is 'n ideaal wat ek nog altyd het dat ons op verskillende vlakke, nader aan grondvlak, hierdie soort gespreksgroepe aan die gang moet kry. Waar mense met mekaar praat oor die hele kwessie van kerk-hereniging, hoe verstaan ons versoening, hoe verstaan ons die sosiale geregtigheid-rol van die kerk. Belhar is, dink ek, 'n goeie dokument om op die tafel te sit.

JAN: Ek het ook 'n vermoede dat daar minstens twee vlakke is waarop mense daarna kyk. Die een is half 'n “statement”-vlak, die ander is om werklik te kyk wat is die inhoud en om te verstaan wat Belhar sê. Baie mense voel die VGK het 'n “statement” gemaak deur Belhar op te stel en ons maak 'n “statement” deur dit te verwerp. Ek dink as ons begin begrip toon in die NG Kerk-familie, kan daar dalk selfs 'n nuwe dokument opgestel word, of Belhar kan 'n bietjie aangepas word - maar dit kan net gebeur as ons saam gesels.

JAN: Hoe sou mens mense motiveer om in gesprekke te gaan? Waarom sal ons nie kan sê: “Belhar is nie Bybels nie, los hom?” Hoekom wil ons gesels? Het dit te make met die konteks van die hereniging om te sê ons erken mekaar as gelowiges?

ANDRÉ BARTLETT: Ons kan nie vir die wêreld sê dat God die antwoord is en dat God dit moontlik kan maak om konflik tussen mense te transendeer, terwyl ons dit nie in ons eie kerklike gestalte kan regkry nie. Dan sê ons eintlik ons glo nie wat ons sê nie. As jou werke nie wys dat jy



glo wat jy sê nie, dan werp dit 'n refleksie op jou geloof. As ons sê: “Christus is ons vrede,” maar ons kry dit nie reg om vrede te maak in ons kerkfamilie nie, dan sê ons eintlik dit is maar leë woorde om te sê: “Christus is ons vrede.” Dit is wat vir my ook op die spel is in die kerk-hereniging kwessie - of ons werklik glo dat Christus mense, wat uit verskillende agtergronde kom, tot een nuwe mensheid kan verenig. Of ons dan werklik kan sê saam met Paulus: “Christus is ons vrede.”

### **Opmerkings uit die onderhoud met dr. André Bartlett:**

- | Die NG Gemeente Aasvoëlkop het in die tydperk ná 1994 die Belhar Belydenis bespreek en besluit dat dit nie 'n struikelblok vir kerk-hereniging moet wees nie. Daar was twee groepe mense in hierdie gemeente: persone wat baie sterk positief gevoel het oor die Belhar Belydenis, en persone wat gevoel het dat dit nie 'n struikelblok moet wees nie.
- | Die konteks van die NG Gemeente Aasvoëlkop speel moontlik 'n groot rol in die gemeente se benadering tot die Belhar Belydenis. Aan die een kant is dit mense wat in die korporatiewe wêreld gewoond is aan samewerking oor rasse-grense heen. Aan die ander kant is hierdie mense nie gewoond aan 'n saak wat lank sloer nie. Hulle kom vanuit 'n konteks waar daar dikwels akkomoderend gewerk moet word sodat 'n saak afgehandel kan word.
- | Nouer samewerking met die VGKSA in hul omgewing, lê nog in die toekoms van die Aasvoëlkop gemeente.
- | Vir dr. Bartlett lê die waarde van die Belhar Belydenis juis daarin dat dit 'n regstelling bring op punte waar waarhede van die Evangelie in gedrang gekom het. Dit het dus nie net gegaan oor 'n fout wat begaan is nie, maar oor 'n standpunt wat prinispiëel verkeerd is.
- | 'n Groot verskil tussen Belhar en Kerk en Samelewing, is dat laasgenoemde 'n beleidsdokument is, terwyl eersgenoemde gaan ook die belydenis van geloof.
- | Baie mense sal erken dat apartheid 'n fout was, maar nie dat dit 'n dwaling is nie. Die waarde van die Belhar Belydenis is dat dit hierdie dwaling in geloof uitwys.
- | Niemand wat deel was van die sisteem van apartheid kan sê dat hulle eintlik onskuldig was nie. Die sisteem het mense verontreg, en die mense wat daardie sisteem in stand gehou het, was mede-verantwoordelik daarvoor.
- | Die blywende waarde van Belhar is dat dit geformuleer is om ook in nuwe situasies dieselfde waarheid te bevestig.
- | Vanuit 'n koninkryksteologie sê die kerk dat daar op geen terrein in die lewe oortree moet word nie en dat daar op geen terrein oortreding toegelaat moet word, sonder dat dit aangespreek word nie. In daardie konteks bring Belhar gereformeerde koninkryksteologie weer solied op die tafel.
- | Belhar het, in 'n nuwe soort wêreld, 'n sosiale visie vir die kerk. Dit maak sin in die tyd waarin ons leef, en daarom is dit aanvullend tot die bestaande belydenisskrifte
- | Gesprekvoering tussen mense van die NG Kerk en mense van die VGKSA is nodig, en die Belhar Belydenis kan daarmee help.

- I Die NG Kerk kan nie Christus se versoening verkondig, as ons nie bereid is om dit in die familie van NG Kerke te beoefen nie. Hier gaan dit weereens om die geloofwaardigheid van die Kerk se boodskap.

### **7.16. ONDERHOUD MET REGGIE NEL 17 SEPTEMBER 2007**

Hierdie onderhoud is gevoer met ds. Reggie W Nel op 17 September 2007. Dominee Nel is senior lektor aan die Universiteit van Suid-Afrika (UNISA) en gee klas in onderwerpe soos: Gemeenskapsontwikkeling, Jeugwerk en Christen Aksie vir Rekonsiliasie (Versoening). Hy is ook predikant van die Riverlea VGKSA Gemeente. 'n Onderhoud is met ds. Reggie Nel gevoer, hoofsaaklik op grond van sy betrokkenheid by die VCSV en sy kontak met die jeug in die VGKSA.

#### **ONDERHOUD**

JAN: Wat is jou belewenis op pad met die Belhar Belydenis? Is dit enigsins 'n dokument wat relevant is vir die jongmens? Miskien vanaf 1986 tot nou toe, of het daar enige verskuiwings plaasgevind?

REGGIE NEL: Dit is miskien ook belangrik om dit te neem van waar mens bewus geraak het van die Belhar Belydenis. Ek het in 'n pastorie-huis grootgeword en die Belydenis was maar altyd deel van ons huisgesprekke. Ons moes Belhar met mekaar bespreek in die gemeente waar ons was op Stellenbosch (dit was toe eers die konsep-belydenis). Daardie tyd was ek baie betrokke by die jeugbediening in ons kerk, by die Christen Jeug Vereniging (CJV). Hierdie beweging was ook op daardie tyd baie betrokke by baie van die gesprekke. Ons kon met die predikante "engage". Die CJV het ook gefunksioneer binne die breër konteks van die "Congress Movement"<sup>2</sup>. Binne die jeug het ons baie gedebatteer oor die Belhar Belydenis. Die hele gesprek rondom ons rol as Christene in Suid-Afrika, in die breë publieke sfeer, was binne die konteks van: "Wat sê die konsep Belydenis vir ons as jongmense vir die 'issues' van vandag?" So, daar was die twee vlakke waar ons daarvoor kon praat – by ons huis en by die Jeug Aksie.

My pa as dominee, was van 'n ouer, ander generasie. My pa was van 'n baie sterk evangeliese spiritualiteit – wat eg was. Ons was maar almal sterk daardeur beïnvloed. Nie net ons as kinders nie, maar ook die gemeentes waar hy bedien het. Tot op daardie stadium was dit maar die hoofstroom binne die Sendingkerk. Wat toe nou gebeur het met die denke in die Sendingkerk in die laat sewentigs, en dan nou met die draai van die dekade in die tagtigs, het die Sendingkerk ook baie meer bewus geraak van ons verantwoordelikheid hier by ons. Belhar het natuurlik 'n bepalende rol gespeel om dit teologies te verwoord. 'n Mens kan amper sê dit was 'n ander

---

<sup>2</sup> 'n Politieke beweging.

bekering wat binne die kerk plaasgevind het. Daar was ook 'n tipe van 'n afskeid van die spiritualiteit en teologie wat vir baie van ons mense in die Sendingkerk ook belangrik was. Dit is nie dat ons dit heeltemal wou prysgee nie, maar ons het besef dit is nie al wat daar is nie. Ons het besef daar is 'n breër rol en 'n breër verantwoordelikheid wat ons kerk te speel het.

JAN: As 'n mens nou sê dat daar 'n beweging plaasgevind het vanaf 'n evangeliese piëtistiese klem, in watter rigting het die verskuiwing plaasgevind?

REGGIE NEL: In die tagtigs was die kwessie nie spesifiek die sosio-ekonomiese goed nie. Ek dink dit was meer die rasse-kwessies: apartheid en die feit dat die kerk op grond van rasse-gronde geskei is. Ons kom nie by mekaar uit nie, en ons is nie een kerk nie. Op die voorgrond, op daardie stadium, was meer die sake rondom politieke uitsluiting en rasseverhoudings en die feit dat ons mense hulself polities eintlik buite die parlement moes vind. Uiteindelik was die droom van die "struggle" dat, as die politieke goed in plek kom, dan sou die ekonomiese transformasie as volgende fase ook gebeur.

Die skuif was meer vanaf 'n vroomheids-tipe af, wat meer gesteld was op die individuele, die persoonlike aard van sonde, na die begrip dat sonde ook sosiale sake insluit, ook strukturele sonde en ongeregtheid insluit. Die persoonlike sondebef is ook 'n belangrike element, wat baie goed in ons bestaande belydenisskrifte omskryf word – daar was net 'n behoefte dat die breër sake ook verwoord moet word: hoe ons ons geloof op daardie punt (en nou) verstaan.

JAN: As jy nou iets kan onthou – toe julle (jy en die mense rondom jou) die Belhar Belydenis vir die eerste keer onder oë gekry het – hoe het julle dit beleef en ervaar?

REGGIE NEL: Die een ding wat jy moet verstaan is dat ons dit van die een kant af nie beleef het as die Woord van die Here nie. Aan die een kant het die mense gevoel dit wat ons ál die jare gehad het, dit is mos die Evangelie soos ons dit van die Here ontvang het. So, daar was ook daardie skok-reaksie. Dit was die een kant. Aan die ander kant was daar ook daardie ervaring dat dit die goed is wat ons, as ons buitekant tussen mense is, kan verkondig.

Kom ek deel 'n staaltjie. Ek is baie mal oor sport en dan gaan ek een aand in Stellenbosch, na die Coetzenburg atletiek stadion toe, en dan word ek as kleurling daar weggejaag. Jy voel dan: "As Christelike land en as Christene, hoe werk dit dan?" Jy weet, as jy daardie absolute vernedering beleef en gesmaak het, dan is daar iets wat daarin moet lees dat die Here nie net in my siel besorg is nie, Hy is ook die Een wat ernstig is oor daardie dinge wat daar buite gebeur. Dan het jy eintlik daardie tipe van "wow"-ervaring, 'n bevestiging van jou waardigheid. Jy hoef nie skaam te wees as Christen om so te voel en te vra: "Is daar nie iets beter as dit nie?" Dan kom Belhar met idees, en later ook die Kairos dokument en jongmense sê: "Ons sal iets drasties moet doen, want dinge

verander dan nie.” En dan kom ‘n dokument wat vanuit die Skrif praat, en wys vir ons areas uit die Skrif wat ons nie voorheen raakgelees het nie – en jy voel voëlvry. Dit is wêreld wat vir jou oopgaan.

JAN: Sou ek kon sê dat ‘n groot deel van die positiewe van Belhar is dat dit ‘n bevestiging van jou menswees beteken?

REGGIE NEL: Definitief ja. Ja, daar is verskille, ons het nie almal dieselfde agtergrond nie. Dit is nie ‘n skandvlek nie. Ons as kleurlinge het die hele ding van Gam se nageslag, jou herkoms – die ou slawepraktyke – en jy loop half kollektief met daardie goed rond. Dan sê Belhar: “Ja, daar is verskille, maar dit is ter verryking van die Liggaam van Christus.” Dit is ‘n bevestiging van jou waardigheid as mens, maar ook van die feit dat ons anders en verskillend mag wees.

JAN: So daar is iets van ‘n geskiedenis waar die mense voel dat die “kleurling” amper ‘n “outcast” is, en dat hy niks daaraan kan doen nie. Belhar sê egter: Daar is meer, dit hoef nie so te wees nie.

REGGIE NEL: Ek lees dit nou vanuit my ervaring as kleurling, ‘n ander persoon lees Belhar en vind haarself of homself ook in die dokument as iemand anders wat dalk ook daardie soort van uitsluiting ervaar. Van my kant af, was dit my belewenis.

### **Opmerkings uit die onderhoud met ds. Reggie Nel:**

- | In die jare tagtig is baie gesprek oor die (konsep) Belhar Belydenis gevoer. Dit is op verskeie vlakke gevoer: in gemeentes, in Jeug-aksies en ook in sommige huise.
- | In die NGSK het ‘n verskuiwing in spiritualiteit plaasgevind: vanaf ‘n vroomheids-tipe af, wat meer gesteld was op die individuele, die persoonlike aard van sonde, na die begrip dat sonde ook sosiale sake insluit, ook strukturele sonde en ongeregtheid insluit.
- | Binne ‘n persoonlike belewenis van vernedering as gevolg van die rasse-beleid in Suid-Afrika destyds, het die Belhar Belydenis vir mense ‘n bevestiging van hul menswaardigheid beteken. Dit is veral waar in terme van die mense wat voorheen as “kleurling” beskou is. Hierdie mense het nog konnotasies gehad van ‘n “Gam-geslag” of die historiese slawe-praktyke.

### **7.17. Samevattende opmerkings**

In hierdie Hoofstuk is die kwalitatiewe onderhoude wat gevoer is woordeliks weergegee. Aan die einde van elke onderhoud is ‘n kort samevatting gegee van die kern-elemente van die betrokke onderhoud. In die Hoofstuk 6 word hierdie kern-elemente saamgegroepeer in die vorm van ‘n verwysingsbron.

Die belangrike bydrae van hierdie hoofstuk is om 'n paar voorbeelde van die wye reeks "stories" oor die Belhar Belydenis, en spesifiek die missionêre waarde daarvan, te reflekteer. Die doel is dat diegene wat hierdie onderhoude lees, aangespoor sal word om gesprekke tussen die verskillende lede van die NG Kerk-familie op grondvlak te inisiëer, aan te moedig, te fasiliteer en uit te bou. Hierdie onderhoude kan ook as motivering dien vir sulke gesprekke, aangesien hier reeds 'n wye verskeidenheid van sienswyses na vore kom. In realiteit behoort sulke gemeentelike gesprekke 'n nog groter variasie van denke na vore te bring. Dít is juis die bedoeling van interkerklike gesprek: dat die eenheid opgebou word, en gedien word, deur 'n sinvolle aanwending van die verskeidenheid.

Sulke interkerklike gesprekke kan, op sigself, 'n belangrike bydrae lewer tot die verstaan en uitleef van die NG Kerk-familie se missie in die Suid-Afrikaanse samelewing. As daar gekyk word na die *Gospel in our Culture Network* (GOCN) se drie doelwitte, naamlik kulturele analise, teologiese refleksie en ekklesiologiese gesprekvoering (sien punt 4.1), is gesprekvoering in NG Kerk-familie 'n uiters belangrike komponent vir die missionêre aard en taak van hierdie kerk. Die Belhar Belydenis het 'n belangrike rol te speel in hierdie tipe gesprekke.